NOORDWES-UNIVERSITEIT – Potchefstroomkampus, Fakulteit Teologie

Verhandeling ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die MA-graad in Teologie (Dogmatiek)

**Titel:** Die Skrifbeskouing van Sakkie Spangenberg: 'n Dogmatiese studie

**Student:** Mnr. S. Smith

**Studentenommer:** 22051228-2009

**Graad:** MA

**Vakrigting:** Dogmatiek

**Departement:** Dogmatologie

**Fakulteit:** Teologie

**Studieleier:** Prof. C.F.C. Coetzee

Die Skrifbeskouing van Sakkie Spangenberg: ʼn Dogmatiese studie

Sleutelwoorde: Spangenberg, Sakkie; Eksegese; Skrifbeskouing; Dogmatiek; Nuwe Hervorming
Keywords: Spangenberg, Sakkie; Exegesis; Scripture Interpretation; Dogmatics; New Reformation

Opsomming

Hierdie studie ondersoek die geldigheid en versoenbaarheid van Sakkie Spangenberg se Skrifbeskouing aan die hand van die Gereformeerde Dogmatiek. Spangenberg bevraagteken die kernwaarhede van die geloof, naamlik Jesus se hellevaart, opstanding, hemelvaart, Drie-eenheid en sondeval, om maar 'n paar voorbeelde te noem. Daar word spesifiek gekonsentreer op die vraag "Hoe vergelyk die Skrifbeskouing van Spangenberg met die tradisionele Reformatoriese standpunt?".

Navorsing geskied by wyse van literatuurstudie en die hulp van rekenaargesteunde databasissoektogte, argiefmateriaal van koerante en tydskrifte, sowel as vroeëre publikasies van Spangenberg.

Verskeie faktore wat aanleiding gegee het tot Spangenberg se Skrifbeskouing, sowel as grondliggende beginsels daarvan, word ondersoek. Die konsekwensies van Spangenberg se Skrifbeskouing ten opsigte van tradisionele dogmas word ook bepaal.

As 'n tweede been van die studie word die geldigheid van die Gereformeerde Skrifbeskouing in 'n postmoderne era ondersoek. Die gevolgtrekking word gevorm dat die gesag van die Gereformeerde leerstellings gesetel is in die gesag van God se Woord en dus ook geldig is in 'n postmoderne samelewing. Navorsing het getoon dat daar verskeie ooreenkomste bestaan tussen die Skrifbeskouing van Spangenberg en die postmodernistiese Skrifbeskouing. Alvorens evaluasie van Spangenberg se Skrifbeskouing geskied, word daar ook gepoog om 'n juiste definiëring van Spangenberg se Skrifbeskouing te formuleer. Die vernaamste verskille tussen die Gereformeerde Skrifbeskouing en dié van Spangenberg word ook uitgelig.

'n Konklusie word gevorm dat die Skrifbeskouing van Spangenberg onversoenbaar is met die Gereformeerde Skrifbeskouing. ʼn Verdere konklusie is dat die Skrifbeskouing van Spangenberg beide die gesag van God se Woord, sowel as die heil wat Christus bewerk het, bevraagteken.

Abstract

This study examines the validity and reconcilability of the Scriptural view of Sakkie Spangenberg with regard to Reformed Dogmatics. Spangenberg questions the fundamental truths of Christianity, including the descent of Jesus to hell, his resurrection, ascension, the doctrine on the Trinity and the fall of man. The focus of this study will answer the question: "How does the Scriptural view of Spangenberg compare to the traditional Reformed point of view"?

The research will start with a comprehensive literature study, aided by computer assisted database searches, archives of newspapers and journals, as well as earlier publications of Spangenberg.

Various factors that gave rise to the Scriptural view of Spangenberg, as well as the fundamental principles thereof, will be examined. The consequences of the Scriptural view of Spangenberg regarding the traditional doctrines are also determined.

As a second leg of the study, the validity of the Reformed Scriptural view in a postmodern era is also examined. A conclusion is formed that the authority of the Reformed doctrines are set in the authority of the Word of God and is therefore also valid in a postmodern society. Research also indicated that there are various similarities between the Scriptural view of Spangenberg and the Scriptural view of the postmodernists. Before an evaluation of the Scriptural view of Spangenberg can be performed, an attempt is also made to provide a pure definition and formulation of the Scriptural view of Spangenberg. The paramount differences between the Reformed view of Scripture and that of Spangenberg are also indicated.

A conclusion is formed that the view of Scripture of Spangenberg is not reconcilable with the Reformed view. It is also indicated that the view of Scripture of Spangenberg questions both the authority of the Word of God, as well as the salvation that Christ brought to the world.

Inhoudsopgawe


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| | | |
| Titelblad | | i |
| Inhoudsopgawe | | iii |
| Hoofstuk 1 | Oorsig oor die veld van navorsing | 1 |
| 1.1 | Oriëntering en probleemstelling | 1 |
| 1.2 | Sentrale navorsingsvraag | 3 |
| 1.3 | Doelstellings en doelwitte | 3 |
| 1.3.1<br>1.3.2 | Doelstellings<br>Doelwitte | 3<br>3 |
| 1.4 | Sentrale teoretiese argument | 4 |
| 1.5 | Metodologie | 4 |
| 1.6 | Voorlopige hoofstukindeling | 5 |
| 1.7 | Skematiese voorstelling van korrelasie tussen 1.6.3, 1.6.4 en 1.6.6. | 5 |
| | | |
| Hoofstuk 2 | Spangenberg se Skrifbeskouing | 8 |
| 2.1 | Inleiding en agtergrond | 8 |
| 2.1.1 | Inleidende opmerking | 8 |
| 2.1.2 | Biografiese agtergrond van Sakkie Spangenberg | 8 |
| 2.1.3 | Faktore wat aanleiding gegee het tot Spangenberg se Skrifbeskouing en ander relevante teologiese standpunte | 9 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.1.3.1<br><br>2.1.3.2 | Tweede Wêreldoorlog<br><br>Die beleid van apartheid | 10<br><br>10 |
| 2.2 | Grondliggende beginsels van Spangenberg se Skrifbeskouing | 12 |
| 2.2.1 | Inleidende opmerkings | 12 |
| 2.2.2 | Die Skrifbeskouing van Spangenberg | 13 |
| 2.2.3 | Is die Bybel letterlik "God se Woord"? | 17 |
| 2.2.4 | Ooreenkomste tussen die Skrifbeskouing van Spangenberg en die postmodernistiese Skrifbeskouing | 18 |
| 2.2.5 | Tipiese illustrasies van Spangenberg se Skrifbeskouing | 20 |
| 2.2.5.1<br><br>2.2.5.2 | 2 Tim 3:16<br><br>Die boek Jona | 20<br><br>21 |
| 2.3 | Die konsekwensies van Spangenberg se Skrifbeskouing | 24 |
| 2.3.1 | Die geboorteverhaal van die historiese Jesus (Spangenberg, 2004a:1-2) | 24 |
| 2.3.2 | Die maagdelike geboorte van Jesus | 25 |
| 2.3.3 | Was Jesus ŉ buite-egtelike kind? | 27 |
| 2.3.4 | Jesus se hellevaart en opstanding | 28 |
| 2.3.5 | Die dogma oor die kruisdood van Jesus | 34 |
| 2.3.6 | Die hemelvaart en wederkoms | 38 |
| 2.3.7 | Die dogma van erfsonde | 39 |
| 2.3.8 | Die tradisionele Christelike mensbeskouing | 42 |
| 2.3.9 | Die Drie-eenheid in ŉ ander baadjie | 48 |
| 2.3.10 | Kosmologie, geologie en teologie | 54 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.3.11 | Evolusie (Charles Darwin en die Christelike geloof 1809-2009) | 55 |
| 2.4 | Vernaamste bevindinge oor Spangenberg se Skrifbeskouing | 58 |
| 2.4.1 | Die Bybel is ŉ gewoon menslike boek en feilbaar | 58 |
| 2.4.2 | Waarheid is nie absoluut en altyd geldend nie | 59 |
| 2.4.3 | Wetenskaplike bewyse is belangriker as God se Woord | 60 |
| 2.4.4 | Alle openbarings is onderworpe aan die indiwidu se taal en kultuur | 61 |
| 2.5 | Samevatting | 62 |
| | | |
| Hoofstuk 3 | Die geldigheid van Gereformeerde teologie in ŉ postmoderne era | 64 |
| 3.1 | Die Gereformeerde Skrifbeskouing | 64 |
| 3.1.1 | Belangrikste elemente van God se Woord | 64 |
| 3.1.1.1<br>3.1.1.2<br>3.1.1.3<br>3.1.1.4 | Die Bybel as God se geskrewe Woord<br>Die Bybel is ewig en altyd-geldend<br>Die Bybel is deur die Heilige Gees geïnspireer<br>Die Bybel het tydgerig ontstaan, maar is nie tydgebonde nie | 64<br>66<br>69<br>69 |
| 3.1.2 | Eienskappe van die Bybel | 70 |
| 3.1.2.1.<br>3.1.2.2.<br>3.1.2.3.<br>3.1.2.4. | Die gesag van God se Woord<br>Die betroubaarheid van God se Woord<br>Die genoegsaamheid van God se Woord<br>Die duidelikheid van God se Woord | 70<br>71<br>72<br>72 |
| 3.2 | Postmodernisme | 74 |
| 3.2.1 | Inleiding | 74 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.2.2 | Postmodernisme in perspektief | 75 |
| 3.2.3 | Die drie hooftydperke | 77 |
| 3.2.3.1. | Inleiding | 77 |
| a)<br><br>b)<br><br>c) | Premodernisme<br><br>Modernisme<br><br>Postmodernisme | 77<br><br>78<br><br>81 |
| 3.3 | Die versoenbaarheid van postmodernisme met Gereformeerde leerstellings | 85 |
| 3.3.1 | Die filosofiese onderbou van postmodernisme | 85 |
| 3.3.2 | Tabel ter illustrasie van positiewe en negatiewe eienskappe wat teenwoordig is in die postmodernistiese onderbou (Van Zyl, 2008:10) | 89 |
| 3.3.3 | Moontlike kritiek teen die postmodernistiese siening | 90 |
| 3.3.4. | Bestaan daar werklik iets soos waarheid? | 92 |
| 3.3.5 | Postmodernisme is onversoenbaar met tradisionele leerstellings | 94 |
| 3.3.6 | Gevolgtrekking | 96 |
| 3.4 | Tradisionele leerstellings steeds geldig in ’n postmoderne era | 97 |
| 3.4.1 | Die waarheid en onveranderlikheid van God se Woord | 97 |
| 3.4.2 | Tekste wat daarop dui dat tradisionele leerstellings steeds behoort te geld in ’n postmoderne era | 98 |
| 3.4.3 | Tradisionele leerstellings in die lig van postmodernisme | 100 |
| 3.4.4 | Volgens Du Toit & Spangenberg (2002:1141-1143) het belydenisskrifte die volgende plek en funksie in die lig van postmodernisme | 101 |
| 3.4.5 | Gevolgtrekking ten opsigte van die geldigheid van tradisionele leerstellings in ’n postmoderne era | 103 |

| | | |
|---|---|---|
| Hoofstuk 4 | Evaluasie van Spangenberg se Skrifbeskouing vanuit die Gereformeerde dogmatiek | 105 |
| 4.1 | Evaluasie van Spangenberg se Skrifbeskouing | 105 |
| 4.1.1 | Inleiding | 105 |
| 4.1.2 | Hooftrekke van Spangenberg se Skrifbeskouing | 105 |
| 4.1.3 | Definiëring van Spangenberg se Skrifbeskouing | 107 |
| 4.1.4 | Doubell (2004:44) se opmerkings oor Spangenberg se Skrifbeskouing | 107 |
| 4.1.5 | Coetzee (1996:3-4) se uitsprake oor Spangenberg se Skrifbeskouing | 109 |
| 4.1.6 | Vernaamste verskille tussen die Skrifbeskouing van Spangenberg en die Gereformeerde Skrifbeskouing | 110 |
| 4.1.7 | Evaluasie van Spangenberg se Skrifbeskouing vanuit Gereformeerde dogmatiek | 117 |
| 4.1.8 | Gevolgtrekking | 119 |
| Hoofstuk 5 | Samevatting en gevolgtrekking | 121 |
| 5.1 | Samevatting | 121 |
| 5.1.1 | Samevatting en opsomming | 121 |
| 5.2 | Gevolgtrekking | 122 |
| 5.2.1 | Gevolgtrekking | 122 |
| 5.2.2 | Finale konklusies ten opsigte van Spangenberg se Skrifbeskoulike vertrekpunte | 124 |
| 5.3 | Moontlike verdere velde van navorsing | 126 |
| 5.3.1 | Die hart van die evangelie "Jesus Christus" | 126 |
| 5.3.2 | Evaluering van die Nuwe Hervorming Netwerk se standpunte | 126 |
| 5.3.3 | Wat is die effek wat die Nuwe Hervorming Netwerk se standpunte op bestaande, konfessionele Gereformeerde lidmate? | 127 |

| | | |
|---|---|---|
| Bibliografie | | 128 |

# Hoofstuk 1

## Oorsig oor die veld van navorsing

### 1.1 Oriëntering en Probleemstelling

Die media het sedert die laat-negentigerjare verskeie omstrede standpunte van prof Izak Spangenberg, teoloog van UNISA, gepubliseer. Spangenberg (2005c:1) plaas onder andere 'n vraagteken agter die kernwaarhede van die evangelie, naamlik Jesus se hellevaart en opstanding, die sondeval, maagdelike geboorte, hemelvaart en kruisdood. 'n Literatuurstudie van Spangenberg (2009c:5-371) se mees onlangse publikasies toon dat hy selfs die kern van die evangelie, naamlik die verlossingwerk van Jesus Christus, bevraagteken. Spangenberg (2005c:1) beweer dat sy oortuigings gegrond word op die Bybel as vertrekpunt en nie op kerklike dogma nie. Spangenberg (2009c:9-29) vertel ook hoe hy sy kinderskoene ontgroei het en in die proses afskeid geneem het van die Kinderbybel, Sondagskool en ŉ katkisasieperspektief op Jesus. Baie van Spangenberg se idees vind hulle oorsprong by die sogenaamde "Jesus-Seminaar" wat in die VSA gebaseer is (Viljoen, 2005:18). Volgens Spangenberg strook die Bybel as basisdokument van die Christelike geloof nie met die belydenisse van die kerk nie (Jackson, 2004:5). Die opmerklike is egter dat Spangenberg homself steeds as 'n Christen bestempel ten spyte van bogenoemde verklarings. Spangenberg maak die volgende stelling in die Kerkbode van 11 Julie 2004: "Ek vereenselwig my nog altyd met die Jesus van Nasaret en bly 'n Christen" (Spangenberg, 2004f). Navorsing het getoon dat hierdie "Jesus van Nasaret" waarna Spangenberg verwys, beslis 'n verskraalde beeld van die ware Jesus Christus verteenwoordig (Van Wyk, 2010:10).

Spangenberg[1] is lid van die uitvoerende komitee van die Nuwe Hervorming Netwerk wat gestig is in 2004. Op die webwerf www.nuwehervorming.org.za voer hulle aan dat een van die redes vir die stigting van die Nuwe Hervorming was om diegene wat ontuis geraak het in die Christelike Kerke ŉ nuwe tuiste te bied. Volgens Viljoen (2005:18) verwys die term "Hervorming" terug na die sestiende eeu waar dit juis gegaan het oor die terugkeer na Bybelse beginsels. Die Nuwe Hervormers, aan die ander kant, beweeg weg van die Bybelse beginsels en bevraagteken dus sodoende die steunpilaar van die Christelike geloof. Sedert 2005 het die Nuwe Hervormers Christelike belydenisse en leerstellings ondersoek en onder andere gefokus op hulle oorsprong en op die redes waarom dit nie as ewige waarhede beskou kan word nie. Van der Merwe, lid van die uitvoerende komitee van die Nuwe Hervormers, het hierdie proses vergelyk met die afskil van ŉ ui.

[1] Vanweë Spangenberg se betrokkenheid by die Nuwe Hervormingsnetwerk kan aanvaar word dat hy hom vereenselwig met hulle standpunte.

Die leerstellings is een vir een onder die vergrootglas geplaas om duidelikheid te kry oor hulle oorsprong en of dit nog geldig is vir ŉ postmoderne era[2]. Na sowat agtien maande se "afskil", soos Van der Merwe daarna verwys, het die Nuwe Hervormers hulle die vraag begin afvra "wat bly nou eindelik oor?" (Van der Merwe, 2005).

Die Nuwe Hervormers was gekonfronteer met die vraag "sit ons nou met ŉ hand vol skille of het daar ŉ kern oorgebly?" Hulle uiteindelike bevinding was lynreg in kontras met die tradisionele reformatoriese standpunt, want hulle vraag was nou: "Wat kom in die plek van belydenisse en leerstellings as dit uiteindelik geweeg en te lig bevind is?" (Van der Merwe, 2005). Dus het die sogenaamde "Nuwe verhaal" begin. Dit is interessant dat die vertrekpunt nie die oortuiging van ŉ nuwe leerstelling was nie, maar die dekonstruksie van die van ŉ ander, met spesifieke verwysing na die tradisioneel Gereformeerde leerstellings. Dit skep amper die idee dat die Nuwe Hervormers ŉ aanval geloods het op Gereformeerde teologie eerder as om op te tree vanuit persoonlike geloofsoortuiging.

Spangenberg (2003:20) motiveer sy bevindinge deur die feit dat die wêreld soos ons dit vandag ken aansienlik groter en meer kompleks is as wat jare gelede die geval was. Kennis is aan die toeneem en hierdie nuwe kennis dwing mense om te herbesin oor standpunte, teologieë, lewenswyses, beleidsrigtings en dies meer.

Spangenberg maan dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) se leiers, sowel as die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) se leiers, moet besef dat alle dokumente van die Christelike tradisie menslike dokumente is en dat dit die vingermerke van hul tyd en skrywers dra en dus nie noodwendig ewige waarhede kommunikeer nie (Spangenberg, 2008:3).

Baie van die Gereformeerde leerstellings het hulle oorsprong gevind by onder andere Hieronimus (342-420), Ambrosius (339-397) en Augustinus (354-430). Spangenberg beweer ook dat ŉ intensiewe studie van die Ou Testament die afgelope vier jaar getoon het dat hierdie meesterverhaal van die Latynse Kerkvaders nie meer voorgehou kan word as ŉ verkorte weergawe van die Bybel nie. Daarbenewens verwys Spangenberg (2004e:1) ook nie na die Bybel as die Woord van God nie. Die Bybel is vir hom bloot menslike getuienisse en vertellinge oor God. Die Bybel is dus eerder woorde oor God as wat dit God se Woord is (vgl. Spangenberg, 1998:28).

Uit bogenoemde blyk dit dat Spangenberg se argumente die wortels van die Gereformeerde teologie in twyfel trek.

---

[2] Spangenberg (2009c:38) beweer soos die Nuwe Hervormers dat Gereformeerde belydenisse nie meer geldig is in ŉ postmoderne era nie. Voorts ontstaan daar ook die noodsaaklikheid om die geldigheid van Gereformeerde belydenisse binne die konteks van ŉ postmoderne samelewing te ondersoek.

ʼn Literatuurstudie het getoon dat daar baie onbeantwoorde vrae gevra word oor die Nuwe Hervorming se invloed op tradisioneel Gereformeerde gelowiges. Dit is algemeen aanvaarbaar vir gelowiges om van tyd tot tyd te worstel met persoonlike geloofskwessies. Die gevaar sluip in wanneer hierdie worsteling omskakel in ʼn bevraagtekening van fundamentele Bybelse waarhede. Die vraag is egter tot watter mate kan buite-Bybelse gebeurtenisse ʼn gelowige se Skrifbeskouing beïnvloed? Soos hierdie studie aantoon, is dit duidelik dat verskeie buite-Bybelse gebeure wel ʼn invloed gehad het op Spangenberg se Skrifbeskouing.

Die navorsing wat hier aangebied word, ondersoek die geldigheid van Sakkie Spangenberg se argumente vanuit die Gereformeerde dogmatiek en konfessies met spesifieke verwysing na sy Skrifbeskouing. Ten spyte van landwye kritiek en kommentaar van verskeie teoloë en predikante vanuit Gereformeerde agtergronde, het ʼn rekenaargesteunde literatuurstudie getoon dat daar steeds ʼn leemte bestaan ten opsigte van die evaluering van die suiwerheid van Spangenberg se leerstellings (Human, 2003:272). Tesame hiermee word daar ook gekyk na die ooreenkomste van Spangenberg se Skrifbeskouing en dié van die postmoderne Skrifbeskouing. Sover relevant sal die Gereformeerde Skrifbeskouing ook aan die orde gestel word met spesifieke klem op die geldigheid daarvan binne die konteks van ʼn postmoderne era.

### 1.2 Sentrale Navorsingsvraag

Hoe vergelyk die Skrifbeskouing van Sakkie Spangenberg met die tradisionele Reformatoriese standpunt?

### 1.3 Doelstellings en doelwitte

#### 1.3.1 Doelstellings

Die doel van hierdie studie is om die geldigheid van Sakkie Spangenberg se Skrifbeskouing in 'n postmoderne era te ondersoek en krities te evalueer aan die hand van die Gereformeerde dogmatiek en Gereformeerde belydenisskrifte.

#### 1.3.2 Doelwitte

1.3.2.1 Om Sakkie Spangenberg se Skrifbeskouing te ondersoek en te beoordeel.

1.3.2.2 Om die geldigheid van die konfessionele Gereformeerde Skrifbeskouing te ondersoek binne die konteks van 'n postmoderne era.

1.3.2.3 Om die basiese verskille tussen Gereformeerde teologie en die Skrifbeskouing van Sakkie Spangenberg vas te stel en te beoordeel.

1.3.2.4 Om Spangenberg se Skrifbeskouing vanuit die Gereformeerde dogmatiek te evalueer.

## 1.4 Sentrale teoretiese argument

Die Skrifbeskouing van Sakkie Spangenberg oor wesenlike aspekte is onversoenbaar met die tradisionele Reformatoriese standpunt.

## 1.5 Metodologie

Die navorsing geskied hoofsaaklik by wyse van ʼn vergelykende literatuurstudie. Om die omvang van Spangenberg se argumente te ondersoek, word daar hoofsaaklik gebruik gemaak van rekenaargesteunde databasissoektogte. Daar word spesifiek gefokus op artikels of publikasies wat Spangenberg in die verlede geskryf het. Die artikels is opgespoor met behulp van databasissoektogte soos op Sabinet of in argiefmateriaal van Die Beeld en Die Kerkblad, sowel as in ander koerante en tydskrifte. Die meeste van Spangenberg se publikasies is ook vrylik beskikbaar op die Nuwe Hervormers se tuisblad.

Die navorser sal ook Spangenberg se boeke, soos onder andere *Perspektiewe op die Bybel* (1998) sowel as *Teologie op die markplein* (2003) en *Jesus van Nasaret* (2009), bestudeer en krities evalueer vanuit ʼn Gereformeerde oogpunt.

Om die basiese verskille tussen Reformatoriese teologie en die Skrifbeskouing van Sakkie Spangenberg uit te lig, word daar gekonsentreer op verskeie publikasies en wetenskaplike dokumente van Spangenberg. Spangenberg se boeke, tesame met sy geloofsverklarings op die Nuwe Hervormers se webwerf, sal ʼn akkurate refleksie wees van sy fundamentele leerstellings. In die boek *Die Nuwe Hervorming*, wat bestaan uit bydraes van agt verskillende skrywers (Muller, 2002), gee Spangenberg sy opinie oor die verband tussen die Bybel en die Nuwe Hervormers. ʼn Boek geskryf deur Durand (2005) *Doodloopstrate van die geloof* sal ook bestudeer word om sodoende sy perspektief in oënskou te neem. Onder andere Doubell (2004:44) sowel as Coetzee (1996:3-4) se konklusies ten opsigte van Spangenberg se Skrifbeskouing vorm ook deel van die navorsing.

Die tweede been van die navorsing sal ʼn ekstensiewe studie van Gereformeerde dogmatiek behels. Handleidings soos onder andere *Dogmatiek*, geskryf deur dr J.A. Heyns (1978), tesame met boeke soos *Geloof deur die eeue* van prof L.F. Schulze (1988) en *Bakens vir die dogmageskiedenis* van V.E. d' Assonville (1981), dien as vertrekpunt van die studie.

Om dogmatiek binne die konteks van ʼn postmoderne era te verstaan, word daar gebruik gemaak van databasissoektogte en argiefmateriaal van die mees onlangse mediapublikasies geskryf deur Gereformeerde teoloë, sowel as ander kenners van die vakgebied.

Daar sal onder andere gereeld verwys word na die werk van prof C.F.C. Coetzee (1996, 2010), prof Amie van Wyk (2010) en prof Francois Viljoen (2005). Die boek *Manlik en Vroulik in die Kerk*, geskryf deur D.G. Breed, F.J. van Rensburg en G.J.C. Jordaan (2008) en *Foundations of the Christian Faith* geskryf deur Boice (1986) sal gebruik word vir die daarstelling van ŉ resente opsomming van die aanvaarbare Gereformeerde Skrifbeskouing.

Die navorsing behels dus ŉ intensiewe literatuursoektog van alle relevante inligting. Daar word hoofsaaklik klem gelê op die publikasies van Spangenberg, sowel as sy interpretasies van fundamentele Christelike leerstellings. Die navorsing behels ook ŉ studie van Reformatoriese dogmatiek. Om die geldigheid van Spangenberg se argumente te evalueer, word alle versamelde inligting deur middel van analise, interpretasie en sintese georden.

## 1.6 Hoofstukindeling

1. Oorsig oor die veld van navorsing

2. Sakkie Spangenberg se Skrifbeskouing en ander relevante teologiese standpunte

3. Gereformeerde teologie in 'n postmoderne era

4. Evaluering van Spangenberg se Skrifbeskouing vanuit die Gereformeerde Dogmatiek

5. Samevatting en gevolgtrekking

## 1.7 Skematiese voorstelling van korrelasie tussen 1.6.3, 1.6.4 en 1.6.6

| Probleemstelling | Doelstellings en doelwitte | Metodologie |
|---|---|---|
| Sakkie Spangenberg plaas ŉ vraagteken agter die kernwaarhede van Gereformeerde teologie (2003:7). | Om die geldigheid van Sakkie Spangenberg se Skrifbeskouing te ondersoek. | Hierdie navorsing word gedoen vanuit die tradisioneel Reformatoriese teologie deur gebruik te maak van rekenaargesteunde databasisse en soekenjins. Argiefmateriaal van onder andere Die Kerkblad en Beeld vorm deel van die navorsing. |

| | | |
|---|---|---|
| Spangenberg (2003:8) bevraagteken die geldigheid van Gereformeerde leerstellings in ŉ postmoderne era. | Om die geldigheid van die konfessionele Gereformeerde Skrifbeskouing te ondersoek binne die konteks van 'n postmoderne era. | Navorsing word gedoen deur middel van ŉ literatuurstudie wat onder andere literatuur van dr J.A. Heyns en J.M. Boice insluit. Publikasies van verskeie kenners op die gebied, soos onder andere prof C.F.C. Coetzee (1996, 2010) en prof Amie van Wyk (2010), word ook gebruik. Rekenaargesteunde soektogte om standpunte van die verlede en hede te beoordeel. |
| Die Skrifbeskouing van Sakkie Spangenberg kan lei tot grootskaalse verwarring onder Gereformeerde konfessionele lidmate. | Om die basiese verskille tussen die Gereformeerde Skrifbeskouing en die Skrifbeskouing van Sakkie Spangenberg vas te stel en te beoordeel. Dit behels ook dat die Gereformeerde Skrifbeskouings kortliks aan die orde gestel word sover relevant. | Literatuur sluit onder andere argiefmateriaal uit Beeld en Die Kerkblad sowel as berigte van Nuwe Hervorming se tuisblad in. Die boek *Doodloopstrate van ons geloof* deur Jaap Durand tesame met Spangenberg se literatuur word ook bestudeer. ŉ Resente aanvaarbare opsomming van die Gereformeerde Skrifbeskouing soos saamgevat in die boek *Manlik en vroulik in die Kerk* (2008) en *Foundations of the Christian faith* (1986) sal gebruik word. |

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| ’n Literatuurstudie het getoon dat daar ’n leemte bestaan ten opsigte van die evaluasie van Spangenberg se argumente. | Evaluasie van Spangenberg se Skrifbeskouing vanuit Gereformeerde dogmatiek. | Interpretasie en analise van alle literatuur, onder andere rekenaargesteunde sowel as gepubliseerde literatuur van alle betrokke rolspelers, insluitende dié van Gereformeerde teoloë. |

## Hoofstuk 2

## Spangenberg se Skrifbeskouing

### 2.1 Inleiding en agtergrond

#### 2.1.1 Inleidende opmerkings

In hierdie hoofstuk word daar hoofsaaklik gefokus op Spangenberg se agtergrond, sy Skrifbeskoulike vertrekpunte, die konsekwensies daarvan, sowel as die vernaamste wetenskaplike bevindinge wat na vore gekom het in die studie. ŉ Volledige evaluasie van Spangenberg se standpunte sal in ŉ latere hoofstuk volg.

#### 2.1.2 Biografiese agtergrond van Sakkie Spangenberg

Izak J.J. Spangenberg, beter bekend as Sakkie Spangenberg, is in 1951 in die voormalige Transvaal gebore. Op vierjarige ouderdom het hy saam met sy ouers verhuis na Germiston. Hy het sy matriekjaar in 1969 aan die Hoërskool Goudrif voltooi (Spangenberg, 2004d:1)[3].

Na ŉ jaar verpligte militêre diens in 1970 is hy na die Universiteit van Stellenbosch waar hy die volgende 8 jaar gestudeer het. Hy het ŉ BA, ŉ BA Hons (Semitiese Tale), ŉ MA (Semitiese Tale), ŉ BTh en ŉ lisensiaat in Teologie op Stellenbosch voltooi. Spangenberg se Meestersgraad-dissertasie het gefokus op Gerhard von Rad en Hans-Heinrich Schmidt se opvattings van die Israeliete se wysheidstradisie en literatuur (Spangenberg, 2004d:1).

In 1979 word hy aangestel as lektor in Bybelse studies by die Randse Afrikaanse Universiteit, vandag bekend as die Universiteit van Johannesburg. Sowat agt jaar later het hy aangesluit by die Universiteit van Suid Afrika, waar hy ook later bevorder is tot senior lektor. Met verloop van tyd is Spangenberg bevorder tot medeprofessor en ook later professor in Ou Testament (Spangenberg, 2007d:1).

Sy doktorale proefskrif was getiteld *Gedigte oor die dood in die boek Prediker*, onder toesig van Professor JA. Loader, voormalige hoof van die departement. Spangenberg is tans departementshoof van die Departement Ou Testament aan Unisa (Spangenberg, 2007d: 1).

---

[3] Spangenberg 2004 verwys in die meeste gevalle na die Nuwe-Hervormerswebwerf soos die bibliografie aandui. Na deeglike ondersoek van alle beskikbare literatuur is bevind dat die meeste van Spangenberg se publikasies vrylik beskikbaar is op die Nuwe Hervormers se webwerf.

Vanuit sy akademiese rekord is dit duidelik dat hy ŉ besonderse belangstelling het in die wysheidsliteratuur en tradisies van die Ou Testament, meer spesifiek die interpretasie van die Bybel, die geskiedenis van die tweede tempelperiode, vroeë Judaïsme, Ou Testament-teologie, sowel as Ou-Testamentiese skolastiek. Hy spesialiseer in die uitleg van die Bybel, wysheidsliteratuur, sowel as Apokaliptiese literatuur van die Ou Testament. Hy stel ook belang in die navorsing van die Sinoptiese evangelies, sowel as die verband tussen Christelike godsdienste en ander godsdienste (Spangenberg, 2007d:1).

Spangenberg het verskeie boeke op sy kerfstok, waaronder: *Purper en flenterlap* (1991), *Die boek Prediker* (1993), *Studiebybel vir jongmense* (1997), *Perspektiewe op die Bybel* (1998), *Ancient Israelite literature in context* (2000), *Teologie op die markplein* (2003) sowel as *Jesus van Nasaret* (2009).

Hy het sowat 25 wetenskaplike artikels plaaslik sowel as internasionaal gepubliseer asook artikels in plaaslike koerante en tydskrifte. Hy dien tans op die godsdienspaneel van die oggendblad Beeld. Unisa het in 1999 die Kanseliersprys vir navorsing in die fakulteit Teologie en Godsdienswetenskappe aan hom toegeken (Spangenberg, 2007d:1).

Spangenberg is ook verantwoordelik vir die aanbieding van verskeie kursusse, waaronder Inleiding tot Bybelse Studies vir Eerstejaarstudente, toesighouer vir nagraadse studente wat besig is met hulle Meestersgraad in Bybelse studies of Teologie, en is promotor vir studente wat besig is met hulle doktorale studies in die Ou Testament. Bogenoemde inligting is verkry van Spangenberg se persoonlike profiel op Unisa se webwerf (www.unisa.ac.za) sowel as Spangenberg se persoonlike inligting op die webwerf van die Nuwe Hervormers (www.nuwe-hervorming.org.za).

### 2.1.3 Faktore wat aanleiding gegee het tot Spangenberg se Skrifbeskouing en ander relevante teologiese standpunte

Daar is ŉ wesenlike verskil tussen tradisionele reformatoriese leerstellings en dié van Spangenberg, soos hierdie navorsing later sal aandui. Die eerste vraag in die verband wat dadelik opduik, is "wat het gebeur dat daar so ŉ hemelsbreë verskil is?". Spangenberg het tog aan dieselfde universiteit as ander predikante studeer en hy was lank self ook predikant van ŉ gemeente (Spangenberg, 2007d:1). Nogtans is sy hedendaagse interpretasie van fundamentele Bybelse waarhede onversoenbaar met tradisionele Christelike leerstellings (Du Toit, 2007:4).

In sy boek *Teologie op die markplein* beantwoord Spangenberg tot ŉ groot mate hierdie vraag. Hy verklaar self dat elke teoloog se nadenke die vingermerke dra van die tyd waarin hy geleef het (Spangenberg, 2003:II). Die boek is saamgestel uit voordragte en artikels wat Spangenberg oor ŉ tydperk van sowat drie jaar geskryf het.

Die boek weerspieël dus Spangenberg se nadenke oor sy geloof en die wêreld waarin hy grootgeword het (Spangenberg, 2003:I). Spangenberg (2003:2) verklaar dat beide die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) en die beleid van apartheid (1948-1994) ŉ onteenseglike invloed op sy denke en leefwyse gehad het. Volgens hom (Spangenberg, 2003:2) is die rede hoekom sekere mense anders dink en oordeel as ander toe te skryf aan die feit dat hulle verskillend geslyp is deur ander mense en deur omstandighede. Indien dit die geval is, sou dit beteken dat ervarings en die sosiohistoriese konteks onder andere ŉ bepalende rol speel in die interpretasie van die Bybel. Ons kyk kortliks na die invloed wat die Tweede Wêreldoorlog en die apartheidsbeleid op Spangenberg gehad het.

#### 2.1.3.1 Tweede Wêreldoorlog

Alhoewel Spangenberg eers ses jaar na afloop van die Tweede Wêreldoorlog gebore is, ontken hy geensins die invloed wat dit op sy lewe gehad het nie. In sy boek *Teologie op die markplein* beklemtoon hy die impak wat dit op sy lewe gemaak het toe hy op hoërskool in Geskiedenis daarvan geleer het (2003:2). Ook tydens militêre diensplig het die gedagtes van die Tweede Wêreldoorlog voortdurend by hom gespook. Spangenberg (2003:6) verwys ook na die invloed wat Overduin se boek *Hemel en hel van Dachau* op hom gehad het tydens sy teologiese studies. Overduin se beskrywing van die wreedhede wat mense onder die Nazi's in die konsentrasiekampe gely het, was vir hom skrikwekkend. Spangenberg (2003:6) vertel hoe hulle koshuissitkamer vol gepak was om die beeldsendinge van *The world at war* te kyk gedurende 1976 en 1977, min wetende dat dieselfde scenario besig was om in Suid-Afrika af te speel.

Menslike lyding het Spangenberg (2003:6) altyd na aan die hart gelê. Hy voer selfs aan dat dit een van die hoofredes was hoekom hy teologie gaan studeer het. Wat ŉ mens van God se liefde en almag moet dink te midde van pyn en lyding, het vir Spangenberg (2003:6) ŉ al hoe groter vraagstuk geword. Hy erken ook dat hy gesukkel het om pyn en lyding binne die raamwerk van ŉ liefdevolle Vader in te pas (Spangenberg, 2003:3).

#### 2.1.3.2 Die Beleid van Apartheid

Behalwe vir die Tweede Wêreldoorlog het die beleid van apartheid ook Spangenberg se denke en lewensbeskouing drasties beïnvloed.

Spangenberg (2003:6) het egter eers op universiteit die verband tussen die Nazi-beleid en apartheid begin insien. Hy (Spangenberg, 2003:3) verklaar dat Murray Janson se boek *Die kerk en die ideologie: Toe ŉ volk so byna deur teologie vernietig is* hierdie ooreenkoms vir hom glashelder gemaak het. Ten spyte van die feit dat Janson oor die Duitse kerkstryd en die ordeningsteologie geskryf het, beweer Spangenberg (2003:3) dat enige intelligente leser tussen die lyne kon verstaan dat dit op die apartheidsideologie gesinspeel het.

Alhoewel die lyding van mense onder die beleid van apartheid nie altyd vir jong studente sigbaar was nie, was daar tog tye wat hulle daarmee te doen gekry het.

Spangenberg (2003:4) verwys na sy besoek aan die "townships" suidwes van Soweto as een so ŉ geval. In plaas daarvan om deel te neem aan stranddienste het ŉ groep studente jaarliks deelgeneem aan werkerskampe in Soweto. Hierdie kampe het nie langer as veertien dae geduur nie en het normaalweg besoeke by die Nederduitse Gereformeerde Sendinggemeente in Coronationville, sowel as hospitaalbesoeke, ingesluit. Op daardie stadium was die feit dat elke "rassegroep" ŉ aparte kerk en woonbuurt moes hê nog vanselfsprekend (Spangenberg, 2003:4).

Spangenberg (2003:4) voer aan dat dit hoofsaaklik te wyte is aan die feit dat ons nooit diegene wat die negatiewe effek van apartheid beleef het, se taal en leefwêreld verstaan het nie. Afrikaanse skrywers soos F.A.Venter, J.J.F. Durand en Elsa Joubert het Spangenberg spesifiek sensitief gemaak vir die onmenslikheid van die apartheidsbeleid[4] (2003:4).

Spangenberg (2003:4) vertel ook hoe hy as kind die onmenslikheid van apartheid beleef het. Hy het grootgeword in Germiston. In daardie dae was dit niks snaaks om ŉ swart man by die voordeur weg te jaag en by die agterdeur te ontvang nie. Dit was normaal dat swartes se kos gegee is in ŉ blikbeker en ŉ blikbord. Hulle moes aan die nie-blanke kant van die Poskantoor ingaan en is laaste gehelp nadat al die blankes klaar gehelp is (Spangenberg, 2003:5).

Niemand het snaaks gedink as ŉ blanke polisieman ŉ swarte aanrand tydens ŉ arrestasie nie (Spangenberg, 2003:5). Bogenoemde is maar enkele gevalle van die toepassing van die apartheidsbeleid waarna Spangenberg verwys in sy boek *Teologie op die markplein* (2003:5).

Volgens Spangenberg (2003:5) het die pyn en lyding van die Tweede Wêreldoorlog, sowel as die beleid van apartheid hom intens bewus gemaak van die wreedhede en vervolging wat regdeur die geskiedenis plaasgevind het in die naam van die Here. Spangenberg (2003:5) het tot die besef gekom dat die Christendom verantwoordelik is vir baie pyn en lyding en nie net vir hulle roemryke dade nie. As jong student was die waarheid van die Christendom vir Spangenberg (2003:6) glashelder. Hy het geensins getwyfel aan die dogmas van die kerk nie, maar hierdie sekerheid het stadigaan begin wankel toe die Nederduitse Gereformeerde Kerk Bybelverse gebruik het om die beleid van apartheid te steun. Die boek getiteld *A different gospel: A critique of the theology beyond apartheid* deur Douglas Bax (1979) het egter Spangenberg(2003:6) se oë ten opsigte van apartheid finaal oopgemaak. Volgens Spangenberg (2003:6) het hierdie boek bo alle twyfel aangetoon dat die Bybeltekste waarop die Nederduitse Gereformeerde Kerke hulle beroep, beslis anders uitgelê kan word.

[4] Hierdie punt is myns insiens relevant vir die studie aangesien sekere faktore soos die Tweede Wêreldoorlog en die apartheidbeleid Spangenberg se Skrifbeskouing beïnvloed het (2003:4).

In sy boek *Teologie op die markplein* maak Spangenberg (2003:6) die volgende stelling: "Hierdie boek het my aan die dink gesit oor die Bybel en die gesag daarvan – of dan: die Bybel as God se Woord. Is dit werklik moontlik om ou Nabye Oosterse godsdienstige tekste wat uit ŉ totaal ander milieu as ons eie kom, te gebruik om goddelike sanksie aan ŉ politieke beleid te verleen? "

Spangenberg (2003:7) verklaar dat sy probleem met betrekking tot die gesag van die Bybel nog groter geword het toe hy later ingeskryf het vir sy doktorsgraad in Ou Testament aan Unisa. Hy gee ook te kenne dat sy studies en dosering van die Ou Testament hom verder as net die apartheidsbeleid geneem het, tot op die punt wat hy oortuig is dat geeneen van die sogenaamde profesieë van die Ou Testament na Jesus verwys nie.

Bogenoemde bewys onteenseglik dat verskeie buite-Bybelse ervarings ŉ rol gespeel het in Spangenberg se interpretasie van God se Woord. Dit dui ook aan dat die twyfel in Spangenberg se geloof progressief gegroei het. Waar dit eers glashelder was, het hy later begin twyfel aan sy oorspronklike oortuigings. Met ander woorde, daar was ŉ konstante twyfel oor sy geloof soos hy die een ervaring na die ander beleef het. Die resultaat is dat buite-Bybelse ervarings, sowel as kontekste, sy opvatting van God se Woord sowel as van sy tradisioneel fundamentele leerstellings radikaal verander het.

## 2.2 Grondliggende beginsels van Spangenberg se Skrifbeskouing

### 2.2.1 Inleidende opmerkings

Alhoewel daar baie eienskappe van Spangenberg (1998, 2003 & 2009c) se Skrifbeskouing na vore getree het, is daar sekerlik een wat keer op keer vooraan staan wanneer Spangenberg (1998, 2003 & 2009c) se publikasies bestudeer word, naamlik: die Bybel is ŉ bloot menslike boek, bestaande uit menslike getuienisse oor God, Jesus en vele ander onderwerpe. Die Bybel is nie God se Woord nie; hoogstens kan daar gesê word dat dit geskryf is deur mense wat met God in 'n verhouding gestaan het.

In die slotparagraaf van die boek *Perspektiewe op die Bybel* waarsku Spangenberg (1998:134) dat diegene wat die Bybel lees, versigtig moet wees, aangesien dit 'n gevaarlike onderneming is, veral indien 'n mens erns maak met die stories, verhale, gedigte, gebede, gelykenisse, briewe en dies meer. Spangenberg (1998:134) is dit eens dat daar tans verskillende sienings oor die Bybel in omloop is. Dit, tesame met die variasie in uitlegmetodes, maak dit 'n moeilike saak vir die doodgewone man op straat. Spangenberg (1998:134) sluit sy boek *Perspektiewe op die Bybel* (1998) af met die volgende waarskuwing:

"Wie verouderde sienings en uitlegmetodes verabsoluteer en dit as die enigste korrektes klassifiseer, mag wel meen dat hulle besig is om God se eer te verdedig, maar sal later vind dat hulle self hout aangedra het na die brandstapel."

Ten spyte van Spangenberg (1998:1-134) se omstrede interpretasies van die Bybel, erken hy steeds dat die Bybel kan dien as ŉ gids vir die lewe, mits dit reg gebruik word. Voorts erken hy (Spangenberg, 1998:134) ook dat die Bybel nie ŉ boek is wat op die ashoop hoort nie, maar een wat ons kan help in ons nadenke oor God en in ons soeke na sin in die lewe. In hierdie hoofstuk gaan ons spesifiek kyk na Spangenberg se Skrifbeskouing en na wat hy as korrekte hantering van die Skrif bestempel.

### 2.2.2 Die Skrifbeskouing van Spangenberg

Volgens Spangenberg (2003:11) verskil die wyses waarop mense vandag die Bybel lees en verstaan wesenlik van dié van vroeëre geslagte. Spangenberg (2009c:38) bevraagteken onder andere die geldigheid van Gereformeerde leerstellings binne die konteks van 'n veranderde landskap. Hy verwys herhaaldelik na die drie groot omwentelings van die Westerse wêreld.

Die eerste staan bekend as die Kopernikaanse revolusie. Jare lank was sterrekundiges oortuig dat die aarde die sentrum van die heelal is en dat die maan en ander planete daarom wentel (Muller, 2002:88). Met verloop van tyd het sterrekundiges dinge begin waarneem wat onversoenbaar is met hierdie teorie. Copernicus (1473-1543) het met die teorie vorendag gekom dat die son die sentrum is en dat die aarde en alles anders rondom die son wentel. Nie almal het hierdie siening aanvaar nie, alhoewel dit tog mettertyd korrek bewys is. Daar word na so ŉ verandering in die wetenskap verwys as ŉ paradigmaverandering of ŉ omwenteling (Muller, 2002:89).

Die tweede krisis het ontstaan as gevolg van René Descartes (1596-1650) se standpunt dat enigiets betwyfel kan word behalwe die feit dat die mens ŉ wese is wat twyfel. Waarheid het voortaan nie meer te make met een of ander gesagsinstansie nie, maar hang primêr af van die menslike verstand. Die gevolg is dat kerklike dogmas en sienings onder skoot gekom het.

Die derde krisis het gedurende die agtiende en negentiende eeu voorgekom, wat gepaard gegaan het met die ontwikkeling van geleerdes se historiese bewussyn (Spangenberg, 1998:13).


ŉ Literatuurstudie het getoon dat dit ŉ soortgelyke omwenteling was wat Spangenberg (2003:1-10) in sy eie geloofslewe ondergaan het. Hy is van mening dat krisisse in die meeste gevalle aanleiding gee tot paradigmaveranderings. Volgens hom is dit ook moontlik om sulke krisisse in die studie van die Bybel en die Christendom te identifiseer (Muller, 2002:89). Hierdie krisisse het ook aanleiding gegee tot ŉ nuwe hermeneutiese aanslag.

Volgens Spangenberg (Muller, 2002: 103) is daar baie Christene wat hulle geloof in terme van Christelike godsdiens wil uitdruk, maar hulle besef hulle kan dit nie meer doen aan die hand van tradisionele dogmas nie.

Die Christelike godsdiens sal vir hierdie mense slegs sinvol bly indien daar radikale aanpassings kom. Spangenberg (Muller, 2002:103) beweer dus dat 'n Nuwe Hervorming onafwendbaar is.

Volgens Coetzee (1996:4) huldig Spangenberg die siening dat daar twee Skrifbeskouings in Gereformeerde kringe bestaan (1) 'n konserwatiewe een en (2) een wat erns maak met die historiese kritiek en met literatuurwetenskaplike ondersoek van die Bybel. Spangenberg verklaar dan ook dat Gereformeerde dogmatici en sistematici in Suid-Afrika grootliks met die eerste beskouing werk terwyl Bybelwetenskaplikes grootliks met die tweede een werk (Coetzee, 1996:4). Die tweede Skrifbeskouing se klem val op die menslike aandeel in die totstandkoming van die Bybel. Dit is duidelik dat Spangenberg homself skaar by die tweede groep. Volgens Doubell (2004:44) groepeer Spangenberg hom by die groep teoloë wat twyfelvrae rondom die Skrif op die spits dryf.

Spangenberg (1998:28) illustreer drie belangrike paradigmaveranderinge in die geskiedenis van Bybelwetenskappe soos volg:



Bogenoemde tabel illustreer dus hoe die Bybel volgens Spangenberg (1998:28) oor die jare heen sy krag verloor het. Wat eens die *Woord van God* was, het *God se Woord in mensetaal* geword en later selfs *woorde oor God* (Spangenberg, 1998:28). Hier is ook ŉ element van postmodernisme[5] teenwoordig; alles gaan oor die indiwidu, vertolking, taal en kultuur. Volgens bogenoemde tabel het die mense gedurende die premoderne tot moderne tyd die Skrif as God se Woord aanvaar (Van Zyl, 2008:3). Hoe meer die mens se denkwyses verbreed het, hoe meer het die mense God se Woord gerelativeer.

Dit is presies die standpunt wat Spangenberg huldig, naamlik (Muller, 2002:109):


> "Om saam te vat kan ons sê die boeke van die Bybel is deur mense geskryf. Dit was wel mense wat met God in verhouding gestaan het, daarom getuig hulle van daardie verhouding. Wanneer ons hierdie boeke lees, is daardie getuienis vir ons belangrik, want die Bybel vorm die basisdokument van die Christelike godsdiens. Aan die hand daarvan dink ons na oor ons geloof en leef ons in ŉ verhouding met God en met ons medemens. Wanneer ons Bybelboeke lees, moet ons ingelig wees oor die wêreld waarin daardie boeke tot stand gekom het. Voorts moet ons die betrokke Bybelboeke ook lees soos ŉ mens enige ander literatuur lees. Ons moet onthou dit weerspieël kommunikasie waarvan ons nie oorspronklik deel was nie. Wanneer ons daardie kommunikasie lees, moet ons dit doen aan die hand van moderne literatuur wat ons bewus maak van vertellers, storielyne, karakters en karakterontwikkeling, ensovoorts. Wie die Bybel só lees kan dit nooit gebruik as ŉ wapen om ander mense se lewens te verwoes nie."

Spangenberg (1998:117) verklaar verder dat geen verhale tydloos is nie. Hulle verraai eenvoudig die tyd waarin hulle geskryf is. Alle verhale dra met ander woorde die "vingermerke" van die tyd waarin dit geskryf is. Spangenberg (1998:114) glo ook dat die blote feit dat die profete van die Ou Testament die woorde gebruik het "So sê die Here" nie noodwendig as waarborg dien dat dit wel God se woorde is nie. Netso was ook die boodskap wat ŉ profeet verkondig het, sy eie woorde en interpretasies van gebeure. Sy godsdienstige oortuigings en tradisies het wel ŉ invloed op sy interpretasies gehad (vgl. Spangenberg, 1998:114). Indien bogenoemde beginsels toegepas word, beteken dit dat geeneen van die Ou-Testamentiese profesieë vir die gewone man op straat enige betekenis kan hê nie.

---

[5] Postmodernisme sal in hoofstuk 3 volledig behandel word.

Spangenberg (1998:112) verduidelik bogenoemde aan die hand van die volgende illustrasie:




Volgens Spangenberg (1998:112) is dit belangrik om daarop te let dat die verskillende skrywers en lesers reeds in ŉ verhouding met God gestaan het en ŉ bepaalde godsdiens beoefen het. Die skrywers wil dus van God getuig deur hulle verhale, gedigte, gelykenisse en toekomsvisioene. Hy beklemtoon ook die feit dat die lesers en skrywers se Godsbeskouing nie altyd ten volle met mekaar ooreenstem nie. Dit is die rede hoekom Spangenberg (1998:112) ŉ sirkel en ŉ vierkant rondom die woord "God" trek. God is onbeskryfbaar en geen mens kan presies beskryf hoe Hy is nie. Daarom kan ons slegs getuig oor hoe ons Hom beleef en hoe ons binne ons tradisie oor Hom praat en dink. Volgens Spangenberg (1998:113) geld dit ook vir die skrywers van die Bybelboeke. Op grond hiervan verwys Spangenberg na *die* Woord van God as *God se Woord in mensetaal*.

### 2.2.3 Is die Bybel letterlik "God se Woord"?

Spangenberg (2004e:1) beklemtoon dat predikante lief is daarvoor om te verwys na die Bybel as "die Woord van God".

Volgens hom wil tradisioneel Gereformeerde predikante lidmate gerusstel en daarom herhaal hulle hierdie bekende woorde keer op keer sonder om regtig te besef wat dit beteken. Spangenberg (20043:1) ontleed die term "Die Bybel as die Woord van God" soos volg:

Die eerste vraag is, kan die stelling "Die Bybel is die Woord van God" vergelyk word met ŉ stelling soos "'n Volvo is ŉ motorkar". Ons gebruik laasgenoemde stelling om dinge te klassifiseer. Dit is dieselfde soos om te sê " 'n Volstruis is ŉ voël". In stellings soos hierdie dui die laasgenoemde woorde gewoonweg die kategorie aan waartoe die eerste ding behoort. Onder die kategorie motors kan ons sê "Hyundai is ŉ motor" en "Ford is ŉ motor". Spangenberg (2004e:1) vra die vraag of ons die uitdrukking "Die Bybel is die Woord van God" kan verstaan soos ons die ander uitdrukkings hierbo verstaan? Dui die laaste woorde van die uitdrukking naamlik "Woord van God" ook die kategorie aan soos in die ander uitdrukkings wat genoem is? Dit sou egter beteken dat daar behalwe die Bybel ook ander geskrifte is wat as God se Woord geklassifiseer word. Dit sou by implikasie beteken dat ons kan sê "Die Tenach is die Woord van God" en "Die Koran is die Woord van God".

In ŉ stelling soos "'n Volvo is ŉ motorkar" kan ŉ mens beide dinge sien of ŉ beeld daarvan vorm. Die fabrikaat Volvo kan gesien word asook die kategorie motorkar. Hierdie selfde beginsel geld egter nie vir "Die Bybel as God se Woord" nie. Ons kan die Bybel sien, maar kan ons die Woord van God sien? Die vraag is, wat moet ons onsself voorstel met die aanhoor van die woorde "Die Woord van God"? Verwys dit na die swart letters op wit papier in die Bybel? Tot watter kategorie behoort die uitdrukking "Woord van God"? Moet die uitdrukking letterlik of metafories verstaan word? Spangenberg (2004e:1) vra die volgende vraag ten opsigte van bogenoemde: Bedoel predikante met die frase "Die Woord van God" nie eintlik net dat bepaalde boeke vir ŉ betrokke gemeente lewensbelangrik is nie? Volgens Spangenberg (2004e:1) sou dit meer sin maak om te sê dat "Die Bybel lewensbelangrike boeke vir Christene bevat".

Tot nou toe het ons hoofsaaklik gefokus op die tweede deel van die stelling. Wanneer ons fokus op die eerste deel, "Die Bybel", sien ons dat die term Bybel met ŉ enkelvoud te make het.

Vandag is daar letterlik honderde verskillende Bybels**:** Afrikaanse Bybels, Engelse Bybels, Zoeloe Bybels, en nog vele meer (vgl. Spangenberg, 2004e:1). Hy wys daarop dat Jesus self nie ŉ Bybel besit het nie. In sy tyd was daar net boekrolle. Volgens Spangenberg (2004e:1) is Bybels die produk van boekdrukkuns en daarom maak dit nie sin om van "Die Bybel" te praat nie.

Daar bestaan wel Bybels en hulle kan in die volgende drie kategorieë verdeel word: (a) Protestantse Bybels, (b) Katolieke Bybels en (c) Bybels van die Oosters-Ortodokse kerke.

Protestantse Bybels het 39 boeke in die Ou Testament terwyl Katolieke Bybels 46 boeke het. Sommige Oosters-Ortodokse Bybels het selfs nog meer boeke. Daar is wel Protestantse Bybels wat 46 boeke bevat, maar op die buiteblad staan die woorde "Die Bybel met apokriewe boeke".

Daar is ook Engelse Bybels wat aanspraak maak daarop dat hulle al die Ou-Testamentiese boeke van die drie kerklike tradisies bevat. Een so ŉ Bybel is die *New Revised Standard Version* met apokriewe boeke (Spangenberg, 2004e:2).

Al hierdie Bybels kan egter nie onder die kategorie "Die Bybel" geplaas word nie. Verskillende denominasies en kerke het verskillende voorkeure vir Bybels en vir sommige mense is sekere Bybels meer die Woord van God as ander. Die Apostoliese Geloofsending en die Afrikaanse Protestante Kerke verkies byvoorbeeld die 1953-vertaling bo die 1983-vertaling.

Daar was ook ŉ tyd wat Engelssprekendes die *King James Version* geweldig hoog aangeslaan het; vandag verkies baie Engelssprekende Christene die *New International Version*. Spangenberg (2004e:2) verklaar dat sy persoonlike voorkeur die *New Jerusalem Bible* is aangesien hierdie vertaling die resultate van Bybelwetenskappe ernstig opneem en noem in die voetnotas.

Bogenoemde is maar ŉ kort bespreking ten opsigte van die Bybel as die Woord van God. Volgens Spangenberg (2004e:2) wil dit voorkom asof die stelling nie so eenvoudig is as wat sommige predikante wil voorgee nie. Spangenberg (2004e:2) vra egter die retoriese vraag: Is dit goeie kommunikasie wanneer NGK-predikante verwys na die Bybel as die Woord van God[6]?

### 2.2.4 Ooreenkomste tussen die Skrifbeskouing van Spangenberg en die postmodernistiese Skrifbeskouing

Die volgende ooreenkomste tussen die Skrifbeskouing van Spangenberg en die postmodernistiese Skrifbeskouing is relevant ten opsigte van die onderhawige studie. Die saak van postmodernisme word later in die studie meer volledig behandel.

<u>Gesag van die Bybel</u>: Volgens Spangenberg (1998:108) is ŉ realistiese Skrifbeskouing een wat rekening hou met die feit dat die Bybel deur mense geskryf is. Die skrywers van die Skrif het volgens Spangenberg (1998:108) anders oor God gedink as wat ons vandag oor Hom dink.

[6] Die punt word hier aan die orde gestel om te bewys dat Spangenberg se opvatting van die Bybel wesenlik verskil van die Gereformeerde standpunt.

Om die Bybel korrek te verstaan is dit nodig dat die mens volledige kennis het van hoe die mense daardie tyd geleef het (vgl. Spangenberg, 1998:108).

Bogenoemde kom neer op een van die beginsels van postmodernisme, naamlik relativisme. Daar bestaan naamlik vir die postmoderne wêreldbeeld nie iets soos absolute waarheid nie. Hulle ontken net soos Spangenberg die waarheid en gesag van God se Woord (Du Toit & Spangenberg, 2002:1141).

Gesag gesetel in die indiwidu: Spangenberg (1998:113) glo dat die gesag van die Bybel nie gekoppel moet word aan God nie, maar eerder aan die skrywers wat in verhouding met God gestaan het. Dieselfde beginsel is teenwoordig in postmodernisme. Hulle is van mening dat die gesag van die belydenisskrifte nie gesetel is in God se Woord nie, maar eerder in die veronderstelling dat die persone wat dit geformuleer het, in ŉ besonderse verhouding met God gestaan het (Du Toit & Spangenberg, 2002:1141).

ŉ Verskeidenheid perspektiewe word erken: Craffert[7] is van mening dat daar binne ŉ postmoderne wêreldbeeld ŉ verskeidenheid perspektiewe bestaan (Muller, 2002:74). Daar is voorts ook nie net een manier om te bepaal of iets reg of verkeerd is nie. Die postmodernistiese wêreldbeeld is volgens Craffert die hoofrede waarom die Nuwe Hervorming tot stand gekom het (Muller, 2002:80). As aktiewe lid van die Nuwe Hervorming verbind Spangenberg homself tot hulle standpunte. Bogenoemde is verwant aan die postmodernistiese wêreldbeeld wat propageer dat daar geen meer reg of meer verkeerd bestaan nie. Selfs sonde word vasgevang in ŉ grys area van relatiwiteit (Durand, 2005:40).

Verdraagsaamheid: Craffert (Muller, 2002:74) erken ook dat werklikheid vir die een mens nie noodwendig werklikheid vir ŉ ander is nie. Verdraagsaamheid teenoor ander se sienings en menings is ook een van die Nuwe Hervorming se kenmerke (Muller, 2002:73). Dit is op grond van verdraagsaamheid dat die Nuwe Hervorming die sogenaamde "donker kant"[8] van modernisme verwerp. Durand (2005:40) beklemtoon die feit dat postmodernisme verdraagsaam is teenoor ander se sienings. Spangenberg is verbind tot die oortuigings van die Nuwe Hervorming en maak homself deel van die uitleef van ŉ postmodernistiese wêreldbeeld. Spangenberg maan Christene om nie die Skrif as wapen te gebruik om ander godsdienste te veroordeel nie (Muller, 2002:109). Die feit dat Jesus ons Christene se enigste weg na die Vader is, beteken syns insiens nie dat ander godsdienste verkeerd is nie.

---

[7] Craffert is soos Spangenberg 'n aktiewe lid van die Nuwe Hervorming Netwerk.

[8] Die donker kant volgens die Nuwe Hervorming verwys na die feit dat daar binne 'n moderne wêreldbeeld verabsoluteer word (Muller, 2002:73).

Vertellers manipuleer Bybelverhale: By verskeie geleenthede verwys Spangenberg (2004b:2) na die feit dat vertellers Bybelverhale aangepas het volgens hulle eie kultuur of belewing van die waarheid. Hy kom selfs tot die gevolgtrekking dat vroeëre skrywers andere se werk gemoduleer het.

Dit alles kom daarop neer dat die indiwidu se sienings meer geld as die Skrif. In sommige gevalle word God se Woord bevraagteken op grond van die indiwidu se kultuur of voornemens (Spangenberg, 2004h:1).

Van der Walt (2009:6) benadruk die feit dat enige vasgelegde ortodoksie taboe is in ŉ postmoderne wêreldbeeld. Persoonlike voorkeur en spiritualiteit is aan die orde van die dag. Op grond hiervan is daar weer ooreenkomste tussen die standpunte van Spangenberg en die postmoderne wêreldbeeld.

Durand (2005:3) is van mening dat die Nuwe Hervormers met die een been binne modernisme staan en met die ander been geplant in postmodernisme. Hierdie stelling kan volgens die opinie van die navorser ook deurgetrek word na Spangenberg. Aan die een kant hou hy vas aan die beginsels van die moderne wêreldbeeld[9]. Aan die ander kant neig hy na die mitologies-verpakte lewensinsigte van antieke gemeenskappe (Durand, 2005:3). Dit gaan ook gepaard met dekonstruksionisme. Vir beide postmoderniste en Du Toit & Spangenberg (2002:109) gaan alles oor vertolking. Die agtergrond het meer waarde as die teks op sigself.

### 2.2.5 Tipiese illustrasies van Spangenberg se Skrifhantering

Die volgende voorbeelde is tipiese illustrasies van Spangenberg se Skrifhantering:

#### 2.2.5.1 2 Tim 3:16

Spangenberg (1998:114) benadruk die feit dat gelowige mense nooit sal ophou skryf nie. Omdat sommige van die profete se interpretasies so in die kol was, het latere geslagte hulle woorde opgeteken en groot waarde daaraan geheg. Hierdie profete se woorde het as rigsnoer vir latere geslagte gedien. As gevolg hiervan het daar naas die wet nog ŉ groep boeke tot stand gekom wat bekend staan as die profeteboeke. Kort voor lank was daar nog boeke wat gevolg het. Hierdie boeke staan bekend as die Geskrifte. Die Wet, die Profete en die Geskrifte (die Tanak) het die Heilige Skrif van die Joodse godsdiens geword. Hierdie boeke is ook deur die eerste Christene aanvaar as die basisdokument van die Christelike geloof.

---

[9] Die moderne werêldbeeld gaan gepaard met 'n veroordeling van die bonatuurlike. Selfs die Goddelike oorsprong van God se Woord word bevraagteken (Van der Walt, 2009:2).

> "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." 2 Tim 3:16

Wanneer 2 Tim 3:16 dan praat van die hele Skrif verwys dit nie na die Ou en die Nuwe Testament soos ons dit vandag ken nie, maar alleen na bogenoemde boeke (vgl. Spangenberg, 1998:114).

Binne die konteks van bogenoemde is dit duidelik dat die skrywers bloot die belangrikheid van die Ou Testament wou beklemtoon. Volgens Spangenberg (1998:115) kan daar hoogstens gesê word dat die skrywers van die Bybel in 'n verhouding met God gestaan het. Bogenoemde geskrifte het die lewens van dié wat dit gelees het ingrypend beïnvloed, daarom het hulle die boeke hoog geag en daarna verwys as geïnspireerde boeke (vgl. Spangenberg, 1998:115).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat persoonlike belewing, kultuur, taal en tradisie aan die voorpunt staan van Spangenberg se Skrifbeskouing. In plaas daarvan dat die Heilige Gees die skrywers van die Skrif inspireer, gaan dit vir Spangenberg (1998:115) eerder oor inspirasie wanneer die leser die teks lees.

### 2.5.2 Die boek Jona[10]

#### 2.2.5.2.1 Jona: feite of fiksie? (Spangenberg, 1998:57)

Volgens Spangenberg (1998:57) het die tradisie om die boek Jona as geskiedenis of werklike gebeure te lees, die afgelope aantal jare toenemend onder verdenking gekom. Mense het begin vra: "Het ons te doen met feite of met fiksie?" Jona se verblyf in die ingewande van die vis is een van die eerste vertellinge waarin mense begin twyfel het. Spangenberg (1998:57) voer aan dat selfs Luther in hierdie vertelling getwyfel het, maar dit besweer het met die feit dat dit wel in die Bybel staan. Alles wat in die Bybel staan, moes volgens Luther werklik gebeur het. Luther het bogenoemde gebeurtenis as ʼn wonderwerk getipeer. Alle mense het nie Luther se redenasie bevredigend gevind nie.

Van die mense het daarop gewys dat selfs al sou dit moontlik wees vir ʼn vis om iemand in te sluk, ʼn gebrek aan suurstof of die aanwesigheid van maagsappe oorlewing onmoontlik sou maak. Dit was nie al nie, die vertelling van die wonderplant is ook bevraagteken (Jona 4:6).

---

[10] Daar was die afgelope paar jare hewige debatte oor die boek Jona. Die volgende bronne verskaf meer inligting: Edgar, 2003; Gaines, 2003; Person, 1996; Potgieter, 1991 en Trible, 1994.

Spangenberg (1998:57) wys daarop dat daar in ons ervaringswêreld nie ŉ plant bestaan wat in ŉ ommesientjie tot die grootte van ŉ man kan groei nie. Voorts is daar daarop gewys dat dit onwaarskynlik is dat die matrose Hebreeuse frases geken het wat hulle kon gebruik het toe hulle gebid het. Opgrawings het aan die lig gebring dat die stad nie so groot was soos wat die verhaal skets nie (drie dae om deur te reis beteken omtrent vier en sestig kilometer in deursnee).

Die massale bekering van die stad is volgens Spangenberg (1998:57) ook te betwyfel. Is dit regtig moontlik om ŉ hele stad man en muis te bekeer? "Wie is die verteller van die verhaal?" is ook gevra. Jona kon dit nie gewees het nie, want daar word na Jona in die derde persoon verwys. Wie was teenwoordig om te getuig van al hierdie dinge, die storm, die oorboordgooi van Jona, insluk deur die vis, ens? Sou dit moontlik wees vir iemand om selfs die gesprek tussen Jona en God op te teken? (Jona 4:4-11).

Spangenberg (1998:57) wys daarop dat die wyse waarop die verhaal vertel word, sowel as die onwaarskynlikhede van die verhaal, die besef laat groei het dat die boek nie as histories-korrek geklassifiseer kan word nie. Hy noem ook dat die boek allermins handel oor werklike gebeure in die lewe van die profeet Jona uit die agste eeu v.C.

#### 2.2.5.2.2 Argumente om te toon dat die boek wel as fiksie bestempel kan word (Spangenberg, 1998:66)

Volgens Spangenberg (1998:66) het die rasioneel-kritiese en die histories-kritiese studies die weg gebaan vir ŉ literatuurwetenskaplike bestudering van die Jonaverhaal. Hierdie studies het ook onomwonde bewys dat die boek Jona nie geskryf was in die agste eeu v.C. nie, maar in die vierde eeu v.C. Dit het aangetoon dat daar heelwat oordrywings, kontraste en inkonsekwenthede in die verhaal is, asook dat nie Jona nie, maar 'n onbekende, alomteenwoordige[11] verteller die storie vertel. Die oordrywings in die boek wat verband hou met die woord "groot", word soos volg deur Spangenberg (1998:66) opgesom:

- Die groot stad (Jona 1:2)
- Die groot wind (Jona 1:4)
- Die groot storm (Jona 1:4)
- Die groot vis (Jona 1:4)

[11] Met die woord "alomteenwoordig" bedoel Spangenberg bloot dat die skrywer getuig van gebeure wat onmoontlik op menslike wyse waargeneem kon word.

- Die matrose se groot vrees (Jona 1:10)
- Jona se groot woedebui (Jona 4:1)
- Sy groot blydskap (Jona 4:6)
- Die verteller vertel ook dat groot en klein hulle bekeer het (Jona 3:5)
- Die koning en sy groot manne (Jona 3:7)

Volgens Spangenberg (1998:66) is hierdie herhalings nie net toeval nie; die skrywer het iets hiermee beoog. Wat sy doel was, sal ons nie met sekerheid kan sê nie. Dalk wou hy die grootheid en goedertierenheid van God bevestig. Die meeste van hierdie kontraste hou direk met Jona verband. God roep hom byvoorbeeld om na Nineve te gaan, maar hy kies om eerder na Tarsis te gaan. Dit kan vergelyk word daarmee dat God bevel gee om wes te gaan, maar dat daar liewer gekies word om oos te gaan.

So ŉ optrede is lynreg in kontras met Jona se belydenis teenoor die matrose in Jona 1:9: "Ek is 'n Hebreër, en ek vrees die HERE, die God van die hemel, wat die see en die droë land gemaak het".

Jona bely dat God mag het oor see en land, maar sy optrede weerspieël dit nie. Hy tree op asof hy van God kan wegvlug. Daar is ook die teenstelling van die vlugtende profeet en die seelui. Terwyl hulle bid en die skeepsvrag oorboord gooi, slaap die profeet rustig (Jon 1:5), soveel so dat die skeepskaptein hom moet wakker maak om saam met hulle te bid. Ook sy gebed in die vis se ingewande staan lynreg in kontras met sy situasie (Spangenberg, 1998:67). In plaas daarvan om God aan te roep, dank hy God.

Die slotwoorde van sy gebed klink volgens Spangenberg (1998:67) hol in die lig van sy latere optrede. Daar kan gesê word dat Jona se verlange na die dood teen die einde van die verhaal totaal inkongruent is aan sy belydenis en gebede.

#### 2.2.5.2.3 Jona –ŉ kortverhaal? (Spangenberg, 1998: 67)

Dit is volgens Spangenberg (1998:67-68) belangrik om te weet met watter soort vertellings ons in die boek Jona te doen het ten einde dit reg te verstaan. Indien ŉ mens die boek noukeurig bestudeer, sal daar gevind word dat dit as ŉ kortverhaal bestempel kan word. Die redes hiervoor is soos volg:

- Die boek bestaan slegs uit 48 verse.
- Daar kom poëtiese gedeeltes voor maar dit is in prosateks.

- Die verhaal het ŉ duidelike ontwikkelingslyn.
- Dit is hoogs waarskynlik die werk van een outeur.
- Die werk is kunstig voorgestel en ŉ geloofwaardige weergawe van die werklikheid.
- Die aantal karakters wat beskryf word, is beperk.

Alhoewel die verhaal fiksie is, moet daar in gedagte gehou word dat dit nie totaal werklikheidsvreemd is nie. Al die skeppings soos die wurm, die reuseplant, ens. het ŉ bepaalde doel binne die verhaal en doen die verhaal geensins skade aan nie. Soos daar verwag kan word in ŉ kortverhaal, word Jona se karakter eerder blootgelê as ontwikkel.

Volgens Spangenberg (1998:70) bevat die boek Jona ook ŉ goeie dosis satire. Die skrywer werk normaalweg met ŉ bepaalde stel waardes en oortuigings en probeer dit dan op ŉ subtiele wyse afdwing op die leser.

### 2.3 Die konsekwensies van Spangenberg se Skrifbeskouing

Die konsekwensies van Spangenberg se Skrifbeskouing toon aan dat sy Skrifbeskouing grondliggend is vir sy sentraal-teologiese argument.

In die hieropvolgende bladsye gaan daar hoofsaaklik gefokus word op Spangenberg se beskouing ten opsigte van tradisionele reformatoriese leerstellings, soos byvoorbeeld Jesus se kruisdood, hemelvaart, Jesus se maagdelike geboorte, Drie-eenheid en hellevaart, om maar net enkele voorbeelde te noem. Alle relevante teologiese standpunte van Spangenberg sal ondersoek word.

#### 2.3.1 Die geboorteverhaal van die historiese Jesus (Spangenberg, 2004a:1-2)

Spangenberg (2004a:1) veronderstel dat die geboorteverhaal van Jesus ŉ goeie aanknopingspunt is by bogenoemde paradigmaveranderinge en dat dit op sy beurt die belangrikheid illustreer van historiese Jesus-navorsing.

Christene van die Westerse tradisie vier Jesus se geboorte op die 25ste Desember. Christene wat tot die Oosterse tradisie behoort, vier sy geboorte op die 6de Januarie. Volgens Spangenberg is beide hierdie datums verkeerd. Die 25ste Desember hou eerder verband met die fees wat die terugkeer van die son na die Europese winter herdenk. Die noordelike wintersonstilstand vind jaarliks plaas op 21/22 Desember. Die fees was bekend as die fees van die onoorwinlike son. Weens die feit dat die Christelike godsdiens die amptelike godsdiens van die Romeinse ryk geword het, is hierdie fees verchristelik tot die herdenking van Jesus se geboorte (Spangenberg, 2004a:1).

Volgens Spangenberg (2004a:1) bestaan daar ook verskillende opvattings oor Jesus se geboortejaar. Spangenberg (2004a:1) bevraagteken die feit of Jesus in die jaar 1 n.C. gebore is. Volgens Matthéüs en Lukas is Jesus gebore tydens Herodes die Grote se bewind (Matt 2:1, Luk 1:5 )[12]. Buite-Bybelse bronne bewys dat Herodes in die jaar 4 v.C. oorlede is.

Inaggenome dat die inligting korrek is, beteken dit dat Jesus omtrent 4 v.C. gebore is. Volgens Lukas 2:2 was Cirénius goewerneur van Sirië toe ŉ volkstelling tydens Jesus se geboorte gehou is. Cirénius het egter eers in die winter van 6-7 n.C. aan bewind gekom. Spangenberg (2004a:1) beweer dat Lukas se inligting hom êrens in die steek gelaat het.

Jesus se geboorteplek is volgens Spangenberg (2004a:2) die derde punt waaroor daar verskillende opvattings bestaan. Volgens Spangenberg se interpretasie van Matt 2:9-11 en Luk 2:1-7 is dit lynreg in kontras met mekaar. Matthéüs beweer dat Josef en Maria gewoon het in Betlehem (Matt 2:9-11), terwyl Lukas beweer dat die gesin in Nasaret (Luk 2:1-7) gewoon het. Volgens Lukas is Josef en Maria deur ŉ sensusopname onder leiding van keiser Augustus gedwing om na Betlehem te gaan. In Betlehem is Jesus in ŉ stal gebore waar skaapwagters hom gevind het. Volgens Spangenberg (2004a:2) dui bogenoemde gevalle op teenstrydighede in God se Woord.

Is Jesus in ŉ stal gebore soos Matthéüs beweer of in ŉ herberg soos Lukas beweer? Spangenberg (2004a:2) vra egter die vraag: "Is Jesus wel in Betlehem gebore (soos Matthéüs en Lukas beweer), of is Hy in Nasaret gebore (soos Markus en Johannes veronderstel)?" Volgens hom word daar nêrens na Jesus verwys as Jesus van Betlehem nie, maar eerder as Jesus van Nasaret (Mark 10:47; 16:6; 18:5, 7). Na aanleiding van bogenoemde bereik hy die volgende konklusie oor Jesus se geboorte:

Die historiese Jesus is nooit in Betlehem gebore nie, allermins nie in 1 n.C. nie. Dit wat Christene tans as Jesus se geboorte herdenk, is geskep uit buite-Bybelse materiaal. Spangenberg (2004a:2) verklaar ook dat die tradisionele geboorteverhaal van Christus niks meer as ŉ "roereier-geboorteverhaal" is nie.

### 2.3.2 Die maagdelike geboorte van Jesus

Jesus se maagdelike geboorte vorm ŉ integrale deel van die totale pakket van dogmas van die Westerse Christendom (Murray, 1986:57)[13]. Volgens Spangenberg (2004b:1) berus die belydenis dat Jesus uit ŉ maagd gebore is, op ŉ hele klomp aannames.

Hierdie belydenis word hoofsaaklik afgelei vanuit die vertellings van Matthéüs en Lukas.

---

[12] Die 1933-vertaling word regdeur die studie gebruik, tensy anders aangedui.

[13] Verwys na die Apostoliese Geloofsbelydenis.

Matthéüs 1:23 verwys terug na die oorspronklike woorde soos geskrywe in Jesaja 7:14: "Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem". Matthéüs verwys terug na Jesaja bloot as 'n bevestiging van sy eie verhaal. Spangenberg (2004b:1) beweer ook dat bogenoemde teks in sy oorspronklike Hebreeuse formaat nie voorspel het dat 'n maagd Goddelik bevrug gaan word nie.

Volgens Spangenberg (2003:7) wou die verteller slegs te kenne gee dat die profeet Jesaja vir Koning Agas en die hele volk 'n hoopvolle teken gegee het wat andersins ook as 'n dreigteken verstaan kan word.

Spangenberg (2004b:1) se oortuiging is dat Jesaja geensins voorspel het dat Maria deur die Heilige Gees bevrug sou word nie. Matthéüs het telkens terugverwys na die Ou-Testamentiese gebeure, met die spesifieke doel om daardeur te bevestig dat God nog nie sy verhaal met Israel afgesluit het nie. Spangenberg (2004b:1) is ook van mening dat dit die verteller van die verhaal is wat die verhaal laat skep en ontwikkel. Die verteller behou dus die reg voor om ter wille van die doel wat hy wil bereik, met die verhaal en met die karakters te doen soos wat hy goeddink. Spangenberg (2004b:1) gebruik Matt 2:13-15 en Matt 4:5 as voorbeeld waar die verteller die verhaal so gemanipuleer het.

Volgens Spangenberg (2004b:1) wou Matthéüs bloot die idee tuisbring dat besonderse mense besonderse geboorteverhale het. Matthéüs het daarom ŉ buitengewone geboorteverhaal vertel as vingerwysing na die buitengewone Messias wat gebore sou word. Spangenberg (2004b:2) glo dat Matthéüs die geboorteverhaal van Moses gemodelleer het op die Jesus-karakter. Beide Jesus en Moses het buitengewone voorgeboorteprosesse gehad (Matt 1-2). Jesus se lewe was net soos dié van Moses bedreig deur ŉ koning (Matt 2). Jesus het ŉ eksodus beleef soos Moses (Matt 2). Jesus dwaal ook veertig dae en veertig nagte in die woestyn en word versoek soos die Israeliete tydens hulle uittog (Matt 4). Jesus het ook die berg opgegaan en ŉ nuwe wet en koninkryk aangekondig soos Moses die Wet gegee het (Matt 5-7). Spangenberg (2004b:2) beweer verder dat die hele Evangelie van Matthéüs in vyf redevoerings verdeel kan word net soos die Pentateug. Hy waarsku dat die verhaal van Jesus se maagdelike geboorte, soos beskrywe deur Matthéüs, nie gelees moet word asof dit ŉ historiese verhaal is nie. Hy verwys daarna dat teoloë in die verlede die fout gemaak het om die verhaal te lees asof dit historiese waarheid kommunikeer, terwyl dit syns insiens niks meer as verhaalwaarheid kommunikeer nie. Spangenberg (2004b:2) maak die volgende stelling ten opsigte van bogenoemde:

> "Hierdie teoloë het op grond van Griekse vertalings van hierdie teks en aanhalings daarvan in die evangelie van Matthéüs (Matt 1:23) ŉ dogma oor die maagdelike geboorte van Jesus gaan bou waarvan die pilare wankelrig is."

Spangenberg (2004b:2) verwys na die woorde van Gunter Weber wat beweer het dat Jesus nie die voorspelde Messias is nie, maar eerder die geïnterpreteerde.

> "Did the prophet Isaiah, enlightened by God, prophesy that a virgin would bear a child more than seven hundred years later? No he did not. Centuries later the evangelist Matthew tore this passage from its original context and applied it to Jesus in order to depict him as the promised Messiah. It is an interpretation, not a fact."

Spangenberg (2004b:2) is van mening dat vroeë Christene op grond van die Septuagint hierdie tekste gelees het as profesie. Vir baie jare het Christene die Jode verwyt omdat hulle nie die tekste reg uitgelê het nie. Vandag sien baie Ou-Testamentiese teoloë die saak heeltemal anders[14].

Spangenberg (2004b:2) noem dat die veranderde landskap sedert daardie era daartoe bygedra het dat die saak vandag anders daar uitsien as destyds. Volgens hom het die ontdekking en bestudering van die Dooie See-rolle (1947-1956) ook die bogenoemde interpretasie bevestig. Spangenberg (2004b:2) onderskryf die volgende woorde van die Nuwe-Testamentikus Clayton Sullivan (2002:40):

> "Was Jesus a virgin's son? The answer I suggest is no. The Pagan virgin belief, historians now recognize, was one of the first steps taken by the early church in the simultaneous de-Judaizing of and Hellenizing of the Christian message at spread into the Greco-Roman world."

Die verhaal van Jesus se maagdelike geboorte wou slegs illustreer dat Jesus 'n besonderse persoon was. Spangenberg (2004b:3) waarsku dat 'n mens niks meer daarin moet lees nie.

### 2.3.3 Was Jesus 'n buite-egtelike kind?

Volgens Spangenberg (2009b:1) is daar wel in die evangelies suggesties dat Jesus buite-egtelik verwek is. Die volgende teks dien as voorbeeld hiervan:

> "En toe dit sabbat geword het, begin Hy in die sinagoge te leer, en baie wat Hom gehoor het, was verslae en sê: Waar kry Hy hierdie dinge vandaan, en watter wysheid is aan Hom gegee, dat ook sulke kragte deur sy hande plaasvind? Is Hy nie die timmerman, die seun van Maria, en die broer van Jakobus en Joses en Judas en Simon nie? En is sy susters nie hier by ons nie? En hulle het aanstoot aan Hom geneem." Markus 6:2-3

[14] Dit is belangrik om daarop te let dat Spangenberg slegs diegene aanhaal wat met hom saamstem. Wanneer hy dus verwys na baie teoloë kan daar aangeneem word dat dit almal teoloë is wat sy siening deel. Daar kan dus 'n vraagteken oor die objektiwiteit van Spangenberg se aanhalings geplaas word.

In bogenoemde teks word Jesus die seun van Maria genoem en word daar geen melding van Jesus se vader gemaak nie. Spangenberg (2009b:1) wys daarop dat dit uiters vreemd is dat daar verwys word na Jesus as die seun van Maria, aangesien Joodse seuns se identiteit aan hulle vaders gekoppel word. Volgens hom kon ŉ mens eerder verwag dat Jesus die seun van Josef genoem moes word.

In Johannes 8:41 vind ons die volgende teks: "Julle doen die werke van jul vader. Toe sê hulle vir Hom: Ons is nie uit ontug gebore nie; ons het een Vader, naamlik God". Volgens Spangenberg (2009b:1) suggereer die feit dat daar van owerspel gepraat word, die moontlikheid dat Jesus buite-egtelik gebore was. Spangenberg (2009b:1) verwys na die volgende opmerking van Ritva Williams:

> "Both early (Mark) and later (John) sources support the contention that suspicions and/or allegations of Jesus' illegitimacy circulated in the first century and may even go back to the lifetime of Jesus."

Daar is ook die volgende teks in die evangelie van Thomas (105): "Jesus het gesê: Sal hy wat sy pa en ma ken, die kind van ŉ hoer genoem word?" Volgens Spangenberg (2009b:1) sinspeel hierdie teks op Jesus se waarskynlike buite-egtelike verwekking.[15]

Spangenberg (2009b:2) noem die moontlikheid dat Maria deur ŉ Romeinse soldaat met die naam Pantera verkrag is. Daar bestaan klaarblyklik so ŉ verhaal in een van Origenes (185-254 n.C.) se werke. Hy het beweer dat Jesus die buite-egtelike kind is van die Romeinse soldaat Pantera. Spangenberg (2009b:2) voeg by dat verkragtings baie algemeen in oorloë voorgekom het. Dit was ŉ wyse waarop die Romeinse soldate hulle meerderwaardigheid op ander afgedwing het. Hy verklaar ook; "dat gode nie kinders by mense verwek nie". Babas word volgens hom slegs gebore wanneer ŉ manlike spermsel ŉ vroulike eiersel bevrug. Daarom suggereer hy dat ŉ man Maria moes bevrug het. Of dit wel Pantera was, weet ons nie verseker nie, maar dat dit ŉ man was, weet ons onteenseglik (vgl. Spangenberg, 2009b:2).

### 2.3.4 Jesus se hellevaart en opstanding

Spangenberg (2004h:1) is van mening dat die leerstuk van Jesus se hellevaart vir baie Christene ŉ vraagstuk geword het, in so ŉ mate dat daar selfs baie Nuwe-Testamentici is wat glo dat hierdie leerstuk uit die Apostolicum verwyder moet word. Volgens die plek wat dit in die Apostolicum beklee, beteken dit dat Jesus letterlik in die hel was (vgl. Spangenberg, 2004h:1). Efesiërs 4:9, 1 Pet 3:19; 4:6 kan ook so geïnterpreteer word dat dit dien as bevestiging van Jesus se hellevaart.[16]

---

[15] Spangenberg ag die gnostiese en apokriewe boeke op dieselfde of selfs 'n hoër vlak as die Skrif. In hoofstuk vier sal daar volledig hierna gekyk word.

[16] Volledige bespreking in hoofstuk vier.

Volgens Spangenberg (2004h:1) is hierdie ook een van die leerstukke wat by uitstek bewys dat belydenisse kultuurgebonde is en dat ons dit kultuursensitief moet interpreteer. Volgens hom hang hierdie tekste en belydenisse saam met daardie mense se wêreldbeeld.

Hulle was vertroud met ŉ drieverdieping-heelal en het Jesus se oorwinning so omvattend beskou dat hulle dit van toepassing gemaak het op die totale kosmos. Spangenberg (2004h:1) verklaar dat dit wat sin gemaak het vir daardie mense nie meer vandag vir hom sin maak nie. Hy werk nie meer in ŉ drieverdieping-heelal nie, en kan daarom nie belydenisse nasê wat gegrond is op hierdie vertellings nie. Hy meen ook dat die kwessie van Jesus se hellevaart tydens die Protestantse Reformasie vergeestelik is (Spangenberg, 2004h:1). Hy beweer dat die belydenis vertolk is as ŉ beskrywing van Jesus se onmenslike lyding aan die kruis. Die afwys van die letterlike verstaan het gepaard gegaan met wanpraktyke in die destydse Katolieke kerk. Die priesters het onder andere verkondig dat ŉ mens jou afgestorwe familielede uit die hel kon terugkoop. Volgens Spangenberg (2004h:1) dwing die Protestantse kerke lidmate om te glo dat die opstanding van Jesus letterlik vertolk moet word. Spangenberg (2004h:1) plaas ŉ vraagteken by die konsekwentheid van die Protestantse kerke, aangesien hulle die hellevaart vertolk in ŉ nie-letterlike sin, maar die opstanding in ŉ letterlike sin.

Volgens Spangenberg (2004h:1) is die verhale met betrekking tot Jesus se opstanding ook nie werklik opstandingsverhale nie, maar eerder herverskyningsverhale. Al die evangelies bevat ook nie rekords van hierdie herverskynings nie (vlg. Spangenberg, 2004h:2). Markus is een so ŉ voorbeeld, en bevat geen rekord van so ŉ herverskyningsverhaal nie. Markus is die oudste van die sinoptiese evangelies en is geskrywe in 70 n.C. Markus se verhaal eindig waar Maria Magdalena, Maria die ma van Jakobus en Salóme na sononder na Jesus se graf toe gaan (Mark 16:1). Toe hulle by die graf aankom, het Jesus reeds opgestaan; ŉ jongman deel hulle mee dat Jesus opgewek is uit die dood. Hulle ontvang ook die opdrag om vir Petrus en die res te vertel dat Jesus reeds op pad is na Galilea toe en dat hulle hom daar moet ontmoet. Volgens Mark 16:8 het die vrouens so groot geskrik dat hulle uit vrees vir niemand vertel het nie. Volgens Spangenberg (2004h:2) bevat die ander drie evangelies al drie herverskyningsverhale alhoewel hulle nie almal eenders is nie. Aangesien dit egter kreatiewe herinterpretasies is, is hierdie verhale nie so versoenbaar met mekaar nie. Volgens Matthéüs is slegs twee vroue na Jesus se graf toe, naamlik Maria Magdalena en Maria die ma van Jakobus. Daar aangekom het ŉ engel hulle meegedeel dat Jesus op pad is na Galilea. Op pad na die dissipels loop die vroue hulle vas in Jesus (Matt 28:9-11). Jesus het hulle dieselfde opdrag gegee as die engel, naamlik om die broers te vertel dat hy op pad is na Galilea. Die dissipels het toe vertrek na Galilea, waar hulle Jesus by die afgespreekte plek naby ŉ berg ontmoet het. Volgens Spangenberg (2004h:2) het die skrywer die verhaal geskoei op die lewe van Moses wat ook op die Neboberg geklim het om die beloofde land te aanskou kort voor sy dood (Deut 34:1-6).

Lukas (Luk 24:13) vertel van twee reisigers wat op pad is na Emmaus, sowat twaalf kilometer noord van Jerusalem. Terwyl die twee besig is om die gebeure van die vorige dag te bespreek, sluit ŉ derde persoon by hulle aan. Die derde persoon gee toe voor dat hy niks weet nie, en hulle vertel hom van die vroue wat vroeg die Sondagoggend by die graf van Jesus was, maar niks gevind het nie.

Die engele deel hulle mee dat Jesus wel leef. Nadat die dissipels ondersoek ingestel het, bevestig hulle dat die graf wel leeg is. Die derde persoon het skielik vir hulle gedeeltes uit die Wet, Profete en ander geskrifte begin uitlê. Hy het dit op so ŉ manier gedoen dat die twee reisigers vir die eerste keer gesien het dat dit eintlik bedoel was vir die laaste tyd se gebeure (vgl. Spangenberg, 2004h:2).

By Emmaus aangekom, versoek hulle die derde persoon om te oornag. Eers aan tafel besef hulle wie hy werklik is net voordat hy plotseling verdwyn. Daarna keer hulle terug na Jerusalem om die dissipels hiervan te vertel. Daar aangekom, verskyn Jesus aan hulle en hulle nuttig saam ŉ maaltyd.

Spangenberg (2004h:2) voer aan dat mense dikwels bogenoemde gedeeltes gebruik om te bevestig dat Jesus in die Ou Testament voorspel word. Spangenberg (2004h:3) waarsku dat ons in gedagte moet hou dat dit nie die historiese Jesus is wat aan die woord is nie, maar die vertelde Jesus. Volgens hom beskik die skrywer van Lukas oor sy eie Jesus-karakter en kan hy Jesus laat sê en doen wat hy wil. In die spesifieke geval laat hy Jesus die Wet en die Profete so uitlê dat dit aansluit by die vroeë Christene se oortuigings dat daar reeds in die Wet en die Profete oor Jesus geskryf is (Spangenberg, 2004h:3).

Die vroeë Christene het gebruik gemaak van dieselfde uitlegmetodes as die Esseners van Koemran ("Qumran") ('n Joodse groep). Die spesifieke soort uitleg het bekend gestaan as die pesher-uitleg. Volgens Spangenberg (2004h:3) word baie van die Ou-Testamentiese tekste so uitgelê dat dit lyk asof dit eintlik bedoel was vir latere omstandighede. Hy verwys na een so ŉ voorbeeld as die Habakuk-kommentaar, waar Habakuk na die Babiloniese aanval verwys. Die Esseners het dit so geïnterpreteer dat dit lyk asof Habakuk eintlik na die Romeine verwys. Spangenberg (2004h:3) meen dat die vroeë Christene dieselfde uitlegmetodes gebruik het, soveel so dat dit eintlik gelyk het asof dit direk van toepassing is op hulle tyd en omstandighede. Volgens Spangenberg (2004h:3) word die kommunikasiegebeure in Lukas 24:13-35 soos volg voorgestel.

Jesus > boodskap (voorspelling in Wet en Profete) > twee dissipels

Bogenoemde is volgens Spangenberg (2004h:3) ingeweef in die breër kommunikasie van die evangelies wat soos volg voorgestel kan word:

**Skrywer** (Lukas) > **Teks** (evangelie) > **Leser** (vroeë Christene)

Die verhaal van Lukas is volgens Spangenberg (2004h:3) ŉ kreatiewe skepping van die skrywer. Volgens Lukas het Jesus aan die twee volgelinge op reis na Emmaus en ook aan die dissipels in Jerusalem verskyn. Dit stem geensins ooreen met die verhale van Matthéüs en Johannes waar die herverskyning in die streek van Galilea plaasgevind het nie. Volgens Johannes se weergawe is slegs Maria Magdalena die Sondagoggend na die graf.

Toe sy ontdek dat die graf leeg is, het sy die nuus aan Petrus meegedeel (Joh. 20:1-8). Petrus en nog ŉ dissipel het hulle gehaas na Jesus se graf en gevind dat Maria Magdalena wel die waarheid gepraat het. Net hierna het Jesus aan Maria Magdalena verskyn, maar sy het Hom nie dadelik herken nie (Joh. 20:14-17). Hierna gaan vertel sy dit aan die dissipels, waarna Jesus ook die Sondagaand aan al die dissipels verskyn, behalwe aan Thomas wat nie teenwoordig was nie. Sowat agt dae later verskyn Jesus weer aan sy dissipels. Hierdie keer is Thomas wel teenwoordig, en Jesus versoek hom om aan sy wonde te raak. Jesus het buiten hierdie verskyning ook ŉ derde keer aan die dissipels verskyn by die See van Galilea, waar hy saam met sy dissipels ŉ maaltyd geniet het (Joh. 21:1-14). Volgens Johannes het Jesus in beide Galilea en Jerusalem aan sy dissipels verskyn, in Galilea egter by die see en nie op ŉ berg nie soos Lukas vroeër beweer het nie. Spangenberg (2004h:3) meen dat ŉ mens in gedagte moet hou dat die evangelie aan die einde van die eerste eeu geskryf is. Johannes het dus die voordeel van die kennis gehad bo Matthéüs en Lukas en vertel sodoende dat Jesus in Galilea en Jerusalem verskyn het.

Volgens Spangenberg (2004h:3) vertel die skrywer van Handelinge ŉ heel ander verhaal as dié van die vier evangelies. Handelinge se skrywer toon onbetwisbaar dat Jesus in die loop van veertig dae tydens verskeie geleenthede aan sy dissipels verskyn het. Bogenoemde gebeure het keer op keer in Jerusalem plaasgevind (Hand 1:3-8). Spangenberg (2004h:3) gee te kenne dat Handelinge se skrywer ook beweer dat Jesus aan Paulus verskyn het, alhoewel die drie verhale ter bevestiging aansienlik van mekaar verskil (Hand 9:1-19; 22:6-16; 26:12-18). Spangenberg (2004h:3) verwys ook na Galasiërs 1:15-17 en 1 Korintiërs 9:1 en 15:8 ter bevestiging van bogenoemde.

Spangenberg (2004h:4) glo dat die herverskyningsverhale van Jesus ŉ geweldige groot rol gespeel het in die vroeë Christendom. Volgens hom is dit die oorsprong van geloof in Jesus se Messiasskap sowel as die oortuiging van die dissipels om die evangelieboodskap te verkondig.

Die verskeidenheid van kreatiewe herinterpretasieverhale bemoeilik egter die historikus se taak om ŉ betroubare verhaal te skep. Spangenberg (2004h:4) gee te kenne dat dit byna onmoontlik is om uit so ŉ veelheid van verhale ŉ enkele eenheidsverhaal te skep. Spangenberg stel (2004h:4) egter ŉ historiese nukleus vas wat die volgende elemente bevat:

Die belydenis dat Jesus opgestaan het en lewe. Dit was reeds vroeg al deel van die Christelike geloofstradisie soos deur Paulus vermeld in sy brief aan die Korintiërs (1 Kor 15:3-7).

Volgens Spangenberg (2004h: 4) is dit bo verdenking dat vroue die eerste getuies by Jesus se graf gewees het. Dit blyk ook asof hierdie aspek doelbewus uitgelaat is uit latere belydenisse, aangesien vroue in daardie era ŉ minderwaardige rol in die samelewing gespeel het.

Die feit dat die graf leeg was soos die evangelies beskryf, blyk bo verdenking te wees.

Spangenberg (2004h:4) verwys na die volgende aanhaling van die Franse kerkhistorikus Etienne Trocme:

> "So we suppose that the discovery of the empty tomb by the women who followed Jesus was by appearances of the Risen Christ, some granted to individuals, like Peter and James, and others to larger or smaller groups like the Twelve apostles, and even to a whole gathering. These appearances certainly took place in different places, some in Jerusalem, as the Gospel of Luke and John 20 affirm, and others in Galilee or elsewhere. As for their date, we can only say that they began shortly after the discovery of the empty tomb and that they lasted several months, perhaps several years, despite the effort made by the author of Acts of the Apostles to limit them to the forty days following the resurrection."

Die vraag is egter wat maak ons nou met die volgende gegewens: (a) daar was ŉ leë graf; (b) vroue was die eerste getuies van die leë graf; (c) Jesus se volgelinge het herverskynings beleef; (d) die belydenis dat Jesus opgestaan het, was baie vroeg alreeds deel van die Christelike tradisie. Volgens Spangenberg (2004h:4) kan ons bogenoemde gegewens soos volg in ŉ historiese verhaal verweef:

> "Jesus se kruisdood, die leë graf en die ervarings van die herverskynings lei tot die begin van ŉ nuwe groep binne Judaïsme. Hierdie groep (soos so baie ander groepe daardie tyd) kies Jerusalem as hulle tuisbasis. Die vertellinge in die Nuwe Testament gee blyke dat daar aanvanklik twee hoofleiers van hierdie nuwe groepering was: (1) Petrus en (2) Jakobus die broer van Jesus. Petrus was een van die eerste dissipels en het ŉ groterige groep om hom vergader. Jakobus het as die broer van Jesus die belange van die familie beskerm en het ook mense om hom vergader. Hier in Jerusalem beoefen hulle die godsdiens wat hulle Meester beoefen het (vroeë Judaïsme)."

Volgens Spangenberg (2004h:5) kom die werklike impulse vir ŉ nuwe godsdiens eers na die Joods-Romeinse oorlog en die val van die tempel in 70 n.C. tot stand. Hy verwys ook na Robert Coote wat dit soos volg opsom: "The Christianity of the New Testament began not with the birth, death, or resurrection of Jesus, but with the end of the temple to which the first cell of His followers was attached" (Spangenberg, 2004h:4). Uit hierdie smeltkroes het daar twee groepe ontstaan, naamlik die (1) Rabbynse Judaïsme en (2) Christendom.

Spangenberg (2004h:5) beklemtoon die belangrikheid van die historiese vertelling, aangesien die vroeë Christene hulle nie gedistansieer het van hulle medegelowiges wat vroeë Judaïsme beoefen het nie.

Volgens Spangenberg (2004h:5) was die vroeë Christene bloot ŉ messiaanse groep binne die vroeë Judaïsme. Spangenberg (2004h:5) verwys ook na die volgende bydrae van Rudolf Otto (1869-1937). Rudolf Otto was van mening dat enige godsdiens op twee bene staan, naamlik die "mysterium tremendum et fascinas". Dit verwys na ŉ mistieke ervaring van verwondering en ontsag. Spangenberg (2004h:4) verwys ook na die voorbeeld van Moses by die brandende bos.

Die vroeë Christene het die "mysterium tremendum et fascinas" ervaar waarna Rudolf Otto verwys het. Jerusalem se val in 70 n.C. het volgens Spangenberg (2004h:5) as ŉ katalisator gedien. Dit het ook aanleiding gegee tot verdere herinterpretasie van die Joodse tradisies tot die Christelike godsdiens van die eerste eeu (Spangenberg, 2004h:5).

Spangenberg (2004h:5) vra homself die vraag af: "Wat maak ons nou met die herverskyningsverhale?" Hy erken dat mense binne sy verwysingsraamwerk nie uit grafte opstaan en herverskynings beleef nie. Hy erken dat dit vir hom baie moeilik is om aan ŉ fisiese opstanding te glo, aangesien mense in sy wêreld nie opstaan uit die dode nie. Spangenberg (2004h:5) verklaar die herverskyning van Jesus soos volg: "Die eerste dissipels het so intens met Jesus saamgeleef, dat Hy na sy dood vir hulle steeds reëel was". Spangenberg (2004h:5) vergelyk die ervarings met sy ma se ervarings van sy pa se teenwoordigheid na sy dood. Die feit dat sy hom as ŉ werklikheid ervaar het, was vir haar geweldig ontstellend. Volgens Spangenberg (2004h:5) het sy ma selfs op ŉ stadium met sy oorlede pa begin praat. Sy het hom selfs in haar drome beleef. ŉ Psigiater moes haar help om met hierdie traumatiese ervarings vrede te maak. Vir vroeë Christene was herverskynings nie ontstellende ervarings nie. Dit was meer algemeen as vandag en deel van die kultuur en samelewing waarin hulle grootgeword het.

Volgens Spangenberg (2004h:5) het die lewe op aarde ŉ onafwendbare sikliese gang. Alle lewende organismes word een of ander tyd gebore en gaan een of ander tyd dood. Hy gaan selfs verder en beweer dat die groter kosmos ook funksioneer op die beginsel van hersirkulasie. In Spangenberg (2011:2) se nuutse skrywe *Niks leef voort na die dood* verklaar hy dat die mens nêrens in sy proses van evolusie ŉ siel bygekry het wat na die dood sal voortleef nie. Hy verwys na die mensdom as bloot "selfbewuste ape". Spangenberg (2011:2) stel dit duidelik dat niks buiten die materie waaruit ons bestaan sal bly voortleef nie, net soos wat niks voortleef wanneer 'n renoster of 'n olifant sterf nie.

Selfs die sterre word gebore, groei en sterf weer na miljoene jare. Spangenberg (2004h:6) verwys na die volgende aanhaling uit die boek *Die groot gedagte* deur Gideon Joubert:

"'n Katastrofiese toekoms wag op die son, die aarde en die ander planete. Wanneer die son oor 5000 miljoen jaar begin uitsit in die proses om ŉ rooireus te word, sal Merkurius verhit tot dit smelt en in gas verdamp.

ŉ Mens kan jou voorstel wat van die aarde sal word. Die temperatuur sal so toeneem dat alles wat lewe sal sterwe. Die see sal kook en verdamp.

Rotse en berge sal soos ys smelt. Mettertyd sal dit ook in gas verdamp wat met die swellende rooi son saamsmelt. Alles waarvan ons gemaak is, wat oorspronklik sterstof was, sal aan die hemelruim teruggegee word waarvandaan dit oorspronklik gekom het" (Joubert, 1997:75).

Spangenberg (2004h:6) stem saam met Joubert dat die kosmos geen mens spaar nie. Die kosmos ken aan geen mens ŉ spesiale plek toe nie. Ons mensspesie word soos alle ander lewende organismes gebore en sterf uiteindelik. Die belydenis dat Jesus opgestaan het, beteken geensins dat ons uitgesonder word van hierdie sikliese gang nie. Wanneer Spangenberg (2004h:6) bely dat Jesus opgestaan het, bely hy dat Jesus se opstanding deel van sy lewensverhaal moet word. Hy erken dat hy soos Paulus en ook die ander skrywers van die Woord betekenis gee daaraan deur dit te herinterpreteer. Die belydenis dat Jesus opgestaan het, kry volgens Spangenberg (2004h:6) betekenis wanneer iemand breek met die slegte dinge en ŉ nuwe mens word volgens Romeine 6 en Kolossense 3. Spangenberg (2004h:6) herformuleer die debat rondom Jesus se opstanding soos volg: "Jesus moet in my as een van sy volgelinge opstaan en teenwoordig word in hierdie wêreld."

### 2.3.5 Die dogma oor die kruisdood van Jesus

Spangenberg (2005a:1) voer aan dat verskeie konserwatief-georiënteerde teoloë van die vertrekpunt uitgaan dat daar al vir eeue een standaardverhaal van die Christelike godsdiens bestaan. Hulle beklemtoon ook dat mense nie hierdie verhale uit hulle duime gesuig het nie. Dit het werklik so afgespeel en staan immers so opgeteken in God se Woord. Spangenberg (2005a:1) verwys na hierdie standaard meesterverhaal soos volg:

Die hele mensdom stam af van een vader en moeder, naamlik Adam en Eva. Hierdie ouerpaar het die hele mensdom se lot verseël toe hulle na Satan geluister het en God se gebod oortree het. God het bestem dat die mens vir ewig moet lewe, maar vanweë hulle ongehoorsaamheid het die dood ingetree. Die hele Ou Testament vertel die verhaal van hoe God die weg voorberei het vir Jesus wat sou kom om die mag van Satan en die dood te verbreek.

Jesus het op die tyd wat God bestem het, as die ewige Seun van God uit die hemel gekom en mens geword. Jesus het as plaasvervanger vir die mens se sondes aan die kruis gesterf vir die ganse mensdom.

God het Jesus se offer vir die mensdom aanvaar omdat Hy ŉ lewe van totale gehoorsaamheid gelei het. Jesus het so die mag van Satan en die dood finaal verbreek.

Die resultaat hiervan is dat almal nou vir ewig kan lewe soos wat God dit oorspronklik bedoel het. Die bewys dat Jesus geslaag het in sy verlossingsplan, word bevestig deur sy hellevaart, opstanding, hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees.

Jesus sal weer kom om diegene wat sy verlossingsplan aanvaar het, te beloon en diegene wat dit verwerp het, te straf. Die beloning sal wees die ewige lewe en die straf die ewige verdoemenis (Spangenberg, 2005a:1).

Spangenberg (2009c:30) beweer dat ŉ intensiewe studie van die Ou en Nuwe Testament die laaste vier eeue getoon het dat hierdie sogenaamde meesterverhaal nie voorgehou kan word as ŉ verkorte weergawe van die Bybelverhale nie. Volgens Spangenberg (2009c:30) is hierdie meesterverhaal eerder ŉ produk van die Griekse en Latynse kerkvaders wat gedurende die tweede tot vyfde eeu geleef het. Spangenberg verwys na hierdie verhaal as ŉ kreatiewe vertolking van die Bybelverhale. Hieronimus (342-420), Ambrosius (339-397) en Augustinus (354 -430) het elkeen ŉ groot aandeel gehad in die ontwikkeling van hierdie meesterverhaal. Bogenoemde drie staan ook bekend as die Latynse Kerkvaders, want Hieronimus het die Bybel in Latyn vertaal en al drie se werke is in Latyn geskryf. Latyn het vir die volgende paar eeue die Westerse Christendom gedomineer (Spangenberg, 2009c:30).

Volgens die meesterverhaal word die kruisdood van Jesus in die Ou Testament voorspel. Spangenberg (2005a:2) beweer egter dat tekste soos Jesaja 52 en 53 geensins verwys na ŉ kruisdood nie. Daar is volgens hom geen sprake dat iemand gaan sterf om ander se sondes te versoen nie. Die evangelies wat oor Jesus se kruisdood handel, verwys duidelik na ŉ politieke gebeurtenis (Spangenberg, 2005a:2). Die bewys hiervan is die reiniging van die tempel en die feit dat so ŉ gebeurtenis die vrede van Jerusalem bedreig het. Die gevolg hiervan was dat Jesus deur die Romeine as ŉ rebel bestempel is en uiteindelik gekruisig is. Spangenberg (2004a:2) beweer dat die herinterpretasie van hierdie verhaal daartoe aanleiding gegee het dat die kruisiging verkeerdelik as ŉ offer verstaan word. Volgens Spangenberg (2005a:2), sowel as ander teoloë[17], was dit nie ŉ juiste interpretasie van werklike gebeure nie. Hy verduidelik dit aan die hand van die volgende:

[17] Alhoewel Spangenberg verwys na ander teoloë wat sy standpunt deel, het hy nie hulle name genoem nie.

Regdeur die Ou Testament is God gekant teen kinderoffers. Die feit dat Isak nie geoffer word nie, dien as ŉ bewys hiervan. Spangenberg (2004a:2) beweer selfs dat die verhaal van Isak vertel is met die doel om te bewys dat God gekant is teen kinderoffers. Alhoewel kinderoffers nie ongewoon was in die nabye Ooste nie, het die Israeliete nogtans daarteen gekies.

Die Nuwe Testamentiese skrywers, aan die ander kant, beskou ŉ kinderoffer (God offer sy seun) nou as prysenswaardig. Volgens Spangenberg (2005a:2) kies God in die Ou Testament uitdruklik teen sulke offers.

Geeneen van die Sinoptiese evangelies gee voor dat Jesus onder die toorn van God aan die kruis gesterf het nie. Markus 8:31-33; 9:30-32 en 10:32-34 "voorspel" die kruisdood van Jesus, maar heg geen dieper betekenis daaraan nie. Spangenberg (2005a:2) stel dit soos volg: "Nie een van die evangelieskrywers stel dit dat Jesus se kruisdood ŉ offergebeurtenis was nie. Hy sterf nie om ons van sonde te verlos, en ons in die hemel te kry nie". Jesus het God voorgehou by sy volgelinge as ŉ liefdevolle Vader. Jesus het selfs die verhaal van die verlore seun vertel wie se vader hom onvoorwaardelik vergewe het. Regdeur die evangelies skep Jesus die beeld van God se oneindige liefde (Spangenberg, 2005a:2).

God se goedheid (Jona 4:2) en barmhartigheid is ver verhewe bo enige offers. God se liefde is volgens Spangenberg (2005a:2) te omvangryk dat Hy sy Seun sal offer. Spangenberg (2005a:2) verwys na die volgende aanhaling uit die boek van Gunter Weber getiteld *I believe, I doubt* (1998)[18]:

> "Jesus had depicted his God in the image of the gracious father. His was a God who rushed towards his prodigal son without asking anything of him, takes him in his arms and forgives him unconditionally. However, it was not Jesus' picture of God that became the centre of the church's faith and worship, but the pagan mythical picture of a deity who had been infinitely insulted by the disobedience of a single individual and who could be reconciled only by human blood, the atoning death of his own Son... It was not the message of Jesus but the doctrine of his atoning sacrificial death which became the centre of the church's faith. For this doctrine of redemption ensures the church its significance, its status and its power, more than the message of Jesus."

Spangenberg (2005a:2) verwys ook na die volgende stelling van Weber wat handel oor die vertekende beeld van God uit die boek *I believe, I doubt* (1998):

[18] Spangenberg (2005a:2) het in beide bogenoemde gevalle nie bladsynommers verskaf nie.

"A God who enjoys the suffering of his creatures must be a malicious God. He is hardly any different from the cruel deities of prehistoric times to whom human torment was a welcome sacrificial food. He is a perverse God. That is not God of Jesus. From Jesus I get another picture of God, a God who wants human wellbeing, happiness, joy, wholeness: a God who does not want human suffering: a God who wants to free people from suffering... For the God of Jesus wants human well-being, joy, peace, happiness.

The God of Jesus does not want the cross. He does not want pain; he seeks the avoidance of pain and the healing of wounds. He does not want suffering. He wants suffering, distress, misery, hatred and enmity to be overcome; he wants tears to be dried."

Jesus se dood was eintlik nie ŉ sondeoffer nie, maar eerder die dood van ŉ martelaar vir die saak waarvoor hy gestaan het (Spangenberg, 2005a:3). Volgens hom het Jesus onwrikbaar geglo dat indien God in Palestina sou regeer het en nie die Romeinse keiser nie, die wêreld totaal anders sou gelyk het. Spangenberg (2005a:3) verwys na die volgende aanhaling van prof Cas Labuschagne[19] uit die boek *Zin en Onzin rond de bijbel: Bijbelgeloof, bijbelwetenschap en bijbelgebruik*:

"Als we even te rade zouden gaan bij het geschiedenisverhaal van Jezus in de drie synoptische evangeliën, moeten we concluderen dat deze auteurs de terechtstelling van Jezus hebben opgevat als de dood van een martelaar voor de zaak van het koninkrijk van God, en beslist niet als een zoenoffer."

Spangenberg (2005a:3) meen dat een van die hoofredes hoekom Jesus se kruisdood as ŉ offerdood geïnterpreteer word, saamhang met die gebeure in die jaar 70 n.C. In 70 n.C. het die Romeine Jerusalem verower en die tempel vernietig. Vir die Jode was hierdie ŉ geweldige traumatiese gebeurtenis aangesien die allerheiligste plek van aanbidding wat hulle geken het vir ŉ tweede keer in hulle geskiedenis vernietig was. Alle godsdienstige rituele het gevolglik tot stilstand gekom. Hierdie omstandighede het hulle gedwing om na te dink oor hulle geloof en die maniere waarop hulle daaraan uiting kan gee noudat hulle tempel nie meer daar is nie (vgl. Spangenberg, 2005a:3).

Baie Christene wat ook Jode was, het Jesus se kruisdood as die finale offer beskou en kon afskeid neem van die rituele offerdiens. Voortaan het hulle nie meer hulle geloof aan die fisiese stad Jerusalem gekoppel nie, maar eerder aan die hemelse Jerusalem, aangesien dit nie vernietig kan word nie. Spangenberg (2005a:3) verwys ook na die boek Hebreërs en hoe die skrywer van die boek die tradisionele Joodse rituele gebruike ombuig en herinterpreteer.

---

[19] Spangenberg (2005a:3) het geen jaartal of bladsynommers van die bron verskaf nie.

Spangenberg (2005a:3) glo dat God nooit die kruisdood van Jesus geëis het nie, en dat dit slegs gebeure was wat oor Jesus se pad gekom het. Baie vroeë Christene het die goedheid en liefde van God in hierdie gebeure raakgesien en hieraan gekoppel.

### 2.3.6 Die hemelvaart en wederkoms

Soos met die herverskyningsverhale van Jesus is daar baie uiteenlopende verhale oor Jesus se hemelvaart.

Die evangelie van Johannes en Markus lewer geen getuienis ten opsigte van Jesus se hemelvaart nie. Volgens Matthéüs 28:16-20 vind die hemelvaart in Galilea plaas; volgens die skrywer van Lukas vind die hemelvaart naby Bethanie buite Jerusalem plaas (Luk 24:50-53). Volgens Handelinge 1:1-11 vind dit in Jerusalem plaas (Spangenberg, 2004i:1).

Volgens Spangenberg (2004i:1) het hierdie verhale te doen met daardie mense se wêreldbeeld. Hulle het 'n drieverdieping-heelal geken en vertel dan ook verhale wat daarvolgens aangepas is, naamlik dat Jesus na die boonste verdieping vertrek het (Spangenberg, 2009c:54). Spangenberg (2004i:1) merk wel op dat geen vrou die hemelvaart van Jesus aanskou het nie, slegs die dissipels. Selfs die feit dat daar net mans was, verklap baie van daardie tyd se kultuur en samelewing. Spangenberg (2004i:1) verwys na die volgende aanhaling uit die boek *I believe, I doubt* geskryf deur Gunter Weber (1998:97-99):

> "When almost thirty years ago I made the acquaintance of biblical criticism through my semi-scholarly work in the Catechetical Institute, I found that the understanding of the Bible that it gave me was like a liberation. For so many events reported by the Bible had often seemed to me to be very improbable. I had found it too difficult for my faith to regard them as real events.
>
> And now so many of these difficulties had been removed. To believe as a Christian I no longer needed 'firmly to hold it to be true' that an angel appeared to the Virgin Mary to tell her that the Holy Spirit would come upon her and that she would bear a child.
>
> Nor did the heavenly host which sang their song of praise over the shepherds' fields any longer cause difficulties for my faith, since I now know that these images and legends presented post-Easter belief in the Messiah.
>
> I was no longer compelled to defend to myself and my audience that Jesus 'as Son of the Almighty God' had the power and the capacity to walk on the water, to multiply loaves, to turn water into wine, to open the eyes of people who had been born blind, to call the dead to life...

> And I no longer needed to imagine the resurrection of Jesus as a dead man coming to life again and rising from the tomb, after forty days to rise from the earth and to disappear in the clouds....
>
> Knowledge of the literary genres of the biblical texts at that time made it possible for me to assent intellectually to Christian faith while using all my critical faculties. Many difficulties which had been created by my need for intellectual honesty had fallen away....
>
> The recognition that the Bible expresses the interpretation of its experiences of God in images, legends, miracle stories or myths made it possible for me to gain access to the truth that it seeks to convey."

Volgens Spangenberg (2004i:2) moet die volgende in aanmerking geneem word wanneer daar oor die wederkoms gepraat word. Die wederkomsvertellinge vorm almal deel van die Apokaliptiese literatuur. Dit sluit in die mini-Apokalips van Markus 13, Matthéüs 24-25 en Lukas 21 tot by die groot Apokalips waarmee die kanon afsluit, naamlik die boek Openbaring. Spangenberg (2004i:2) benadruk die feit dat Apokaliptiese materiaal nie as geskiedenis gelees moet word nie.

Dit gaan eerder daaroor dat God in beheer is van die geskiedenis, sowel as die hoop dat Hy die mens in moeilike tye sal bystaan. Apokaliptiese literatuur is dus nie ŉ profetiese beskrywing van wat in die werklikheid gaan gebeur nie.

Spangenberg (2004i:2) erken dat hy nie glo in ŉ fisiese wederkoms nie. Die rede hiervoor is dat die soort literatuur waarin die wederkomsverhale ingebed is, nie deel uitmaak van geskiedkundige materiaal nie, maar eerder van Apokaliptiese materiaal. Die manier waarop Spangenberg (2004i:2) die kosmos verstaan, laat nie so ŉ wederkoms toe nie.

Die aarde is rond en daarom sou dit onmoontlik wees vir die ganse aarde om vir Jesus op een stadium te sien. Spangenberg (2004i:2) waarsku dat ons nie historiese vrae aan Apokaliptiese materiaal in ŉ moderne era moet vra nie. Dit sal onmoontlik wees om te beantwoord. Hy berus by die wete dat God op pad is na ŉ eindbestemming wat die mens nie kan voorspel nie. Spangenberg (2004i:2) verwys ook na wetenskaplikes se teorie dat die son sal uitswel totdat dit op ŉ sekere stadium die aarde verswelg.

ŉ Einde soos wat die tradisionele dogmas dit voorspel, maak volgens hom nie meer vandag sin nie.

### 2.3.7 Die dogma van erfsonde

Volgens Spangenberg (2004j:1) het godsdiensdebatte aangetoon dat daar duidelik twee groepe teenoor mekaar staan.

Een groep beklemtoon die tradisionele Christelike dogma waar die ander groep nuwere feite beklemtoon wat deur eeue se intensiewe Bybelnavorsing en wetenskaplike kennis aan die lig gebring is. Spangenberg (2004j:1) verwys na die tradisionele leerstuk oor sonde soos volg:

Die volgende tekste vorm almal ŉ integrale deel van die tradisionele leerstuk oor sonde: Genesis 2-3; Psalm 51:7; Romeine 5:12, 18-19. Hierdie leerstuk is grootliks te danke aan die kerkvader Augustinus (354-430).

Augustinus het geglo dat daar ŉ oer-egpaar Adam en Eva was, wat sowat 6000 jaar gelede geleef het. Hulle was perfek en sondeloos en die tuin waarin hulle geleef het, was onoortreflik. Hierdie wêreld het in duie gestort die dag toe Eva besluit het om God se gebod te verontagsaam.

God het die mens uitdruklik gebied om nie te eet van die boom van goed en kwaad nie, maar die slang het haar met slinkse redenasies oorreed. Eva het geëet en ook vir Adam daarvan gegee. Toe God daarvan hoor, het Hy hulle uit die tuin verban en ook baie swaar gestraf.

Die straf behels dat Adam van daardie dag af baie hard moes werk en dat Eva haar kinders met pyn die wêreld moes inbring. Die slang is ook gestraf en hy moes van daardie dag af op sy pens seil en daar was permanente vyandskap tussen die slang en die mens.

Die gevolg van hierdie oersonde is dat almal en alles nou stukkend was. Die hele mensdom is in ellende gedompel. Dawid het in Ps 51:7 die volgende geskryf oor hierdie pynlike toestand waarin die mens homself tans bevind: "Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang." Die ongehoorsaamheid van Adam en Eva het die mensdom soos 'n virus besmet. Paulus verklaar egter in Romeine 5 dat Jesus die ellende en sonde wat Adam in die wêreld ingebring het, omgekeer het. In die plek van sonde staan vergifnis en vryspraak. Jesus het die sonde op Hom geneem sodat die res van die wêreld kan leef. Bogenoemde is die Christelike leer oor sonde in kort opgesom (Spangenberg, 2004j:2).

Spangenberg (2004j:2) beweer dat Bybelwetenskaplikes die afgelope driehonderd jaar die boeke van Genesis, Psalms en Romeine intensief bestudeer het. Hierdie studies het getoon dat die tradisionele leerstuk oor die sonde berus op interpretasies wat nie waterdig is nie. Hy verwys na die volgende voorbeelde (Spangenberg, 2004j:2):

Daar is nie een skeppingsverhaal nie, maar twee (Gen. 1 en Gen. 2-3). Nie een van die verhale kan as geskiedenis geklassifiseer word nie (Spangenberg, 2004j:2). Dit beteken dat daar nooit ŉ regte Adam en ŉ Eva bestaan het nie, hulle was slegs verhaalkarakters. Genesis 2 en 3 vertel nie hoe sonde die wêreld ingekom het nie, maar hoe die mens sy paspoort om vir ewig te lewe, verbeur het. Die slang het Eva weggelok van die tweede boom – die boom van die ewige lewe. Die slang het haar die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad aangebied.

Volgens Spangenberg (2004j:2) is die slang nie verteenwoordigend van Satan nie. Latere vertellings het die slang gelyk gestel aan Satan. Die slang is ŉ verhaalkarakter wat net soos ander dierekarakters kan praat.

Psalm 51 is ŉ gedig wat vermoedelik nie deur Dawid geskryf is nie, maar deur ŉ onbekende skrywer na die Babiloniese ballingskap (587-539 v.C.). Die opskrif *ŉ Psalm van Dawid* is ŉ latere toevoeging.

Die woorde "Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore en in sonde het my moeder my ontvang" (Ps. 51:7) het volgens Spangenberg (2004j:2) niks met erfsonde te doen nie. Dit is eerder ŉ hiperbool waar die digter sy eie geneigdheid om verkeerd te doen betreur. In Romeine 5 stel Paulus die eerste Adam teenoor die tweede Adam. Die opmerklike is egter dat Paulus Eva glad nie vermeld nie.

Spangenberg (2004j:2) skryf dit toe aan die feit dat vroue as halfwas-mense beskou is. Eva kon tog nie die teenhanger van die manlike Jesus gewees het nie. Paulus se beheptheid met die wet is te wyte aan die feit dat hy self ŉ Fariseër was. Volgens Paulus het die wet geen rol meer te vervul nie. Jesus se kruisdood het die wet en die profete vervul.

Volgens Spangenberg (2004j:2) ontken toegewyde Bybelwetenskaplikes allermins die aanwesigheid van sonde. Hulle reken bloot dat mense nie sondaars is omdat hulle so gebore word nie, maar omdat hulle verkeerd kies en handel. Ons is daarom nie sondaars vanweë ons voorouers nie, maar vanweë die feit dat ons daagliks verkeerd kies en handel.

Spangenberg (2004j:2) verwys na die volgende aanhalings uit onlangse publikasies as bewys dat ander geleerdes sy oortuiging deel dat die Bybel nie erns maak met erfsonde nie. Die volgende gedeelte voer ook nie aan dat die dood deur Adam en Eva se toedoen in die wêreld in gekom het nie. Spangenberg (2004j:3) verwys na die volgende aanhaling van die Skotse Ou-Testamentikus Alastair G Hunter[20]:

> "We were not created evil; our birth is not inevitably contaminated by the genetic inheritance of a mythic fall from grace. It has always puzzled me that intelligent people, who are well aware of the nature of genetic processes and evolutionary biology, can still propound the inexpressible nonsense that, because some legendary forefather and mother committed wrongdoing, bad blood has somehow entered the human race."

James Barr word soos volg aangehaal deur Spangenberg (2004j:3):

[20] Spangenberg verwys telkens na die werke van James Barr, Sibley Tower, Freeman, Cees Den Heyer, Harold Kushner, Alastair Hunter sowel as Anne Primavesi sonder om volledige bibliografiese verwysings te verskaf.

> "The thought that *all* death, at all times and in all circumstances, is due to a primeval fault is difficult to take seriously, and all the more so when we perceive that Old Testament scripture by no means supports this idea.
>
> Similarly, the belief that God really, on the ground of a fault committed by two humans in the beginning of the world, ordained death as a destiny for all later humanity, throughout history, has truly staggering effects on the idea of God.
>
> Now modern Old Testament scholarship has, I think, been agreed that the Pauline use of the story (we should call it a use rather than an interpretation) does not fit the actualities of the text. In that sense, even if Brunner may have brushed aside Köhler's judgement in 1926, competent scholarship has continued to conclude that, at least on the negative side, Köhler was right. The story of Adam and Eve was not the story of the 'Fall of Man' in the traditional sense.
>
> At the end of a survey of mainstream modern scholarship, Sibley Towner (1984:81) pronounced it as 'univocal in all the literature of the main stream' that:
>
> There is no Fall in scripture, if by Fall one means the doctrine of the shattering of the divine image in humankind, the loss of immortality at an early moment in human history, and the inexorable transmission of the original sin through human genes ever after. There is no account of the origin of evil and no primeval encounter with Satan."

Spangenberg (2004j:3) verwys ook na die volgende aanhaling van die vroulike teoloog Anne Primavesi:

> "Since the time of Augustine, mainstream Christianity has held that without Adam's sin, there would be no death. But because Adam sinned and left us prey to the power of death, we need a saviour. The 'anthropo-logic' implies, indeed states, that we human beings were distinguished from all others by being created by God to live forever. Our salvation by Christ means that God's purpose stands, and that we alone, out of all species, are to be exempt from death."

Volgens Spangenberg (2004j:3) is die leer oor die erfsonde en die leer van die dood as die straf op sonde uitgediende leerstukke wat in ŉ argief hoort. Hy beweer ook dat Augustinus se kennis van Hebreeus gering was en dat hy op grond van Griekse en Latynse vertalings hierdie rare leerstellings geformuleer het. Augustinus se siening berus volgens Spangenberg (2004j:3) nie op goeie eksegese nie, maar eerder op filosofiese aannames wat ons nie verder kan onderskryf nie. Die studie van menslike gene en evolusionêre biologie maak dit ook onmoontlik om verder aan hierdie leerstellings te bly vasklou.

### 2.3.8 Die tradisionele Christelike mensbeskouing

#### 2.3.8.1 Augustinus die grondlegger

Volgens Spangenberg (2007b:1) kan ŉ mens nie anders as om ag te slaan op die waarnemings van Augustinus (354-430) ten opsigte van die tradisionele Christelike mensbeskouings nie.

Augustinus se verstaan vorm die grondslag van die tradisionele Christelike mensbeskouing. Volgens hom het God die perfekte wêreld geskape met die mens as kroon van die skepping.

Die mens is laaste geskape en het die opdrag gekry om oor alles te heers (Gen 1:28). Wat die mens nog meer besonders maak, is die feit dat die mens geskape is na God se beeld. Daar kan gesê word dat die mens afbeeldings van God is.

Volgens die tradisionele Christelike mensbeskouing gebaseer op Genesis 1 kan die volgende afgelei word (Spangenberg, 2007b:1):

- Die mens is die kroon van die skepping
- Die mens is die heerser oor die hele aarde
- Die mens is ŉ afbeelding van God

Bogenoemde skep egter ŉ baie positiewe beeld van die mens. Wanneer ŉ mens kyk na die mens dan lyk dit of dinge êrens drasties verkeerd gegaan het. Die vraag is egter waar het die fout by die mens dan ingesluip? Dinge het skeefgeloop toe die mens, die eerste man en vrou, Satan vatkans gegee het in hulle lewe. Genesis 2-3 vertel meer van hierdie gebeurtenis.

God het aan die mens ŉ proefgebod gegee. Van al die vrugte in die tuin mag hulle eet, maar van die boom wat in die middel staan, mag hulle nie eet nie. Sou hulle daarvan eet, is die dood hulle voorland. Soos wat Augustinus dit stel was Adam en Eva nie alleen hulle verhouding met God kwyt nie, maar ook die feit dat hulle draers was van God se beeld (Spangenberg, 2007b:2). Adam en Eva was dus nou sondaars en het ook sondige kinders voortgebring; hulle was besmet met die "virus" bekend as erfsonde.

Spangenberg (2007b:2) verwys na die volgende aanhaling van die Dordtse Sinode (1618-1619):

> "Die mens is van die begin af na die beeld van God geskape, versierd in sy verstand met ware salige kennis van die Skepper en ander geestelike sake; in sy wil en sy hart met geregtigheid en in al sy geleenthede met suiwerheid; sodat hy dus heeltemal heilig kan wees.

> Maar toe hy deur die ingewing van die duiwel en sy eie vrye wil van God afgewyk het, het hy homself van hierdie uitnemende gawes beroof; en hy het daarenteen in die plek daarvan oor homself gebring blindheid, verskriklike duisternis, ydelheid en verkeerdheid van oordeel in sy verstand; boosheid, weerspannigheid en hardheid in sy wil en sy hart, sowel as onsuiwerheid in al sy geneenthede.
>
> Net soos die mens na die val gewees het, was ook die kinders wat hy voortgebring het: hy het as verdorwene kinders voortgebring; sodat die verdorwenheid, volgens die regverdige oordeel van God, van Adam op al sy nakomelinge - Christus alleen uitgesonderd - oorgegaan het, nie deur navolging soos eertyds die Pelagiane beweer het nie, maar deur voortplanting van die verdorwe natuur (Murray, 1986:46)." [21]

Volgens Spangenberg (2007b:3) beweer Flip Theron dat die kerk met die leerstuk van erfsonde bloot vir Paulus nagepraat het.

Hy wys ook daarop dat daar geensins rekening gehou word met die feit dat Augustinus, sowel as vele ander teoloë, Genesis 1-3 en ook Romeine 5-8 verkeerd geïnterpreteer het nie.

#### 2.3.8.2 Pelagius en Julianus van Ecclanum

Spangenberg (2007b:3) beweer dat die Gereformeerde belydenisskrifte die sienings van Augustinus klakkeloos navolg. Pelagius was ŉ Britse teoloog asook tydgenoot van Augustinus. Hy het Augustinus se sienings met betrekking tot erfsonde ten sterkste teengestaan. Hy het ook geglo dat daar nie iets soos erfsonde bestaan nie.

Pelagius se oortuiging was dat babas nie as sondaars gebore word nie, maar dat hulle uit eie vrye wil sondaars word wanneer hulle verkeerd kies. Spangenberg (2007b:3) glo dat die woorde van Pelagius meer in lyn is met die Bybel as met die belydenisskrifte.[22] Spangenberg (2007b:3) verwys ook na die volgende woorde van Cas Labuschagne: "In de bijbelse zondeleer staat centraal dat de mens niet zondigt door wat hij krachtens zijn geboorte is, maar door wat hij tijdens zijn leven doet, door de (foute) keuzes die hij maakt". Spangenberg(2007b:3) vergelyk ook Labuschagne se woorde met van Cees den Heyer se uitspraak: "In de oudtestamentisch-joodse traditie doet de mens zonde, terwijl in de Christelijke traditie de gedachte van erfzonde ertoe heeft geleid dat de mens van nature een zondaar is".

---

[21] Hierdie aanhaling is afkomstig uit die Dordtse Leerreëls wat deel vorm van die Reformatoriese belydenisskrifte (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk3,4: Artikel 1, 2).

[22] Verwys spesifiek na die Dordtse Leerreëls.

In die jaar 415 was daar 'n hewige debat oor die kwessie van erfsonde. Die Christendom was in twee kampe verdeel, naamlik die volgelinge van Augustinus en die volgelinge van Pelagius. Die siening van Augustinus het getriomfeer en die volgelinge van Pelagius is deur die sinodes in Noord-Afrika veroordeel. Spangenberg (2007b:3) beweer dat die oorwinning van Augustinus grotendeels te wyte was aan die feit dat hy biskop was van Noord-Afrika.

In April 418 het daar selfs onrus uitgebreek tussen die volgelinge van Augustinus en dié van Pelagius, soveel so dat keiser Honorius die Pelagiane belet het om in Rome te kom (Spangenberg, 2007b:3).

Volgens Spangenberg (2007b:3) was dit nie net Pelagius wat Augustinus se sienings bestry het nie, maar ook die Italiaanse biskop Julian van Ecclanum. Richard Sorabji het geglo dat Pelagius die filosofiese stryd gewen het en Augustinus die politieke stryd.

Spangenberg (2007b:3) verwys ook na die volgende woorde van Freeman:

> "If Pelagius had prevailed on this (seksuele begeerte is nie sondig nie) and more generally on original sin, a British theologian would have been at the centre of Western theology, and Western attitudes to sexuality, and to much else besides, might have been very different."

**2.3.8.3 Die gevolge van die sondeval**

Spangenberg (2007b:4) is van mening dat die tradisionele Christelike mensbeskouing wel positiewe elemente bevat, maar dat daardie positiewe elemente ondermyn word deur wat oor die sondeval geglo word. Volgens Spangenberg (2004b:4) kan hierdie elemente soos volg opgesom word:

- Die beeld van God kwyt vanweë Adam en Eva se ongehoorsaamheid;
- vir altyd afgesny van God en woon "oos van Eden";
- besmet met sonde en dra deur die seksdaad hierdie virus aan hulle kinders oor;
- strafwaardig en leef onder God se permanente oordeel – dit is die rede waarom vroue swaar geboorte skenk, mans hard moet werk en almal sterf.

Die gevolg hiervan is dat daar in die tradisionele Christelike mensbeskouing uiters negatief na vroue gekyk word. Vroue is na regte slegter as mans, Eva was immers verantwoordelik daarvoor dat Adam in sonde geval het.

Augustinus is klaarblyklik beïnvloed deur die volgende woorde van Jesus in die apokriewe boek Sirag "Deur ŉ vrou het die ongeregtigheid begin en omrede haar moet ons elkeen sterwe". Spangenberg, (2007b:4) verwys na Sirag 24:3.

Augustinus het die idee dat sonde deur die seksdaad oorgedra word in die Christendom ingebring. Volgens Spangenberg (2007b:4) het hy selfs verder gegaan deur te sê dat seksuele begeerte sonde is.

Daarom moes Jesus uit ŉ maagd gebore word sodat Hy nie deur seksuele begeerte verwek is nie. Maria het dus sonder geboortepyne geboorte geskenk aangesien geboortepyne deel was van God se straf op die mensdom. Dit is volgens Spangenberg (2007b:4) ook een van die hoofredes hoekom die Katolieke so ŉ hoë agting het vir Maria.

Volgens Spangenberg (2007b:4) sal tradisionele Christene dadelik daarop wys dat die kruisdood van Jesus al die negatiewe gevolge van die sondeval omgekeer het. Aangesien Jesus nie op die normale manier verwek is nie, is Hy sonder erfsonde gebore. Deur die kruisdood het Jesus alle sondes op Hom geneem vanaf Adam tot die laaste mens wat ooit gebore gaan word. Jesus se oorwinning oor die dood het die straf ongedaan gemaak.

Wie ook al Jesus se verlossingsdaad aanvaar, staan nie meer onder die oordeel van God nie, maar word deur die Gees wedergebore as ŉ nuwe skepsel. Al hierdie nuwe skepsels behoort saam die liggaam of die kerk te vorm.

Spangenberg (2007b:4) verwys ook na Theron se stelling naamlik "die kerk is te vroeg vir die hemel en te laat vir die aarde". Volgens hom moet die nuwe nog finaal aanbreek, daarom is die Kerk nie perfek nie en sien ons nog nie ŉ nuwe skepping nie.

Eers wanneer Jesus terugkeer, sal Hy alles nuut maak, daarom sing tradisionele Christene van die Gereformeerde tradisie "Ek sien ŉ nuwe hemel kom, ŉ aarde nuut en vry" (Lied 602 in die Liedboek van die Kerk)[23].

#### 2.3.8.4 Redding en dankbaarheid

Volgens Spangenberg (2007b:5) gaan die tradisionele Christelike mensbeskouing in sy Gereformeerde baadjie selfs verder. Gereformeerdes beklemtoon dat diegene wat glo dat Jesus die straf namens die mens gedra het, uit dankbaarheid God se wil moet uitleef.

---

[23] Spangenberg verwys na Lied 602 (Liedboek van die Kerk) ter stawing van sy eie opinie asook dié van Theron (1978:97). Spangenberg bevraagteken die feit dat die mens na wedergeboorte 'n totale nuwe skepsel is en verskil dan so wesenlik van die Gereformeerde beskouing.

God se wil is dat ons onsself en ons naaste moet liefhê. Spangenberg (2007b:5) verwys na die volgende stelling van Johan Heyns: "En die pelgrimerende mens deur die hede op weg na toekoms – wat doen hy eintlik op sy weg? Hy rig tekens op van die naderende toekoms dit wil sê tekens van die koninkryk wat in sy heerlikheid en in ryke volheid verwesenlik word."

Die tien gebooie leer Christene om hulle ouers te gehoorsaam asook gesag te respekteer. Christene behoort hulself te weerhou van alle vorms van revolusie.

Hulle word gemaan deur God se Woord om ten alle tye die gesag bo hulle te respekteer. Vroue word voorts ook geleer om onderdanig te wees aan hulle mans na aanleiding van die feit dat Adam eerste geskape is en Eva daarna (Spangenberg, 2007b:5).

Spangenberg (2007b:5) vra die vraag: "Watter effek het hierdie mensbeskouing op jouself en andere gehad, en watter effek het dit steeds op Christene wat die tradisionele sienings huldig?"

Spangenberg (2007b:5 & 6) lys die volgende vrae ten opsigte van bogenoemde:

- Red God alleenlik dié wat in Jesus glo en is hulle dan die uitverkorenes? Is die res van die mensdom wat nie in Jesus glo nie, gedoem tot die hel? Watter effek het hierdie beskouing op Christene se menseverhoudings?

- Kan die Christelike mensbeskouing uitgesonder word as die enigste ware en korrekte een? Wat van ander mensbeskouings en tradisies?

- Gaan daar werklik iets soos 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde kom? Watter effek het hierdie toekomsverwagting op Christene?

- Word babas regtig "in sonde ontvang en gebore"? Hoe beïnvloed hierdie soort uitkyk jou verhouding met jou eie kind?

- Is die dood God se straf en moet die mens vrees daarvoor?

- Is homoseksualiteit een van die gevolge van die sondeval?

- Is seksuele drange sonde en behoort die seksdaad alleenlik beoefen te word om kinders te verwek? Is seks as rekreasie sonde?

- Wat is die rede hoekom blanke vroue eers in 1930 stemreg verkry het? Was hulle slegter burgers as mans?

- Hoekom is vroue eers laat in die tagtigerjare toegelaat tot kerkampte?

- Is die aarde en alle dierespesies vervloek en toon hulle die tekens van die sondeval? Wat behoort ons verhouding teenoor alle lewende dinge te wees?

### 2.3.9 Die Drie-eenheid in ’n ander baadjie[24]

Spangenberg (2004c:1) verklaar dat verskeie teoloë die Drie-eenheid as ’n handige stok gebruik het om na die gespreksgenote van die Nuwe Hervorming te slaan. Hierdie teoloë beweer dat die "Nuwe Hervormers" hulself uit die Christelike tradisie gedefinieer het. Spangenberg (2004c:1) het gepoog om met hierdie artikel te bewys dat die Nuwe Hervormers net so deel is van die Christelike geloof soos enige ander tradisie.

Volgens Spangenberg (2004c:1) is daar twee benaderings wanneer ’n mens oor die Goddelikheid van Jesus wil skryf: (a) ’n mens kan dit van bo benader en 'n verhewe Christologie daarstel of (b) ’n mens kan dit van onder benader en ’n aardse Christologie daarstel. Beide hierdie benaderings het hulle oorsprong in die Nuwe Testament.

Hy beweer dat die skrywers van die sinoptiese evangelies werk met die benadering "van benede", terwyl Johannes en Paulus werk met die benadering "van bo".

Die benadering van bo het uiteindelik getriomfeer in die teologieë van die Griekse en Latynse kerkvaders, sowel as in die belydenisdokumente. Dit beteken volgens Spangenberg (2004c:1) nie dat ons die benadering van benede glad nie meer vandag kan gebruik nie; inteendeel, hy beweer dat ons kennis van die tyd waarin Jesus geleef het na so ’n benadering vra.

Die manier en die wyse waarop Nuwe Testamentiese skrywers en die kerkvaders die saak benader, laat volgens Spangenberg (2004c:1) se mening nie reg geskied aan ons hedendaagse kennis en konteks nie. Spangenberg (2004c:1) verwys na die volgende stelling van James Charlesworth:

> "Dogmatics has been important in Christian history to clarify and defend the faith. That should be acknowledged, but it does not mean that what was defined as Christian faith for St. Augustine must be operative and constricting for us today. I am convinced that Augustine would have been opposed to such a move.

---

[24] Spangenberg se siening oor die Triniteit sowel as kosmologie, geologie en teologie (2.3.10) is nodig om die implikasies van sy Skrifbeskouing te illustreer. Hy kan alleen tot 'n bepaalde Christologie kom omdat hy 'n bepaalde (ongereformeerde) Skrifbeskouing huldig.

> It is now clear that we have insights into Jesus' time which Augustine did not know about, and that this new information, as well as the cultural climate at the end of the second millennium, necessitates finding new ways of expressing our understanding of Christian faith. Augustine struggled to shape faith — rather, the art of believing — for his time. Do we not have the same responsibility?"

Volgens Spangenberg (2004c:1) moet enige teoloog wat oor Jesus wil skryf, eers die volgende vraag beantwoord "Watter godsdiens het die historiese Jesus en sy ouers beoefen?" Bogenoemde is van die allergrootste belang aangesien dit ŉ bepalende rol gaan speel in die verloop van die teologiese argument. Bybelwetenskaplikes is van mening dat Jesus en sy ouers se geloof deel uitgemaak het van die Judaïsme van die Tweede Tempeltydperk (512 v.C. – 7 n.C.). Jesus is besny, het die tempel en sinagoges besoek sowel as die Sabbat gevier en offers gebring. Hierdie Judaïsme het volgens Spangenberg (2004c:1) besonder klem gelê op die eenheid van God. Daar kan dus aanvaar word dat die historiese Jesus se Godsbegrip monoteïsties (die geloof in slegs een God) was. Spangenberg (2004c:1) gee te kenne dat Jesus nooit gedurende sy leeftyd die Drie-eenheid verkondig het nie. Hy het ook nooit verklaar dat Hy as die ewige Seun van God van altyd af bestaan nie.

Volgens Spangenberg (2004c:2) is mense se reaksie op bogenoemde stelling gewoonweg om na die Johannes-evangelie te verwys. In Johannes 14:9-11 stel Jesus Homself gelyk met God deur die volgende woorde: "Glo My dat Ek in die Vader is, en die Vader in My; of anders, glo My ter wille van die werke self".

Daar moet in gedagte gehou word dat die Johannes-evangelie eers aan die einde van die eerste eeu n.C. geskryf is. Volgens Spangenberg (2004c:3) was daar 'n ander beklemtoning in die eerste drie evangelies. Aangesien daar duidelike verskille is tussen die sinoptiese evangelies en die evangelie van Johannes, kan die Jesus-karakters nie met mekaar vermeng word nie.

Nêrens in die eerste drie evangelies (die oudste kanonieke evangelies) maak Jesus daarop aanspraak dat Hy en die Vader een is nie. Uit die eerste drie evangelies is dit duidelik dat Jesus God as Vader aangespreek het en sodanig die karaktereienskappe van God uitgeleef het, naamlik liefde, barmhartigheid, empatie, ens.

Johannes aan die ander kant skep die beeld van Jesus as 'n hemelse reisiger wat tydelik op aarde kom woon. Spangenberg (2004c:3) verklaar dat Johannes se Jesus meer tuis was in die Hellenistiese wêreld as in die Joodse wêreld waarin Hy self geleef het.

Spangenberg (2004c:3) beweer dat die koninkryk van God waarvoor Jesus hom in die sinoptiese evangelies beywer het, te doen het met God se regering hier op aarde, en nie met ŉ hemelse koninkryk nie.

Jesus wou beklemtoon dat, indien God regeer, die wêreld van sy dag anders sou gelyk het as die wêreld van die Romeinse en Joodse godsdiensleiers. Gedurende daardie tyd het godsdiensleiers die klem laat val op reinheid. Die hele samelewing was rondom die idee van reinheid gestruktureer. Wie heilig geleef het, is as ŉ kind van God bestempel.

Reinheid het ook ŉ hiërargiese struktuur gehad. Aan die bopunt is die priesters en Leviete, gevolg deur die Jode en dan die bekeerde Jode. Die onderpunt van die hiërargie het bestaan uit mense van gemengde bloed, gevolg deur mans sonder testikels en ander geslagsorgane.

Jesus het hom totaal en al teen hierdie strukturering van die Joodse tradisie verset (Spangenberg, 2004c:3). Hy het barmhartigheid en liefde kom beklemtoon deur te meng met die onreine wat destyds as sondaars geklassifiseer is. Jesus het toegelaat dat melaatses Hom omring, Hy het maaltyd gehou saam met die sondaars. Jesus gebruik ook die verhaal van die barmhartige Samaritaan om te beklemtoon dat reinheid nie vir God belangrik is nie, maar eerder barmhartigheid. Jesus verklaar ook: "Wees barmhartig soos wat julle Vader barmhartig is" (Luk 6:36), wat teenoor die spreuk "Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig" staan (Lev 19:2).

Volgens Spangenberg (2004c:3) is daar ook twee ander vrae wat teoloë moet beantwoord: (a) Wat is die geboorte-uur van die Christelike godsdiens? Is dit 4 v.C. (die geboortedatum van die historiese Jesus), is dit 33 n.C. (sterfdatum van die historiese Jesus), of 70 n.C. (die val van Jerusalem en die vernietiging van die tempel)? (b) Sedert wanneer is Jesus die waarheid die weg en die lewe? Bybelwetenskaplikes meen dat die Christelike godsdiens eers na 70 n.C. begin het.

Spangenberg (2004c:3) verwys na die stelling van die Ou-Testamentikus Robert Coote:

> "The Christianity of the New Testament began not with the birth, death or resurrection of Jesus, but with the end of the temple to which the first cell of his followers was attached."

Spangenberg (2004c:3) is van mening dat die vroeë Christene slegs maar ŉ groepering was binne die Judaïsme van die Tweede Tempeltydperk.

Daar was twee prominente groepe tussen hierdie groepe, naamlik Arameessprekende Christen-Jode, sowel as Griekssprekende Christen-Jode. Paulus het hom by die Griekssprekende Jode geskaar, terwyl Petrus en Jakobus die leiers van die Arameessprekende Jode was. Volgens Spangenberg (2004c:3) het die Jerusalemgroep, anders as die ander groep, streng probeer hou by Joodse tradisies. Handelinge verwys na sommige insidente waar daar spanning tussen die twee groepe ontstaan, met spesifieke verwysing na die debatte oor die besnydenis en die dieetvoorskrifte. Die Jerusalemgroep het in afwagting op die wederkoms van die Here geleef.

Toe die wederkoms nie aanbreek nie en toe die Romeine in 70 n.C. Jerusalem inneem, moes ook hierdie Christene Jerusalem noodgedwonge verlaat. Volgens hom is dit in so ŉ krisisuur wat mense oor hulle godsdiens begin nadink. Die rabbyne het saamgetrek by Jamnia en Judaïsme is nou baie duidelik omskryf (Spangenberg, 2004c:4).

Dit het daartoe aanleiding gegee dat hulle hulself van die Christen-Jode gedistansieer het en hulle die sinagoges verbied het. Tydens die warboel van gebeure het die Grieksprekende Christen-Jode se sienings getriomfeer (Spangenberg, 2004c:4). Die Christendom was dus aanvanklik gevarieerd totdat Theodosius die Grote (379-395) Christene gedwing het om uit een mond te praat.

Jesus se woorde "Ek is die weg, die waarheid en die lewe" kom voor in die Johannes-evangelie (Joh. 14:4). Volgens Spangenberg (2004c:4) is die uitspraak nie gemaak deur die historiese Jesus nie. Die woorde is in die mond van die Johannes-evangelie gelê om daardeur te beklemtoon dat die Christene wat uit die sinagoges verdryf word, nie meer die Wet as oriënteringspunt gebruik nie. Die wet is nie meer die weg, die waarheid en die lewe nie, maar Jesus is. Spangenberg (2004c:4) maan dat hierdie teks in sy oorspronklike konteks verstaan moet word. Dit is spesifiek gerig teenoor die Jode wat hulle tydgenote, en mede-Jode wat Christene geword het, uit die sinagoges geban het. Die evangelie verraai baie ten opsigte van die omgewing waarin dit geskryf is. Dis ŉ omgewing waar die breuk tussen Christene en Jode op ŉ spits gedryf is. Dit is ook een van die redes vir Jesus se kru uitspraak in Johannes 8:44 naamlik: "Julle het die duiwel as vader" (Spangenberg, 2004b:4). Dit is nie die historiese Jesus wat hierdie woorde uiter nie, maar eerder die vertelde Jesus soos geskets deur die skrywer van die Johannes-evangelie. Die Jesus wat deur Johannes geskets word, verskil volgens Spangenberg hemelsbreed van die karaktertrekke van die Jesus van die sinoptiese evangelies.

Spangenberg (2004c:4) beweer dat studies die afgelope paar dekades getoon het dat Jesus en sy verkondiging gesien moet word teen die agtergrond van Judaïsme tydens die Tweede Tempeltydperk. Baie van die latere uitsprake oor Jesus het te make met die feit dat Christen-Jode nou oor die Grieks-Romeinse wêreld verstrooi is en dat hulle hulself in daardie atmosfeer moes handhaaf. Dit is dieselfde wêreld waarin Paulus tuis was en volgens Spangenberg is dit een van die redes waarom Paulus verwys na "Christus Jesus" en nie "Jesus Christus" nie (Spangenberg, 2004c:4). Daardeur het Paulus die wese van ŉ Jood bevestig asook die goddelikheid van Jesus. Dit is in hierdie Hellenistiese samelewings dat die vertellings oor Jesus se hellevaart, opstanding en hemelvaart gegroei het tot wat dit vandag is.

Spangenberg (2004c:3) gee ook te kenne dat ons in gedagte moet hou dat die vertellinge van Jesus se hellevaart (Ef 4:9, 1 Pet 3:19), sy opstanding (Mat 28:1-10, Luk 24:1-12) en hemelvaart (Hand 1:9-11, Luk 24:50-53) ingebed is in daardie mense se kenniswêreld.

Aangesien hulle ŉ drieverdieping-heelal geken het, skets hulle Jesus se triomf teen die agtergrond van ŉ drieverdieping-kosmos. Spangenberg (2004c:4) erken dat die vertellinge van Jesus se hellevaart, opstanding en hemelvaart nie net as wolhaarstories afgemaak moet word nie, maar dat dit kultuursensitief bestudeer en geïnterpreteer moet word. ŉ Mens het hier met mitiese inkledings te make en mites is nooit waar of onwaar nie, maar eerder lewendig of dood. Robert Lane, soos aangehaal deur Spangenberg (2004c:5), stel dit soos volg:

> "We cannot refute a myth, because as soon as we treat it as refutable it is no longer a myth but has become hypothesis or history. We need not believe everything we read in the Bible as literally true (because it's not), but it can be read as pointing towards truth, or truths, about human history."

Spangenberg (2004c:5) beweer dat daardie gelowiges alleen wou verkondig dat die saak van Jesus nie afgeloop was nie. God se karaktereienskappe soos liefde, barmhartigheid en vergewensgesindheid is steeds net so ŉ werklikheid wat mense deur die Gees kan beleef.

Die volgende vraag is of gelowiges wat die hellevaart, die opstanding en hemelvaart nie meer as historiese gebeure erken en bely nie, nog geklassifiseer kan word as Christene. Spangenberg (2004c:5) verwys na John Macquarrie (1990:412) se antwoord hierop:

> "Suppose in our account the career of Jesus we had felt compelled to draw the bottom line under the cross? Suppose we omitted "joyful mysteries" that traditionally came after the cross? Would that destroy the whole fabric of faith in Christ? I do not think so, for the two distinctive Christian affirmations would remain untouched - God is love, and God is revealed in Jesus Christ. These two mysteries would stand even if there were no mysteries beyond Calvary."

Dít is volgens Spangenberg (2004c:5) die soort Christologie van benede; die Christologie wat erns maak met die historiese Jesus en die wêreld waarin Hy geleef het. Hy verklaar ook dat dit na reduksie van die Christelike geloof mag klink vir diegene wat nie die worstelpad saam met kritiese Bybelwetenskaplikes geloop het nie, alhoewel dit allermins die geval is. Hierdie Jesus wat mense deur kritiese studies leer ken, laat jou hart net so warm klop soos die vertelde Jesus van die evangelies. Die vraag oor die Drie-eenheid kan soos volg beantwoord word:

Die idee van ŉ Drie-eenheid, een wese in drie persone, is volgens Spangenberg (2004c:5) ŉ interpretasie en konstruksie van die Griekse en Latynse kerkvaders. Dit is bloot hoe hulle in hulle tyd Jesus verwoord en relevant probeer maak het.

Spangenberg (2004c:5) verwys daarna dat tradisionele dogmas slegs maar "gekontekstualiseerde metafore" is. Dit is onmoontlik om God volledig te omskryf, en alhoewel die kerkvaders se omskrywing reg en goed was vir daardie tyd, is dit nie meer van toepassing op die hedendaagse nie.

Indien ons werk met die begrip van panteïsme, met ander woorde God is in alles maar God is ook meer as alles, kan ons wel sê dat God in Jesus teenwoordig was. John Selby Spong, soos aangehaal deur Spangenberg (2004c:6), stel dit soos volg:

> "God is beyond Jesus, but Jesus participated in the being of God, and Jesus is my way into God."

Spangenberg (2004c:6) glo dat Jesus ŉ besondere Joodse profeet en wysheidleermeester was. Jesus was gevul met God se Gees en God het sy hart aan Jesus se tydgenote gedemonstreer deur sy liefdevolle karakter. Jesus het God se liefde aan sy tydgenote geopenbaar en daardeur aan hulle bewys dat God meer begaan is oor liefde, vergewensgesindheid, barmhartigheid en sorg as oor reinheid. Die Drie-eenheid moet volgens Spangenberg (2004c:6) nie as ŉ uitspraak oor God se wese verstaan word nie, maar eerder as ŉ uitspraak oor hoe mense God se handelinge ervaar het. Selfs ná die kruisiging het mense begin praat oor die teenwoordigheid van die Gees – hierna kan verwys word as ervaringstriniteit. Die mense van daardie tyd het iets oor die goddelike in Jesus ervaar, ons ervaar dit vandag nog as ons Jesus teen die Joodse wêreld van sy dag interpreteer.

Ons kan Jesus sien en ervaar as ŉ besondere openbaring van God se liefde, barmhartigheid en vergewensgesindheid. Diegene wat leef deur die Gees sal getuig dat dit die rigting is waarin die Gees van God ons lei.

Die Nuwe Hervormers werk met ŉ aardse Christologie of ŉ Christologie van onder waarin daar erns gemaak word met die historiese Jesus. Daar word nie gespekuleer oor hoe God is nie, maar eerder oor hoe hulle God ervaar. Die feit dat Jesus God se karakter aan die mens openbaar het, maak dat ons vandag uitreik teenoor andere in nood.

Dit maak volgens Spangenberg (2004c:7) nie sin om gelowiges van die een en twintigste eeu te beveel om die tradisionele interpretasies van die Woord te aanvaar en die tradisionele verwoordings van die geloof te bly handhaaf nie. Spangenberg (2004c:7) verwys na die Nuwe-Testamentikus John Suggit (1997:128) se woorde:

> "We today need a richer vision of God, not confined to credential formularies, however important these may be. The doctrine of the Trinity tells of a God who gave himself in love to the world in Jesus and who continues to challenge and empower the church to respond to his love in the changing situations of the world.

> The danger of fundamentalism in any form, is that the truth once given is immutable and fixed, either in the words of scripture or in dogmatic pronouncements."

Spangenberg (2004c:7) voeg by dat diegene wat die Nuwe Hervormers as ketters wil bestempel en meen dat hulle hulself buite die Christelike tradisie gedefinieer het, moet nadink oor die volgende stelling van Maurice Wiles (1999:74):

> "So giving expression to the Christian belief is never a matter of simply being faithful to the teaching of the past, of preserving the deposit of truth as it has been handed on to us by previous generations. Every generation has the task of constructing forms of belief and practice appropriate to its own times and culture."

Spangenberg (2004c:7) beklemtoon die feit dat nuwe tye nuwe verwoordings van die geloof vereis. Belydenisskrifte, dogmas en liedere bly mensewerk. Daarom kan geen kerk staatmaak daarop dat hulle verwoording van die geloof absoluut en finaal is nie. Alle verwoordings bly voorlopige verwoordings van ŉ gedeeltelike ervaring.

### 2.3.10 Kosmologie, geologie en teologie

In Openbaring 21 skryf Johannes, die skrywer van dié boek, die volgende: "En ek het ŉ nuwe hemel en ŉ nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie".

Bogenoemde skep die illusie dat daar nie eendag ŉ see gaan wees nie. Volgens Spangenberg (2005b:1) het verskeie mense al hierna uitgevra. Sy antwoord sal soos volg wees: ŉ Mens moet die antieke skrywers se beeld van die kosmos in gedagte hou.

Volgens hulle het die kosmos uit drie dele bestaan (Spangenberg, 2009c:54), naamlik:

(a) Die hemel, (b) die aarde en (c) die ruimte onder die aarde. Volgens hulle was die aarde soos ŉ plat skyf wat op pilare gerus het.

Die see was deel van die chaoswater wat die ruimte onder die aarde gevul het. Die chaoswater kon grootskaalse skade aanrig. Dit kon skepe laat sink, die land verspoel, of selfs natuurrampe veroorsaak.

Volgens Spangenberg (2005b:1) het die skrywer van Openbaring die hoop gekoester dat die onderste gedeelte, wat gevul is met chaoswater, sal verdwyn. Die aarde en die hemelruim sal dan met mekaar verweef wees, aangesien die nuwe Jerusalem klaar gebou uit die hemel neergelaat sal word.

Ons hedendaagse beeld van die kosmos verskil totaal en al van hierdie skrywer s'n. Wetenskaplikes glo nie meer dat die kosmos uit drie verdiepings bestaan nie. Verder weet ons dat die aarde rond en baie oud is, ook dat die kontinente vroeër anders gelyk het as vandag.

Ons is deeglik bewus van tektoniese plate en weet ook van die verskuiwing van eilande en kontinente. Ons is bewus daarvan dat die aarde een van nege planete is wat om die son wentel. Ons sonnestelsel is ook deel van vele ander sonnestelsels wat deel vorm van die melkweg-galaksie (Spangenberg, 2005b:1).

Vandag se kosmologiese en geologiese kennis is nie sonder stryd bekom nie. Galileo Galilei (1564-1642) was maar een van die wetenskaplikes wat ŉ prys moes betaal vir hierdie nuwe paradigmaverandering. Die ontdekking van ander kontinente het volgens Spangenberg (2005b:1) dikwels met lewensverlies gepaard gegaan. Ten spyte hiervan het die ontdekkingsreisigers deurgedruk om so die mens se aardrykskundige kennis te verbreed. Geoloë in later jare het ook die rotse en berge van die aarde bestudeer om die ouderdom van die aarde te bepaal (Spangenberg, 2005b:1).

Volgens Spangenberg (2005b:1) is dit nie net die mens se beeld van die kosmos wat verander het nie. Hy beweer dat dit onafwendbaar is dat die mens se beeld van God ook sal verander. Baie mense ontken dit heftig, maar wanneer daar besef word dat die antieke mense se beeld van die kosmos en hulle Godsbeeld soms verweef was, maak dit meer sin. Ons kan die skrywer van die boek Openbaring as voorbeeld gebruik. Sy Godsbeeld sluit ten nouste aan by sy beeld van die kosmos en die metafore wat hy gebruik, verraai dit.

Volgens hom woon God op die boonste verdieping en sit daar iewers op die troon en heers soos ŉ koning. Hy gebruik ook beelde uit die wêreld van mense om God mee te teken. Daarom vertel hy ook dat God ons trane sal afdroog (Open 21:4).

Dit is volgens Spangenberg (2005b:2) verkeerd om natuurrampe as dade van God te bestempel. Spangenberg (2005b:2) sluit af met ŉ aanhaling uit Harold Kushner se boek *When bad things happen to good people*:

> "The flood that devastates a town is not an act of God, even if the insurance companies find it useful to call it that. But the efforts people make to save lives, risking their own lives for a person who might be a total stranger to them, and the determination to rebuild their community after the flood waters have receded, do qualify as acts of God."

### 2.3.11 Evolusie (Charles Darwin en die Christelike geloof 1809-2009)

ʼn Volledige opsomming van Charles Darwin se teorie is beskikbaar op die Nuwe Hervorming Netwerk se webtuiste (Spangenberg, 2009a). Dit is duidelik dat Spangenberg ʼn voorstander is van evolusie. Hy som die gevolge van evolusie vir die Christelike geloof as volg op:

#### 2.3.11.1 Die gevolg hiervan vir die Christelike geloof

Darwin word volgens Spangenberg (2009a:3) ook die "Nikolas Copernicus" van biologiese wetenskappe genoem. Die omwenteling wat Darwin se teorieë teweeg gebring het, is vergelykbaar met die omwenteling wat Copernicus in die sterrekunde gebring het.

In beide gevalle het hulle sienings van hulself en hulle wêreld radikaal verskil van die tradisionele. Terwyl kerke reeds Copernicus se sienings aanvaar het, sukkel hulle egter steeds om die sienings van Darwin te aanvaar. Spangenberg (2009a:3) meen dat die rede hiervoor saamhang met die feit dat die Christelike geloof verweef is met die tradisionele siening van 'n drieverdieping-heelal.

Tydens Darwin se leeftyd het die algemene beskouing geseëvier dat die aarde in 4004 v.C. geskape is. Die deursnee Westerling het geglo dat God alle dier- en plantspesies soos hulle dit geken het, ook so geskape het. Die idee dat die aarde in 4004 v.C. geskape is, het hulle volgens Spangenberg (2009a:3) by die Ierse biskop James Usher gekry (1581-1656).

Hierdie siening word gebaseer op ʼn noukeurige bestudering van die Bybel se geslagsregisters. Dit het in ʼn stadium so waar en betroubaar gelyk dat dit selfs in die *Authorized Version* van die King James Bybel opgeneem is.

Afgesien van dié idees, was daar ook die idee dat daar ʼn vaste rang en ʼn orde in die skepping bestaan. Mense het daarna verwys as "The great chain of being". Dit kan vergelyk word met 'n leer. Net soos daar verskillende trappe op ʼn leer is, het hulle geglo, bestaan die plant- en dierelewe ook uit verskillende trappe, met die mens as die hoogste trap.

Die idee van perfeksie het ook hierby ingeskakel, byvoorbeeld die idee dat visse vinne het, het hulle perfek gemaak en die idee dat voëls vere het, het hulle weer perfek gemaak. Elke dier of plant is dus aangepas om perfek in sy omgewing te funksioneer. Spangenberg (2009a:3) verwys selfs na die bekende lied *All things bright and beautiful* van CF Alexander wat bogenoemde teorie rugsteun:

The rich man in his castle,

The poor man in his gate,

God made them high and lowly,

And ordered their estate.

Dit beteken voorts ook dat daar nie toevallig ryk en arm mense in die wêreld is nie. God het elkeen so gemaak met ŉ spesifieke rangorde. Indien jy gebore is as ŉ slaaf, moet jy dit maar aanvaar. As jy gebore is met ŉ adelike afkoms, is dit aan God te danke.

Dit is wat mense in die skeppingsverhaal gelees het. Om die idee van rangorde te bevestig, het hulle verwys na die feit dat God alles in ses dae geskape het, maar op die sewende dag het Hy gerus. Alles is in ŉ spesifieke orde geskape, die aarde, plante, visse en ander waterdiere, landdiere en laastens die mens. Genesis 1:26 beskryf die mens as die kroon van die skepping met die taak om oor die aarde te heers (Spangenberg, 2009a:3).

Darwin se teorie van evolusie by wyse van natuurlike seleksie het bogenoemde sienings uitgedaag op die volgende maniere: (a) Hy het Charles Lyell (1797-1875) se siening dat die aarde baie oud is aanvaar; (b) Hy het afstand gedoen van die idee dat plantspesies en dierespesies onveranderlik is; (c) Hy het die idee van lineêre evolusie verwerp, want Darwin se siening kan as vertakkende evolusie voorgehou word; (d) Hy het weggedoen met die idee dat die mens die eindpunt van lineêre en progressiewe evolusie is; en (e) Hy het afstand gedoen van die idee van ontwerp of "design" (Spangenberg, 2009a:5).

#### 2.3.11.2 Slot

Die evolusieproses soos Darwin dit beskryf in sy boeke *The origin of species by means of natural selection* en *The descent of man*, is volgens Spangenberg (2009a:5) die afgelope 150 jaar as betroubaar bewys. Baie Christene sukkel steeds om vrede te maak met bogenoemde. Hulle sal soms aanvaar dat die aarde ouer is, maar die konsekwensies systap wat dit vir die Augustiniaanse paradigma van sondeval-verlossing-oordeel inhou.

Spangenberg (2009a:5) verwys na die volgende voorbeelde:

Die tradisionele Christelike geloof glo dat net mense na God se beeld geskape is en dat die mens gevolglik die kroon van die skepping is. (Hoe kan die mense beelddraers wees as hulle uit ander lewensvorme geëvoleer het? Hoe kan die mens die kroon van die skepping wees as daar nie iets soos lineêre of progressiewe evolusie bestaan nie?)

Die tradisionele geloof aanvaar dat die dade van Adam en Eva tot die sondeval en die dood gelei het. (Dood hang nie saam met die sondeval nie, aangesien alle vroeëre spesies ook gesterf het. Dood is dus noodsaaklik vir die voortbestaan van hierdie planeet.)

Die mens benodig ŉ verlosser wat onaangetas is deur erfsonde. Slegs so ŉ verlosser kan die kringloop van die sondeval omkeer. (Daar bestaan nie so ŉ kringloop nie, dit is ŉ teorie van Augustinus wat met sy eie seksualiteit nie kon vrede maak nie. Sou Jesus werklik mens geword het, dan besit die Drie-eenheid nou iets wat dit vroeër nie gehad het nie, nie alleen genetiese materiaal van homo sapiens nie, maar van alle vroeëre lewensvorme.)

Kreasioniste is korrek wanneer hulle daarop wys dat evolusie groot gevolge vir die tradisionele Christelike teologie inhou (Spangenberg, 2009a:7). Volgens hulle moet Christene besef dat die teorie van evolusie van die vierde en vyfde eeue afkomstig is. Alleen dan kan die spanning wat heers tussen die evolusieteorie en die Christelike geloof verlig word. Tot dit gebeur, sal Christene altyd die siening huldig dat die mens die spil is waarom alles op aarde draai. Die feit dat Spangenberg ŉ aanhanger van die evolusieleer is, kan toegeskryf word aan sy Skrifbeskouing.

Spangenberg (2009a) se siening van evolusie hang ten nouste saam met sy opvatting van erfsonde en die tradisionele Christelike mensbeskouing.

### 2.4 Vernaamste bevindinge oor Spangenberg se Skrifbeskouing

Spangenberg (1996:4) formuleer sy Skrifbeskouing soos volg: "Die Bybel is ŉ versameling ou Nabye Oosterse godsdienstige geskrifte wat deur beperkte, feilbare mense geskryf is. Verskeie van hierdie geskrifte het oor 'n lang periode ontstaan en is dikwels hersien en uitgebrei. Die geskrifte bevat die geloofsgetuienisse van daardie mense en hulle tydgenote". Dit is duidelik dat Spangenberg die beginsels, soos saamgevat in die formulering van sy Skrifbeskouing, deurgaans toepas in sy Skrifhantering en interpretasie.

By wyse van bevindinge kan die volgende hooftrekke van Spangenberg se Skrifbeskouing afgelei en opgesom word. Spangenberg se Skrifbeskouing kan in die volgende hoofgroepe[25] verdeel word (sub-hofies illustreer die verband tussen Spangenberg se Skrifbeskouing en teologiese argumente):

#### 2.4.1 Die Bybel is ŉ gewoon menslike boek en feilbaar

Maagdelike geboorte van Jesus – Spangenberg (2004b:1) is van mening dat Matthéüs die verhaal vertel soos wat dit hom as verteller pas. Die Skrifbeskouing van Spangenberg gee aanleiding tot die bevraagtekening van die Skrif se Goddelike inspirasie.

---

[25] Hierdie hoofpunte is die elemente wat die sterkste na vore kom vanuit die konsekwensies van Spangenberg se Skrifbeskouing. Indien Spangenberg meer as een aspek van Skrifbeskouing grondliggend tot sy standpunte gebruik, sal die standpunte onder meer as een hofie gekategoriseer word, bv. die opstanding van Jesus word bevraagten op grond van die feilbaarbeid van God se Woord en die feit dat dit nie wetenskaplik bewysbaar is nie.

Die dogma oor die kruisdood van Jesus – Spangenberg (2005a:2) beweer dat tekste soos Jesaja 52 en 53 nie na die Messias verwys nie. Dit is bloot ŉ verkeerde interpretasie, syns insiens gemaak deur die skrywers van die Evangelies. Spangenberg (2005a:2) bevraagteken die gesag en akkuraatheid van God se Woord.

Die hemelvaart en wederkoms – Spangenberg (2004i:1) bevraagteken die hemelvaart en wederkoms aangesien daar volgens hom baie uiteenlopende verhale m.b.t. die hemelvaart in die Bybel opgeneem is. Die Skrifbeskouing van Spangenberg bevraagteken die duidelikheid en genoegsaamheid van die Bybel.

Jesus ŉ buite-egtelike kind – Spangenberg gebruik apokriewe boeke ter stawing van sy teologiese argumente. Volgens Artikel 6 van die NGB mag geen gesag aan die apokriewe boeke toegedien word nie.

Dit kan alleen gelees word sover dit ooreenstem met die kanonieke boeke. Spangenberg (2009b:2) koppel telkens dieselfde gesag aan die apokriewe boeke as aan die Bybel. Dit dui op ŉ bevraagtekening van die Bybel se gesag.

Jesus se hellevaart en opstanding – Spangenberg (2004h:2) beweer dat die evangelies nie met mekaar ooreenstem nie. Sy Skrifbeskouing impliseer dat die Bybel feilbaar en self-weerleggend van aard is.

Die dogma van erfsonde – Volgens Spangenberg (2004j:2) is daar nie een skeppingsverhaal nie, maar twee. Adam en Eva het syns insiens nooit regtig bestaan nie. Hulle was bloot verhaalkarakters. Spangenberg veronderstel dat die Bybel feilbaar is en dat gedeeltes daarvan mekaar weerspreek, en verder ook dat die Bybel mites bevat en dat die skeppingsverhaal nie histories van aard is nie.

Die Drie-eenheid – Spangenberg (2004b:4) is van mening dat die Jesus wat in Johannes geskets word, hemelsbreed verskil van die Jesus wat in die sinoptiese evangelies geskets word. Daar is volgens hom verskeie verhale rondom Jesus wat nie noodwendig historiese waarheid kommunikeer nie. Vir Spangenberg is die Bybel nie die Woord van God nie, maar menslike getuienisse en vertellinge oor God, Jesus, ens.

Die Bybel as die Woord van God – Dit is volgens Spangenberg (2004e:1) meer akkuraat om te sê dat die Bybel lewensbelangrike boeke vir Christene bevat. Daar is syns insiens te veel vertalings om na een Bybel in die algemeen te verwys.

Die Bybel is vir Spangenberg deur mense geskryf en dus feilbaar. Die Bybel bestaan vir Spangenberg (1998:28) uit woorde oor God, eerder as die Woord van God.

Die boek Jona – Spangenberg (1998:57) bevraagteken ook die waarheid van die boek Jona. Hy vra die vraag: Wie was teenwoordig om te getuig van al hierdie dinge? Hy impliseer met ander woorde dat gewone mense die boek geskryf het en dat dit nie noodwendig is wat gebeur het nie.

Die Skrifbeskouing van Spangenberg (1998:57) gee daartoe aanleiding dat hy die Goddelike inspirasie van die Bybel bevraagteken.

### 2.4.2 Waarheid is nie absoluut en altyd-geldend nie

Maagdelike geboorte van Jesus **-** Vroeë teoloë het volgens Spangenberg (2004b:2) die fout gemaak om die evangelies te lees asof dit historiese waarheid kommunikeer. Wat destyds as historiese waarheid aanvaar was, is vandag niks minder as verhaalwaarheid nie (vgl. Spangenberg, 2004b:2). Spangenberg se Skrifbeskouing impliseer dat die waarheid van die Bybel nie absoluut en altyd-geldend is nie.

Jesus se hellevaart en opstanding **-** Dit is volgens Spangenberg (2004h:1) nie opstandingsverhale nie, maar eerder herverskyningsverhale. Met ander woorde, die leer m.b.t. Jesus se opstanding wat tydens die apostels se era as opstanding verkondig is, verwys vandag bloot na 'n herverskyning. Die Skrifbeskouing van Spangenberg gee aanleiding daartoe dat hy 'n vraagteken plaas oor die Goddelike inspirasie, akkuraatheid en genoegsaamheid van die Bybel.

Die hemelvaart en wederkoms **-** Wat waar was vir die dissipels, is volgens Spangenberg (2004i:2) nie meer waar vir vandag nie.

Die rede daarvoor is dat dit deel vorm van Apokaliptiese materiaal eerder as geskiedenismateriaal. Die Skrifbeskouing van Spangenberg (2004i:2) impliseer dat die waarheid van die Bybel nie altyd-geldend is nie.

Die Drie-eenheid – Die manier waarop die Nuwe-Testamentiese skrywers en die kerkvaders die saak benader, laat volgens Spangenberg (2004c:1) nie reg geskied aan die hedendaagse konteks nie. Dit maak volgens hom nie sin om in die een-en-twintigste eeu te bly vasklou aan tradisionele verwoordings van die geloof nie. Spangenberg (2004:7) bevraagteken die belydenisse wat tydens die moderne en die premoderne tyd gevorm was. Spangenberg se Skrifbeskouing impliseer dat daar geen absolute waarheid bestaan nie.

Kosmologie, geologie en teologie – In die geval van Openbaring is die waarheid nie altyd-geldend nie. By implikasie sê Spangenberg dit is reg dat Johannes so gedink het, maar dit is nie meer waar vir vandag nie. Met ander woorde waarheid is nie altyd-geldend en absoluut nie.

Die boek Jona – Spangenberg (1998:57) bevraagteken die waarheid van die boek Jona. Sy Skrifbeskouing impliseer dat die Bybel feilbaar is.

### 2.4.3 Wetenskaplike bewyse is belangriker as God se Woord

Geboorteverhaal van die historiese Jesus – Dit word deur Spangenberg (2004a:1) bevraagteken op grond van wetenskaplike bevindinge oor Jesus se geboortedatum.

Spangenberg heg meer gesag aan wetenskaplike bevindinge as aan die Bybel. Dit behels dat Spangenberg (2004a:1) se Skrifbeskouing die Goddelike inspirasie en akkuraatheid van die Bybel bevraagteken.

Jesus se hellevaart en opstanding – Spangenberg (2004h:5) glo nie dat Jesus fisies opgestaan het nie. Volgens hom is dit nie wetenskaplik moontlik vir iemand om uit die dood op te staan nie. Binne die raamwerk van Spangenberg (2004h:5) se Skrifbeskouing wil hy self alles verstaan. Indien hy iets nie kan verstaan of bewys nie, bestempel hy dit nie as waarheid nie. Die Skrifbeskouing van Spangenberg bevraagteken die akkuraatheid van die Bybel as God se onfeilbare Woord.

Jesus as 'n buite-egtelike kind – Aangesien Jesus se maagdelike geboorte nie wetenskaplik moontlik is nie, glo Spangenberg (2009b:2) nie dat dit gebeur het nie. Verder heg hy ewe veel waarde aan die apokriewe boeke as aan die kanonieke boeke van die Bybel. Die Skrifbeskouing van Spangenberg (2009b:2) stel die Bybel gelyk aan enige ander geskiedkundige getuienis. Boonop bevraagteken hy ook die Goddelike inspirasie van die Bybel.

Die hemelvaart en wederkoms – Die manier wat Spangenberg (2004i:2) die kosmos verstaan, maak volgens hom nie plek het vir ʼn fisiese wederkoms nie.

Die dogma van erfsonde – Spangenberg (2004j:3) verklaar dat die studie van menslike gene en evolusionêre biologie dit onmoontlik maak om verder aan hierdie leerstelling te bly vasklou. Die Skrifbeskouing van Spangenberg (2004j:3) koppel geen absolute waarheid aan enige dogma of belydenis nie. Dit impliseer dat alle dogmas en belydenisse slegs geldig is vir ʼn bepaalde tydstip.

Evolusie – Dit vorm deel van Spangenberg (2009a:5) se standpunte, aangesien evolusie syns insiens wetenskaplik bewys kan word. Dit is vir Spangenberg (2009a:5) van weinig belang of wetenskaplike bevindinge ooreenstem met die Bybel. Solank dit wetenskaplik verklaarbaar is, is dit waar.

Die boek Jona – Spangenberg (1998:57) wys daarop dat verskeie gebeure, soos vervat in die boek Jona, nie in ʼn hedendaagse lewensbeskouing moontlik is nie. Die Skrifbeskouing van Spangenberg (1998:57) bevraagteken die Goddelike inspirasie tesame met die duidelikheid van die Skrif.

### 2.4.4 Alle openbarings is onderworpe aan die indiwidu se taal en kultuur

Maagdelike geboorte van Jesus – Spangenberg (2004b:1) beweer dat Matthéüs terugverwys na Jesaja 7:14 bloot ter bevestiging van sy eie verhaal. Die Skrifbeskouing van Spangenberg (2004b:1) impliseer dat die skrywers van die Bybelboeke se taal en kultuur hulle Godsbeskouing beïnvloed het.

Jesus se hellevaart en opstanding – Hierdie leerstuk bewys volgens Spangenberg (2004h:1) by uitstek dat belydenisse kultuurgebonde is. Volgens Spangenberg (2004h:1) se Skrifbeskouing is die Bybel die resultaat van menslike getuienis oor hoe hulle Jesus ervaar het en nie noodwendig God se openbaring nie.

Jesus as ŉ buite-egtelike kind – Spangenberg (2009b:1) beweer Jesus moes eerder die seun van Josef genoem gewees het as die seun van Maria. Hy koppel meer waarde aan kulturele tradisies as aan die Bybel. Goddelike inspirasie word dus ondergeskik gestel aan tradisie, taal en kultuur.

Die dogma oor die kruisdood van Jesus – Die dogma van Jesus se kruisdood is volgens Spangenberg (2009c:30) ŉ produk van Griekse en Latynse kerkvaders. Hy beskou dit eerder as ŉ kreatiewe vertolking as ŉ altyd-geldende dogma. Absolute waarheid is volgens hom beperk net tot ŉ sekere era.

Die hemelvaart en wederkoms – Dit het volgens Spangenberg (2004i:1) te make met die mense se leefwêreld.

Hy veronderstel dat dit wat in die Gereformeerde teologie as heilsfeite bely en aanvaar word, die resultaat is van die sg. drieverdieping-wêreldbeeld. Die Goddelike gesag en inspirasie van die Bybel word bevraagteken op grond van die Bybelskrywers se taal en kultuur.

Die Drie-eenheid – Dit is volgens Spangenberg (2004c:5) bloot ŉ interpretasie van die Latynse kerkvaders.

Dit was hulle manier waardeur hulle Jesus relevant probeer maak het op daardie tydstip. Geen dogma is volgens hom absoluut en altyd-geldend nie. Alle belydenisse moet aangepas word aan die hand van nuwe wetenskaplike ontdekkings.

Kosmologie, geologie en teologie – Die boek Openbaring verklaar dat daar net een see sal wees. Spangenberg (2009c:54) bevraagteken God se Woord met die argument dat die skrywers geleef het met 'n verouderde wêreldbeeld. Die Skrifbeskouing van Spangenberg impliseer dat die Bybel nie deur God geïnspireer is nie.

Bogenoemde studie toon hierbenewens dat Spangenberg se Skrifbeskouing grondliggend is vir sy teologiese standpunt oor ander sentrale leerstukke in die Gereformeerde teologie.

Die gevolg hiervan is radikale aanpassings van fundamentele leerstellings om in te pas in die raamwerk van Spangenberg (2003:103) se Skrifbeskouing.

## 2.5 Samevatting

Bogenoemde inligting is saamgestel uit alle beskikbare publikasies van Spangenberg tot op datum. Die hoofdoel van hoofstuk twee is om die onderskeie dogmas, sienings en standpunte van Spangenberg te bespreek. Daar is gepoog om ŉ juiste opsomming te maak van al Spangenberg se vernaamste sienings en fundamentele leerstellings.

Dit sluit onder andere leerstellings in soos byvoorbeeld Jesus se kruisdood, hellevaart, opstanding en maagdelike geboorte, die Drie-eenheid en selfs ook interpretasies van God se Woord, evolusie en die tradisionele Christelike mensbeskouing. Die Skrifbeskouing van Spangenberg, soos blyk uit sy standpunt oor sekere Bybelboeke, is ook bespreek in soverre dit sy Skrifbeskouing en die konsekwensies daarvan vir sy hele teologie illustreer. ŉ Algehele oorsig van al Spangenberg se sienings oor sy geloofswêreld is noodsaaklik ten einde bogenoemde studie suksesvol te benader.

Hoofstuk twee beklemtoon die noodsaaklikheid van die evaluering van Spangenberg se Skrifbeskouing. In opeenvolgende hoofstukke sal die klem val op die geldigheid van postmoderne teologie, wesenlike verskille tussen Spangenberg se sienings en dié van Gereformeerde dogmatiek, sowel as ŉ evaluasie van Spangenberg se Skrifbeskouing.

## Hoofstuk 3

### Die geldigheid van Gereformeerde teologie in 'n postmoderne era

Indien Gereformeerde teologie met sy bepaalde Skrifbeskouing en Hermeneutiek nie meer geldig is nie, beteken dit dat 'n beoordeling van Spangenberg se Skrifbeskouing vanuit die Gereformeerde teologie 'n futiele oefening sal wees. Vandaar die nodigheid om die geldigheid van Gereformeerde teologie in 'n postmoderne era te ondersoek.

### 3.1 Die Gereformeerde Skrifbeskouing[26]

#### 3.1.1 Belangrikste elemente van God se Woord

Die Skrifbeskoulike vertrekpunte word deur Breed *et al*. (2008:37)[27] aan die orde gestel deur na die Bybel te verwys as ewig en altyd-geldend. Later in die hoofstuk sal daar gekyk word na die eienskappe van die Bybel soos opgesom deur Heyns (1978) en Reymond (1998). Die Bybel is deur die inspirasie van die Heilige Gees tydgerig vir en deur mense geboekstaaf. Hierdie voorveronderstelling bevat die volgende elemente:

- Die Bybel is die Woord van God
- Die Bybel is ewig en altyd-geldend
- Die Bybel is deur die Heilige Gees geïnspireer
- Die Bybel is tydgerig, maar nie tydgebonde nie

##### 3.1.1.1 Die Bybel as God se Geskrewe Woord

Die belydenis dat die Bybel God se geskrewe Woord is, hou in dat God beide die subjek en die objek van die Bybel is. God openbaar Homself en sy wil aan die mensdom deur middel van die Bybel. Breed *et al*. (2008:37) benadruk ook dat God die outeur is van die Bybel.

---

[26]Die Gereformeerde Skrifbeskouing sal nie in diepte behandel word nie, aangesien hierdie studie spesifiek fokus op die Skrifbeskouing van Spangenberg en nie die Gereformeerde Skrifbeskouing nie. Vir verdere studie oor die Gereformeerde Skrifbeskouing, kan onder andere verwys word na die NGB Artikel 2-7, asook die volgende erkende bronne in die Reformatoriese tradisie: Calvyn (1975), Bavinck (1977), Van Genderen & Velema (1992), Boice (1986), ens.

[27] Hierdie bron is 'n resente samevatting van die aanvaarbare Gereformeerde Skrifbeskouing. Dit is ook gerig op korrekte Skrifhantering.

Dit hou in dat die verskillende Bybelboeke in onderlinge openbarings-historiese samehang verklaar moet word. In die proses van die "op skrif stel" van die Bybel het God van verskeie menslike aktiwiteite gebruik gemaak. God het op so ŉ manier ook sy openbaring in die proses van teboekstelling gerig op taal, tyd en omstandighede van dié wat God geroep het om die openbaring op te teken.

God se openbaring in die Bybel vind plaas in die taal en konteks van die betrokke mense. Die Woord van God is volgens Breed *et al.* (2008:37) in so ŉ geval God se Woord in mensewoorde. Lukas 1:1-4 en Openbaring 1:1-13 kan as voorbeeld van bogenoemde dien.

Artikel 2 van die NGB bely dat God Homself op twee maniere aan die mens openbaar, deur sy Woord en deur sy skepping. Die Bybel is volgens Breed *et al*. (2008:38) wel die Woord van God op so ŉ wyse dat alle historiese en menslike aspekte daarvan ten volle verreken is.

Boice (1986:59) verwys na die volgende redes hoekom die Bybel as die Woord van God aanvaar kan word:

- Die innerlike getuienis van die Heilige Gees dat die Woord van God die waarheid is.
- Jesus se getuienis dat die Bybel die Woord van God is. Boice (1986:57) verklaar dit as een van die belangrikste argumente van alle tye.
- Die Bybel het 'n definitiewe dogmatiese en etiese superioriteit teenoor alle ander boeke. Die superioriteit van die Bybel word volgens Boice (1986:57) selfs deur baie ongelowiges erken.
- Die Bybel het 'n kragtige effek op die leser. Dit alleen is genoeg bewyse dat die Bybel deur God geïnspireer is.
- Al die boeke van die Bybel is in perfekte harmonie en eenheid met mekaar. Die Bybel is geskryf oor 'n tydperk van vyftienhonderd jaar deur meer as veertig skrywers, tog is daar geen enkele kontradiksie of weerspreking nie.
- Die buitengewone akkuraatheid van die Bybel is volgens Boice (1986:58) 'n volgende rede hoekom dit as die Woord van God aanvaar kan word.
- Die behoud van die Bybel deur die Ou Testament, sowel as die kerkgeskiedenis, dui op 'n Goddelike bewaring van die Woord.
- Die laaste rede is die Bybel se vermoë om lewens totaal en al te verander. Die Woord van God is die enigste boek wat kragtig genoeg is om die hardste persoon denkbaar sag te maak.

Reymond (1998: 70) skryf die volgende: "Inspiration is that extraordinary, supernatural influence (or, passively, the result of it) exerted by the Holy Ghost on the writers of our Sacred Books, by which their words were rendered also the words of God, and therefore, perfectly infallible." Reymond stel dit baie duidelik dat die Bybel onfeilbaar en perfek is in alle opsigte.

#### 3.1.1.2 Die Bybel is ewig en altyd-geldend

**a) God se gesagvolle openbaring vir alle tye**

Hierdie belydenis behels die erkenning dat God se Woord bedoel is om ŉ openbaring te bring vir alle mense te alle tye, plekke en omstandighede. Die belydenis erken dat die Bybel gesag het en wel die openbaring van God se wil is. Die Bybel moet gebruik word as maatstaf vir jou standpunt oor God, jou verhouding met God, jou leefstyl, sowel as jou verhouding met ander mense en met die skepping.

**b) Selfgetuienis**

Die werklikheid dat die Bybel altyd-geldend is, kan nie deur eksterne getuienis bewys word nie. Dit is die inhoud van die Skrif self wat die mens oortuig van sy gesag wanneer die Heilige Gees die Woord openbaar aan die mens deur hierdie geskrifte.

Die Heilige Gees werk ten nouste saam met en deur die Skrif en dit is Hy wat die mens bewus maak van die gesag van die Skrif (Joh. 16:12-15; 1 Kor. 2:10-14; 2 Kor. 3:14-18).

**c) Die skopus en aard van die Bybel**

Die feit dat die Bybel ewig en altyd-geldend is, beteken nie dat dit op alles in die lewe altyd ŉ kits-oplossing sal bied nie. God bied ŉ drieledige openbaring in sy Woord:

- God bied eerstens ŉ openbaring oor Homself. Dit behels wie God is en wat Hy doen, bv. God, Here, Skepper, Regeerder, ens.
- Tweedens bied God ŉ openbaring van die wyse waarop Hy verlossing bewerk het deur Jesus Christus.
- Derdens bied God ŉ openbaring van hoe Hy as God gedien en geëer moet word. Die verloste se hele lewe moet getuig van sy herstelde verhouding met God.

**d)  Skopus van die Bybel en samelewingskonvensies**

Die Bybel is nie bedoel om die samelewingstrukture te herskep of te herstruktureer nie, maar om die harte van mense te verander en na God te draai.

Omdat die Bybel die ewige en altyd-geldende Woord van God is, is dit ook kronologies beskou eerstens gefokus op die lewensomstandighede waarbinne die eerste lesers hulle bevind het, asook op die problematiek en die historiese kwessies waarmee hulle geworstel het (Breed *et al*., 2008:39).

God het aan die eerste lesers deur die menslike skrywers bekend gemaak hoe hulle as verlostes hulle lewe moes leef te midde van die destydse omstandighede.

Tesame hiermee het God bekend gemaak watter geloofsperspektief hulle moes hê teenoor die probleme van hulle tyd.  God het ook bekend gemaak watter optrede vir Hom verwerplik en wat in oorstemming met sy wil is.  Hierdie aanname geld volgens Breed *et al*. (2008:40) ook vir die samelewingskonvensies.  In sy Woord gee God te kenne watter samelewingskonvensies Hy goedkeur en watter Hy verwerp.  God doen dit direk (bv. by die afkeur aan menseoffers en homoseksualiteit) of indirek (bv. deur die afkeur aan onbillike praktyke) en soms ook deur ŉ duidelike korrektief op die samelewingskonvensies te stel (bv. die huwelik).  Breed *et al*. (2008:40) benadruk die feit dat hierdie openbaring van God oor watter optrede en perspektiewe volgens sy wil is, altyd geld, ongeag die samelewingskonvensie.

God verander die samelewingskonvensies deur mense se harte te verander en na Hom te draai.  ŉ Voorbeeld van waar ŉ samelewingskonvensie hervorm is, is slawerny.  God gebruik die mense wat Hom dien en Hom in waarheid aanbid om die samelewing te verander.  Volgens Breed *et al*. (2008:40) vind hierdie verandering van die samelewing somtyds spoedig plaas, maar soms gebeur dit met die verloop van duisende jare.

**e)  Hermeneutiese implikasies**

In die belydenis dat die Bybel ewig en altyd-geldend is, is dit nodig om ŉ duidelike onderskeid te tref tussen wat in die Bybel staan en die leser se verklaring daarvan, sowel as die interpretasies wat daaraan geheg word.  Dit wat God in die Bybel openbaar, staan onveranderd.  Die onderskeie lesers se verklarings daarvan moet altyd in die Woord gekontroleer word.

Daar rus dus ŉ verantwoordelikheid op die leser om seker te maak dat hy of sy die Bybel reg vertolk.  Volgens Breed *et al*. (2008:40) behels hierdie kontrole die volgende aspekte:

- Skrifgetroue navorsers kan nie optree asof hulle die eerstes is wat onder leiding van die Heilige Gees die Skrif interpreteer en bestudeer nie.

- Hulle moet ander begaafde persone of hulle werke raadpleeg, wat self die leiding van die Gees gesoek het, om hulle eie verklarings daaraan te toets.

- Skrifgetroue Bybelnavorsers volhard in hulle studie van die Woord in ŉ poging om te bepaal of daar nie dalk ander dele van die Bybel is wat lig werp op die sake waarmee hulle worstel nie. Dit moet gepaard gaan met voortdurende gebed en wag op die leiding van die Heilige Gees.

- Skrifgetroue Bybelnavorsers maak voortdurend erns met die Skrifbeginsels wat vir suiwer Skrifverklaring noodsaaklik is.

- Die Skrifgetroue Bybelnavorser steun op die belydenis vir die geldigheid van sy eksegese.

Breed *et al*.(2008:40) beklemtoon die belangrikheid van die volgende wanneer Skrifgetroue Bybel-navorsers die Skrif interpreteer:

- Die interpreteerder se eie voorveronderstellings moet baie duidelik en logies gestel word.

- ŉ Skrifgetroue verklaarder van God se Woord moet erken dat hy in ŉ bepaalde tradisie staan en dat sy Bybeluitleg deur daardie tradisie beïnvloed gaan word.

- Daar moet in gedagte gehou word dat elke onderdeel van die Bybel in ŉ bepaalde tyd geskryf is. Voorts is dit ook so ingeklee dat dit eerstens gerig is op daardie tydsomstandighede.

- 'n Skrifgetroue verklaarder van die Woord moet rekening hou met sy eie tyd en die probleme wat daarmee gepaard gaan, asook met die feit dat dit bydra dat hy die Woord op ŉ sekere manier lees. Die Bybel is ook bedoel vir die huidige tyd en omstandighede, daarom moet hy in staat wees om die Skrif se lig op die huidige tydsomstandighede te laat skyn.

Volgens Breed *et al*. (2008:41) moet Bybelverklaarders nie sonder meer gesag aan hulle verklaring en hermeneuse gee nie.

Bybelverklaarders is ook bewus daarvan dat hulle nooit in hierdie bedeling God se openbaring in die Bybel volledig sal verstaan nie (ook ten opsigte van leefstylsake). Hulle benadruk egter die feit dat daar ten opsigte van die wyse waarop God verlossing bewerk, geen twyfel is oor hoe gelowiges die Bybel moet verstaan nie (Reymond, 1998:87). Twyfel verwys in hierdie verband meer spesifiek na gedragsvoorskrifte, veral wanneer hierdie voorskrifte ingebed is in bepaalde fasette van die tradisie van die samelewing waarbinne die betrokke openbaring gegee is (Breed *et al*., 2008:41).

Met bogenoemde in gedagte is dit des te meer noodsaaklik dat die Bybelverklaarder totaal en al staatmaak op die leiding van die Heilige Gees. Christus het immers in sy Woord belowe dat die Gees van die Waarheid op pad is en dat Hy ons in die volle waarheid sal lei (Joh. 16:13).

#### 3.1.1.3 Die Bybel is deur die Heilige Gees geïnspireer

Die Bybel is die Woord van God wat Hy besluit het om deur mense te laat opteken in hulle eie geskrifte (vgl. 2 Tim 3:16-17; 2 Pet 1:19-21). Volgens Heyns (1978:18) is die Woord van God geskryf deur mense, maar tog direk afkomstig van God. God het die menslike arbeid geïnspireer op so ŉ wyse dat dit as organiese inspirasie getipeer word waardeur sy openbaring aan die mense oorgedra kon word (Breed *et al*., 2008:42).

Organiese inspirasie, teenoor byvoorbeeld meganiese inspirasie, behels dat die onderskeie skrywers se persoonlike en ander agtergronde nie uitgesluit is nie. Elke skrywer het steeds geskryf binne die konteks van sy eie historiese situasie, en met sy unieke talente, gawes, persoonlikheid, ens.

Organiese inspirasie behels die veronderstelling dat dit ongeldig is om sekere dele van die Bybel as menslik te tipeer en ander dele as Goddelik. Breed *et al*. (2008:42) stel dit duidelik dat die Woord van God terselfdertyd Goddelik en menslik is. Hulle formuleer dit meer noukeurig soos volg (Breed *et al*., 2008:42):

> "Die Bybel is volkome God se Woord wat deur mense geboekstaaf is onder inspirasie van die Heilige Gees."

Die woord "volkome" beklemtoon die feit dat die hele Bybel onder die inspirasie van die Heilige Gees geskryf is, anders as Spangenberg se siening dat God bloot ŉ aandeel gehad het in die totstandkoming van sekere dele van die Bybel.

Breed *et al*. (2008:42) maan lesers van die Woord om ook rekening te hou met die onderskeid tussen God se Woord in die formele en materiële sin. Alle woorde in die Bybel is nie God se eie woorde nie. Waar Satan aangehaal word, is dit in materiële sin nie God se Woorde nie. Nogtans is elke woord in die Bybel steeds God se Woord aangesien dit dit is wat God aan die mensdom wil bekendmaak (Boice, 1986:48).

#### 3.1.1.4 Die Bybel het tydgerig ontstaan, maar is nie tydgebonde nie

In die nouste verband met die organiese inspirasie van die Bybel staan die feit dat die Bybel tydgerig ontstaan het. Die onderskeie skrywers het die taal, idiome, literêre genres en argumentasiestyl eie aan hulle tyd gebruik om die Geesgeïnspireerde woorde op skrif te stel.

Dit behels dat die Bybel geskryf is in ŉ styl wat die eerste lesers maklik kon verstaan en mee kon identifiseer. Dit het hulle aangespreek in hulle historiese situasie en lewensomstandighede.

Dit maak onder geen omstandighede die Bybel tydgebonde en beperk tot die historiese situasie en lewensomstandighede van die eerste lesers nie. Breed *et al*. (2008:42) stel dit duidelik: "God se Woord reik deur die tyd en omstandighede van die eerste lesers verder en praat met die mense van alle tye." Dit is voorts ook duidelik dat die Bybel nooit sy relevansie sal verloor nie. Soos God ewig en onveranderbaar is, is sy Woord ook ewig en onveranderbaar.

Net soos die oorspronklike taal waarin die Bybel geskryf is, vertaal kan word om mense van alle tale te bereik, so ook kan die tydgerigtheid van die Woord spreek om ook latere lesers elkeen binne sy eie omstandighede te bereik. Bogenoemde vertaalproses staan bekend as hermeneuse.

Daar moet groot versigtigheid aan die dag gelê word dat ook die aktiwiteit van hermeneuse daarop gerig is om God se openbaring onveranderd te bring aan hedendaagse mense in hulle bepaalde situasie en omstandighede (Breed *et al*., 2008:43).

### 3.1.2 Eienskappe van die Bybel[28]

Die Skrifbeskouing van Spangenberg gee daartoe aanleiding dat hy ook sekere kerneienskappe van God se Woord bevraagteken. Volgens Heyns (1978:29) besit ons, danksy die wetenskap van die tekskritiek, so ŉ betroubare teks dat ons met groot vrymoedigheid kan verklaar dat die Bybel wat ons het, gesag het, asook betroubaar, genoegsaam en duidelik is. Ons gaan kortliks aandag gee aan die punte soos saamgevat deur Heyns (1978:29).

#### 3.1.2.1 Die gesag van God se Woord

Volgens Heyns (1978:29) het die Bybel nie gesag omdat dit deur belangrike mense soos Paulus en andere geskryf is nie, en ook nie omdat hulle meer geweet het as wat ons weet en daarom met gesag kon skryf nie. Die Bybel het ook nie gesag omdat dit ŉ aangrypende boodskap het vir die mens op aarde nie. Die Bybel het alleen gesag omdat dit die boek is van God se spreke (Boice, 1986:47). Heyns (1978:29) verklaar ook dat die Bybel iets het om aan die mens te sê, asook dat dit die reg het om dit aan die mens te sê, aangesien dit die Woord van God is. Reymond (1998:73) beskryf die gesag van die Bybel as volg: "The authority of the Holy Scripture, for which it ought to be believed and obeyed, dependeth not upon the testimony of any man or church, but wholly upon God (who is truth itself), the author thereof; and therefore it is to be believed, because it is the word of God."

---

[28] Benewens die Gereformeerde Skrifbeskoulike vertrekpunte is daar ook sekere eienskappe van God se Woord wat relevant is vir die studie. Eienskappe wat bespreek gaan word, is vervat in die boek *Dogmatiek* deur J.A. Heyns (1978).

Ons kan die gevolgtrekking maak dat die Bybel waar is omdat die outeur daarvan, God self, die waarheid verteenwoordig.

Die Bybel is volgens Heyns (1978:29) in die hart van God gebore en omdat die Bybelskrywers dit onder die inspirerende leiding van die Gees korrek verstaan het en betroubaar neergeskryf het, daarom het dit gesag. Die gesag van God se Woord behels volgens Heyns (1978:29-30) die volgende:

Dit is Geestelik van aard – Die gesag van die Skrif is niks anders nie as God wat Hom via die Skrif tot die mens rig. Die Bybel dwing niemand nie, dit wek geloof in die hart van die mens op, en deur hierdie geloof erken die mens die gesag van die Woord (Heyns, 1978:29).

Die gesag van die Skrif is dinamies – Hoe meer die mens luister na God se spreke, hoe meer word die gesag van die Bybel vir hom. In so 'n mate word die gesag al meer en meer gelegitimeer.

Die gesag van die Skrif is universeel – Nie alleen die sielelewe van die mens nie, maar alle fasette van sy lewe, sy wetenskap, sy politiek, sy arbeid en nog baie meer staan onder die gesag van God.

Heyns (1978:30) verklaar ook dat letterlik alles onder die gesag van God se Woord staan. Hy gaan verder deur te verklaar dat die Skrif oor alles iets fundamenteel sê, alhoewel dit nie altyd alles oor alles sê nie.

Die gesag van die Bybel is skopies-periferies – Die hele Skrif het gesag, maar met die oog op die tweeledige onderskeiding wat met betrekking tot die boodskap gemaak kan word. Die skopiese gesag is die gesag wat te make het met die sentrale boodskap van die Bybel. Die periferiese gesag is gesag vanweë sy betrokkenheid op die skopus, met ander woorde dit ontleen sy gesag omdat dit in diens staan van die sentrale boodskap (Heyns, 1979:30).

Die gesag van die Skrif is eisend van aard – Die gesag van die Woord roep reaksie by die mens op. Dit eis van die mens instemming en geloofsgehoorsaamheid.

#### 3.1.2.2 Die betroubaarheid van God se Woord

Benewens die gesag van God se Woord is die Bybel ook nog betroubaar en akkuraat (Boice, 1986: 59). Die Bybel self getuig van sy betroubaarheid (vgl. 1 Tim 1:1-15; 2 Pet 1:19).

Net soos in die geval van die gesag kan ons sê die Bybel is betroubaar omdat, en alleen omdat, dit die spreke van God bevat. Volgens Heyns (1978:30) is die betroubaarheid van die Skrif die betroubaarheid van God self. Jesus verklaar: Ek is die waarheid (Joh. 14:16) en die Heilige Gees is die Gees van die waarheid (Joh. 16:13) en daarom kan ons aanvaar dat die Skrif ook waar is.

Heyns (1978:31) verklaar ook dat ons die betroubaarheid van die Skrif kan handhaaf en verdedig ten spyte van die feit dat nie alle historiese gebeure daarin vermeld word nie, en nie alles wat meegedeel word wel met mekaar geharmonieer kan word nie. Die Skrif bly betroubaar, al lê alle waarhede nie op dieselfde vlak nie en al is alle waarhede nie op dieselfde wyse betroubaar nie. Verder verklaar hy dat die Bybel ŉ tendensboek is, dog dit maak hom nie onbetroubaar nie, maar steeds betroubaar in sy bedoeling.

Heyns (1978:31) verklaar dat die betroubaarheid van die Bybel nie los te maak is van die oorsprong en sy boodskap nie. Dat God gespreek het en wat God gespreek het, daarin is die betroubaarheid van die Woord. Hier het ons te maak met skopiese en periferiese betroubaarheid. Die hele Skrif is betroubaar, maar tog nie in alle opsigte op dieselfde wyse betroubaar nie. Periferiese betroubaarheid ontleen sy betroubaarheid aan die feit dat dit in diens staan van die sentrale boodskap van God se Woord.

Hierdie betroubaarheid skep volgens Heyns (1978:32) ŉ vertroue by die gelowige wat die Skrif lees. Verder verklaar hy dat die betroubaarheid van die Skrif nie ŉ statiese gegewe is nie, maar ŉ dinamiese. Die Skrif is betroubaar vir alle mense van alle tye, nie net in die hemel nie, maar ook hier op aarde. Ter stawing van bogenoemde verwys ek na die volgende aanhaling van Boice (1986:59):

> "To be sure, its accuracy does not prove the Bible to be divine - human beings are also sometimes quite accurate - but it is what we should expect if the Bible is the result of God's effort. On the other hand, if the accuracy of the Bible extends to the point of inerrancy, that would be a direct proof of its divinity. For, although error is human, inerrancy is certainly divine"

Boice (1986:73) benadruk die feit dat daar geen moontlikheid vir foute in God se Woord is nie. Volgens hom kan menslike dokumente ook baie akkuraat wees, maar is die Woord van God absoluut foutloos en onfeilbaar.

Vanuit 'n Gereformeerde oogpunt word die standpunt gehuldig dat daar wel "foute" of "oneffenhede" in die Woord van God kan voorkom, maar dat dit nooit die sentrale waarheid van die Woord raak of verander nie. Dit Woord van God bly egter steeds betroubaar in elke opsig.

#### 3.1.2.3 Die genoegsaamheid van God se Woord

Die Skrif is net soos wat ons dit het, sonder weglating of aanvulling, genoegsaam en ook betroubaar (vlg. Joh. 20:30; 2 Tess 2:15; Open 22:18-19).

Artikel 2 van die NGB verklaar dat die Woord "so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot saligheid van hulle wat aan Hom behoort" bekend maak. Reymond (1998:87) skryf: "those things which are necessary to be known, believed, and observed, for salvation, are so clearly propounded and opened in some place of Scripture or other". Reymond stel dit duidelik dat die Bybel die mens alles leer wat nodig is vir saligheid.

Jesus het verklaar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo sal lewe al het hy ook gesterwe" (Joh. 11:25). Elders verklaar Hy: "Ek is die ingang, as iemand deur My ingaan, sal hy gered word" (Joh. 10:9). Die Bybel getuig van Jesus wat die heil op so ŉ eksklusiewe manier met Homself verbind. Juis hierin is die genoegsaamheid van die Bybel opgesluit. Die heil sowel as die weg tot die heil is voldoende, niks anders of meer is nodig nie (vlg. Heyns, 1978:32).

Die genoegsaamheid van die Skrif behels verder dat daar geen objektiewe of subjektiewe aanvulling mag plaasvind nie. Deur middel van interne verligting (lumen internum) openbaar die Heilige Gees die waarhede aan die mens.

Nie net help die Heilige Gees ons om die Woord te verstaan nie, maar Hy is ook betrokke by die uitbreiding en aanvulling daarvan. Heyns (1978:33) waarsku ook dat die Skrif nie objektief deur die tradisie en nie subjektief deur die selfstandige verligtende werking van die Gees aangevul moet word nie. Heyns (1978:33) verwys hier ook na skopiese en periferiese genoegsaamheid. Die skopiese genoegsaamheid beklemtoon die feit dat daar aan die sentrale boodskap van die Skrif niks bygevoeg of niks van weggeneem mag word nie. Selfs al word daar vandag nog woorde van Christus of briewe van Paulus ontdek, sal dit steeds essensieel geen verskil aan die boodskap van die Woord maak nie.

Die genoegsaamheid van die Skrif beteken volgens Heyns (1978:33) vir geen oomblik dat die mens, vanweë gebondenheid aan die Skrif, nie verder sal vrae vra en soek na God se wil nie.

Die Skrif is genoegsaam ten opsigte van die boodskap, maar nie ten opsigte van wat dit nie sê nie. Die Skrif se genoegsaamheid sluit ook die menslike werksaamhede in. Selfs met betrekking tot beginsels wat geld vir die ganse lewe, is die Skrif genoegsaam en onmisbaar. Artikel 7 van die NGB sluit aan by bogenoemde:

> "Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie – ja, al was daar ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê."

#### 3.1.2.4 Die duidelikheid van God se Woord

Laastens is die Bybel duidelik. Artikel 2 van die NGB lees dat die "Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome" aan ons bekend is. God het ons nie net die Woord gegee nie, maar daarmee saam ook die Heilige Gees om die Woord volkome aan ons te openbaar.

Aangesien die Bybel ŉ openbaringsboek is, is dit vanselfsprekend dat dit nie ŉ geslote boek kan wees nie. Daar sal geen doel wees indien ŉ openbaringsboek nie verstaan kan word nie.

Die Skrif is tog nie so deursigtig dat ŉ mens dit met die eerste oogopslag ten volle sal verstaan nie (Reymond, 1998:89). Die Skrif het te make met verborgenhede wat ver verhewe is bo die menslike verstand (2 Pet 3:16). As die Bybel die boek is wat deur die Gees geïnspireer is, dan is dit vanselfsprekend dat slegs die Gees die verborgenhede van die Woord aan die mens kan openbaar (1 Kor. 2:14). Die Heilige Gees maak volgens Heyns (1978:34) die Woord duidelik deur die mens aan te spoor tot omgang met die Bybel.

Ten spyte van die feit dat die Skrif duidelik is, is dit nogtans nie in alle gevalle ewe duidelik nie. Hier verwys Heyns (1978:34) na skopiese en periferiese duidelikheid. Skopiese duidelikheid verwys na die duidelikheid van die sentrale boodskap van die Skrif.

Alles wat in periferiese aard genoem word, is nie noodwendig op sigself duidelik nie, maar alleen duidelik in sy afhanklikheid van die skopus van die Skrif. Skopiese duidelikheid verwys onder andere na Jesus se oproep "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom" (Mat 4:17). Periferiese duidelikheid verwys weer na bv. "die vet van ŉ bees, skaap of bok mag nie geëet word nie" (Lev. 7:23). Laasgenoemde periferiese waarhede is alleen interpreteerbaar indien dit in verband met die skopus van die Skrif gesien word. Uit bogenoemde is dit duidelik dat die hart van die Skrif spreek tot die hart van die mens en daarop beslag lê.

Spangenberg se Skrifbeskouing bevraagteken nie net Gereformeerde belydenisse nie, maar ook die essensiële eienskappe van God se Woord. In hoofstuk 4 gaan ons kyk na die vernaamste verskille tussen die Skrifbeskouing van Spangenberg en die Gereformeerde Skrifbeskouing. Vooraf word kortliks aandag gegee aan die sogenaamde postmodernisme vir sover dit relevant is vir hierdie studie.

## 3.2 Postmodernisme

### 3.2.1 Inleiding

Die afgelope dekade of meer word gekenmerk deur 'n bevraagtekening van die Gereformeerde belydenisskrifte soos wat dit sy oorsprong gevind het.

Daar het volgens Van Aarde (2004:504) al in die laat-moderne era van die 20ste eeu *"winde van verandering"* op die werf van die kerk begin waai. Hierdie winde van verandering verwys juis na die opkoms van die postmoderne era.

Hierdie veranderinge waarna Van Aarde verwys, gaan nie oor 'n bevraagtekening van die Gereformeerde leerstellings nie, maar oor 'n hervorming deur God se Woord[29].

Die Gereformeerde belydenisse word toenemend gekritiseer vanuit die postmoderne paradigma. Die vraag word gevra (Spangenberg, 2005c:1): Is die Gereformeerde standpunt steeds relevant in 'n postmoderne era?

Aan die voortou van hierdie bevraagtekening staan onder andere Spangenberg (2005c:1), sowel as die Nuwe Hervorming-beweging (Muller, 2002:7-248).

Die voorgenome hoofstuk is relevant vir die onderhawige studie op grond van die volgende: Eerstens is daar die feit dat daar wel 'n verwantskap is tussen die standpunte van Spangenberg en beide dié van postmodernisme en modernisme. Spangenberg kan nie net as 'n postmodernis bestempel word nie. Tweedens, as gevolg van die feit dat Spangenberg (2009c:38) die geldigheid van Gereformeerde leerstellings in 'n postmoderne samelewing bevraagteken. Dit behels ook die Gereformeerde Skrifbeskouing.

Verwantskappe tussen die Skrifbeskouing van Spangenberg, die Nuwe Hervorming en postmodernisme is reeds uitgelig. Sover relevant sal postmodernisme aan die orde gestel word, tesame met faktore wat bygedra het tot die ontstaan daarvan[30]. Beide die premoderne en die moderne wêreldbeeld sal bespreek word om die historiese konteks van postmodernisme te verduidelik. Een van Spangenberg (2009c:38) se vernaamste standpunte is juis dat Gereformeerde belydenisse gevorm is tydens hierdie twee eras. Hy glo verder dat dit nie meer relevant is vir vandag nie.

Daar sal gekyk word na onderliggende selfweerlegging wat teenwoordig is in die postmoderne Skrifbeskouing. Die geldigheid van Gereformeerde leerstellings in 'n postmoderne era sal op grond van die voorafgaande studie gerugsteun word. 'n Konklusie word gevorm dat postmodernisme in 'n groot mate onversoenbaar is met Gereformeerde leerstellings.

---

[29] Van Aarde (2004:504) verwys ook na Barth (1990:247).

[30] Volledig bespreek in 3.2.3.1.a

### 3.2.2 Postmodernisme in perspektief

Ons leef vandag in ŉ postmoderne samelewing. Dit is besig om die wêreld soos ons dit geken het, onherroeplik te verander. Die wêreld waarin ons vandag leef, voel vir baie mense vreemd en anders as dit waaraan hulle eertyds gewoond was.

Van Aarde (2004:505) beskryf hierdie verandering as volg: "Die transgressiewe beweging in postmodernisme is so redekrities dat dit 'n totale alternatief op modernisme voortstaan". Hierdie aanhaling benadruk dat die beginsels van postmodernisme totaal en al anders is as dié van modernisme.

Verskeie gedragspatrone en morele standaarde wat oor die eeue heen as onveranderlik beskou was, word nou bevraagteken of verwerp. Volgens Van Zyl (2008:2) is dit nie net buitekerklikes wat vrae vra nie, maar baie vrae kom vanuit die kerk self[31].

In Van Niekerk (2005) se artikel *Die tyd van sekerheid is verby* blyk dit dat die hoofstroomkerke en hulle teologie in Suid Afrika hulself bevind in 'n maalkolk waarvan daar nog geen einde in sig is nie. Postmodernisme is myns insiens een van die hoof- bydraende faktore tot hierdie "maalkolk".

Alhoewel baie mense bewus is van die feit dat ons leef in ŉ postmoderne era, weet baie min werklik wat dit beteken of behels. Volgens Du Toit (2007:1) word die vraag "Wat presies is postmodernisme?" al hoe duideliker gevra. Daar bestaan verskeie menings oor presies wat dit beteken, maar wat soos ŉ paal bo water uitstaan, is die feit dat dit baie kompleks is om te definieer.

Daar is diegene wat meen dat postmodernisme ŉ stand of ŉ houding is. Aan die ander kant is daar dié wat beweer dat dit 'n tydsaanduiding of noemer is vir die verstaansraamwerk van die huidige samelewing (Van Zyl, 2008:2). In die verlede was die lyne tussen reg en verkeerd duidelik. Almal was dit eens: verkeerd is verkeerd en sonde is sonde. Vandag wil dit eerder voorkom asof reg en verkeerd in ŉ grys area van relatiwiteit vasgevang is. Grenz (1996:40) staaf bogenoemde deur die volgende stelling: "The loss of the modern worldview marks the end of the objective world of the Enlightenment project". Dit het veroorsaak dat reg en verkeerd nie meer gemeet kan word aan eertydse standaarde nie, maar wissel van indiwidu tot indiwidu.

Om die geldigheid van Gereformeerde teologie binne konteks van ŉ postmoderne era te ondersoek, gaan ons eerstens kyk na waar al die verandering vandaan gekom het, en ook wat aanleiding daartoe gegee het.

---

[31] Spangenberg (Du Toit & Spangenberg, 2002:1134) verkondig dat die Christelike geloof en teologie onlangs 'n paradigmaverandering beleef het en verwys ook telkens daarna.

Grenz (1996:15) is daarvan oortuig dat postmodernisme nie uit die lug geval het nie. Postmodernisme het die eerste keer ter sprake gekom tydens die 1930s. Daar kan duidelike lyne vanuit die geskiedenis getrek word tot by die denkpatrone wat vandag in postmodernisme aanwesig is. Een manier om die konteks waarbinne postmodernisme ontwikkel het te verstaan, is om die geskiedenis in drie hooftydperke te verdeel.

### 3.2.3 Die drie hooftydperke

#### 3.2.3.1 Inleiding

Volgens Hoffman (2005:1) kan die wêreldgeskiedenis tradisioneel ingedeel word in drie tydperke naamlik premodernisme (begin tot en met ongeveer 1650), modernisme (ongeveer 1650-1950) en postmodernisme (ongeveer 1950 tot op hede).

Die paradigmaveranderinge (paradigma verwys na ŉ bepaalde denkrigting of lewensbeskouing) het in die meeste gevalle aanleiding gegee tot die oorgang van een tydperk na ŉ ander.

Onder andere het die twee wêreldoorloë op hulle beurt weer aanleiding gegee tot die oorgang van modernisme na postmodernisme (Grenz, 1996:2). Die oorgang word dan gekenmerk, eerstens deur basiese veranderinge in die fisika, wat ook deurspoel na die teologie (Muller, 2002:89).

**a) Premodernisme**

Tydens die premoderne tyd is daar geen wetenskaplike vrae gevra nie. Mense het alles naïef geglo en as vanselfsprekend aanvaar. Dit omvat ook die tydperk voor die uitbreiding van die moderne wetenskap. Die regering van die kerk is as die hoofbron van gesag aanvaar en is selde of ooit bevraagteken (Van Zyl, 2008:3).

Die sienings van die Latynse kerkvaders Hieronimus (342-420), Ambrosius (339-397) en Augustinus (354-430) is volgens Spangenberg (2009c:38) voorgehou as die waarheid tydens ŉ era waarin daar nooit enige wetenskaplike vrae gevra was nie.

Toe die moderne en postmoderne tyd uiteindelik aanbreek, was hierdie belydenisse in so 'n mate ingeprent dat die wye publiek dit as 'n sonde beskou het om dit te bevraagteken. Die meeste mense was arm en ongeletterd. Die vlak van kulturele en godsdienstige diversiteit in die samelewing was uiters laag. Sosiale veranderinge het feitlik nooit plaasgevind nie en sosiale rolle was in die meeste gevalle onveranderlik.

Elke gemeenskap se kultuur was samehangend (gedeel met die mense van die bepaalde land of streek). Vanweë die verskeie sosiale groepe se isolasie was daar weinig blootstelling aan buitestanders (Van Zyl, 2008:4).

Durand (2005:66) huldig ook die siening dat grootskaalse rampe of wêreldgebeure in beide oorgangstydperke (premodernisme na modernisme, sowel as modernisme na postmodernisme) die rede was agter die paradigmaskuif.

Die Groot Pes en natuurrampe van die 14de eeu het ŉ vraagteken geplaas oor die rasionaliteit van God se handelinge in die wêreld. Die resultaat was dat rasionaliteit vir goed uit die sfeer van God se handelinge verban is.

Daar kan afgelei word dat die mens God tot op ŉ stadium onvoorwaardelik vertrou het sonder om te veel vrae te vra. Die moment toe daar ŉ reeks onverklaarbare gebeurtenisse afspeel, het die mens dieper ondersoek begin instel. Stelselmatig het die mens sy eie denkwyses verander en aangepas ten einde hierdie vrae suksesvol te beantwoord (Durand, 2005:66).

**b) Modernisme**

Modernisme is die tydperk wat op die premodernisme gevolg het. Dit is die naam wat gegee word vir die era van wetenskap wat hoogty gevier het tydens die Verligting (Aufklärung) vanaf ongeveer die 17de en 18de eeu tot en met die 20ste eeu (Hoffman, 2005:1).

Alvorens daar gekyk word na Immanuel Kant se lewensbeskouing, word daar kortliks na eerstens die Kopernikaanse omwenteling verwys. Nikolaus Kopernikus sorg in 1543 vir 'n deurbraak met sy teorie dat die son die sentrum van ons sonnestelsel is, en dat alle ander planete daaromheen wentel. Hierdie siening van Kopernikus het 'n revolusie in die sterrekunde veroorsaak. Tweedens het Galileo Galilei (1564 -1642) 'n groot rol gespeel in die popularisering van hierdie teorie en die gevolge wat dit vir die Kerk se standpunte oor die Bybel ingehou het. Derdens het die filosoof René Descartes (1596-1650) met sy beklemtoning van die mens as 'n denkende wese, 'n verdere krisis vir die paradigma van Hervorming geskep. Die kern van sy filosofie word saamgevat in die uitdrukking "Cogito ergo sum" wat beteken "Ek dink, daarom is ek" (Spangenberg, 1998:4).

Die filosoof Immanuel Kant (1724-1804) het die lewens- en wêreldbeskouing van mense ingrypend verander. Hy was ŉ professor aan die Universiteit van Königsberg. In 1784 skryf hy ŉ verklaring waarin hy vra: Wat is die Aufklärung? In eenvoudige taal kom dit neer op die mens se mondigwording. Uiteindelik, sê Kant, het die mens geleer om vir homself te dink, onafhanklik van die Bybel, kerk of staat se voorskrifte (Grenz, 1996:73-81).

Kant het van die veronderstelling uitgegaan dat alle kennis slegs gebaseer word op sintuiglike waarneming (empirisme), maar dat die rede dit dan moet vertolk of orden (rasionalisme).

Dit was die begin van ʼn objektiewe wetenskap, maar aan die ander kant ook ʼn veroordeling van die bonatuurlike. Dit het tot gevolg gehad dat groot dele van die Bybel, onder andere Jesus se maagdelike geboorte, wonderwerke, opstanding en nog vele ander verhale onaanvaarbaar was binne die konteks van hierdie nuwe wêreldbeskouing. Volgens Van der Walt (2009:2) het die Goddelike oorsprong van God se Woord ook nie aan Kant se kriteria voldoen nie.

Modernisme beskou die rede as outonoom. Rede is glad nie onderworpe aan enige gesag wat van buite af kom nie. Van Zyl (2008:4) verwys na die volgende aanhaling van Dennis McCallum[32] ter stawing van bogenoemde:

> "Modernists view the world, including humans, as one gigantic machine, placing their faith in rationality (the ability of humans to understand their world), empiricism (the belief that knowledge can only be gained through our senses), and the application of rationality and empiricism through science and technology."

McCallum se stelling vind aansluiting by dié van Durand (2005:66), naamlik dat 'n reeks onverklaarbare gebeurtenisse aanleiding gegee het dat die mens vertroue in sy eie vermoëns verloor het. Die aanvang van die moderne tyd is te wyte aan ʼn paar belangrike gebeure wat die mens uit die premoderne tyd geskud het. Ons kyk kortliks na die volgende voorbeelde soos saamgevat deur Durand (2005:66) en Grenz (1996:57-58):

- Die Hervorming het stelselmatig die kerk[33] se gesag in twyfel begin trek. Gewone mense is vir die eerste keer toegelaat om vir hulself te dink en vrae te vra (Van Zyl, 2008:4).

- Die industriële revolusie. Die ontwikkeling van masjiene en die vervoerstelsel het handearbeid en produksie drasties beïnvloed. Dit het aanleiding gegee tot die totstandkoming van fabrieke en die uitbreiding van stede. Dit het weer die sosiale stand van mense beïnvloed (Grenz, 1996: 57-58).

- Darwin se teorie van evolusie het aanleiding gegee tot ʼn nuwe atmosfeer van vryheid in die wetenskap en filosofie. Die leer van evolusie het die mens se waarde as "kroon van die skepping" aangetas en ontken.

---

32 Van Zyl (2008:4) verskaf geen verdere bibliografiese besonderhede ten opsigte van Dennis McCallum nie.

33 Die kerk waarvan hier gepraat word is die Rooms-Katolieke kerk wat sy gesag gebou het op die onfeilbaarheid van die Pous en kerklike tradisies. Hier word spesifiek verwys na die kerk as saligmakende instituut.

- Sekere natuurrampe en gebeure soos die Swart Dood het ook ŉ vraagteken oor God se soewereiniteit geplaas.

In Durand (2005:39) se boek *Doodloopstrate van die geloof* beklemtoon hy die Nuwe Hervormers se afwysing van die modernistiese wêreldbeeld. Die rede volgens Pieter Craffert is die donker kant van hierdie wêreldbeeld. Wat presies is hierdie donker kant?

Volgens hom word die wêreldbeeld verabsoluteer en normatief gemaak vir alle mense. By implikasie beweer hierdie wêreldbeeld dat diegene wat nie met hulle saamstem nie, op ŉ dwaalspoor is. Die rasionaliteit van modernisme maak aanspraak op ŉ universele geldigheid, dit wil sê dat alle dinge ten alle tye vir alle mense geldig is. Vir modernisme kan niks wat nie wetenskaplik verklaarbaar is, aanspraak maak op die waarheid nie. Dit is ook die hoofrede waarom modernisme die sienings van die premoderne wêreldbeeld verwerp het.

Van Zyl (2008:4) som die filosofie van modernisme soos volg op:

- Optimisme oor die toekoms het in die moderne tyd opgebloei.
- Daar was vordering in die mediese wetenskap, wat tot gevolg gehad het dat baie siektes wat voorheen ongeneesbaar was, nou behandel kon word.
- Naturalisme het posgevat. Dit behels die siening dat die waarneembare natuur al is wat daar is. Volgens hierdie teorie bestaan daar geen geestelike dimensie nie.
- ŉ Volgende hoofidee was "Scientism", wat vertaal kan word as wetenskaplike materialisme. Dit huldig die standpunt dat wetenskap die enigste bron van ware kennis oor die wêreld is. Enige siening wat nie wetenskaplik bewys kan word nie, word as onwetenskaplik afgemaak.
- ŉ Indiwidu is belangriker as die gemeenskap en elkeen leef net vir homself. Die mens is as ŉ ontwikkelde dier beskou wat deur sy eie behoeftes gedryf word.

Die volgende faktore het aanleiding gegee tot die ondergang van modernisme:

Daar was eerstens ŉ ontwikkeling in die natuurwetenskappe wat getoon het dat Immanuel Kant se uitgangspunte nie water hou nie (Grenz, 1996:60). Van der Walt (2009:3) beskou Einstein se relatiwiteitsteorie as die belangrikste hiervan.

Tweedens is modernisme se optimisme oor menslike vooruitgang gestuit deur die twee wêreldoorloë, tesame met tegnologiese ontwikkeling wat ŉ ernstige bedreiging inhou vir menslike voortbestaan (Durand, 2005:66). Die mens se kennis en rede was besig om monsters te skep wat tot sy eie uitwissing kon lei.

Derdens het die groot politieke kragte, Nazisme en kommunisme, ŉ diep wantroue veroorsaak in dogmatiese aansprake. Dieselfde, net op ŉ kleiner skaal, was sigbaar in Suid-Afrika met die toepassing van die apartheidsbeleid. Mense het onder meer hulle vertroue verloor in kerke wat die apartheidsbeleid op grond van die Bybel verdedig het. Van der Walt (2009:3) benadruk ook die feit dat mense nie meer blindelings die dominee glo net omdat hy ŉ "gesant van die Here" is nie.

Daar het tydens die laaste kwart van die 20ste eeu ŉ heel nuwe wêreld aangebreek, meer spesifiek die laaste tien jaar. Modernisme wat hoofsaaklik klem gelê het op menslike rede moes plek maak vir emosie, belewing en gevoel, met gevolglik die oorgang van modernisme na postmodernisme (Van der Walt, 2009:3).

**c) Postmodernisme**

In ŉ postmoderne wêreldbeeld gaan dit nie oor hoe die wêreld lyk nie, maar hoe dit werk (Durand, 2005:40). Met hierdie gedagte kan ŉ mens sê dat alles binne die een of ander sisteem werk.

Binne ŉ premoderne wêreldbeeld word daar met wesens en kragte gewerk en binne ŉ moderne wêreldbeeld met atome en natuurwette. Van der Walt (2007:553) verwys na die volgende verskille tussen modernisme en postmodernisme soos saamgevat deur Olthuis (1999:14):

| **Modernisme** | **Postmodernisme** |
|---|---|
| Die waarheid is logies | Die waarheid is meer as logies |
| Universaliteit | Partikulariteit |
| Geslotenheid | Openlikheid |
| Duidelikheid | Dubbelsinnigheid |
| Eenheid | Veelheid |
| Eenvormigheid | Verskeidenheid |
| Die geheel | Fragmente |
| Stabiliteit | Verandering |
| Vooruitgang | Diskriminasie, onderdrukking |
| Kontrole, beheersing | Wederkerigheid |

| | |
|---|---|
| Neutraliteit | Vooroordeel |
| Tydloosheid | Tydsheid |
| Gelykheid | Uniekheid |
| Sisteem | Standpunte |
| Identiteit | Onderskeid |
| Samehang | Verspreiding |
| Rasioneel | Emosioneel |
| Sistematies | Eklekties |
| Kontinuïteit | Diskontinuïteit |
| Voorspelbaarheid | Onvoorspelbaarheid |
| Sienlike | Onsienlike |
| Antwoorde | Vrae |
| Meesterverhale | Baie verhale |
| Een waarheid | Baie waarhede |

Hierdie kontrasterende vergelyking van die kernbegrippe is baie verhelderend. Die opmerklike is dat die postmodernistiese siening in die meeste gevalle dié teenoorgestelde is as die van modernisme.

In teenstelling met modernisme, behels postmodernisme dat iets ŉ werklikheid kan wees binne ŉ bepaalde sisteem terwyl dit geen werklikheid vir ŉ ander sisteem inhou nie. Durand (2005:40) verwys na die volgende aanhaling van Craffert:

> "Geeste, demone of voorouers is nie in sigself werklik nie, maar binne bepaalde kulturele sisteme (en binne daardie sisteem) is hulle so werklik soos die tafel en stoel waarop jy sit of die virus wat ŉ dokter onder ŉ mikroskoop sien – hulle rig optrede, bepaal denke, en doen mee aan menslike aktiwiteite.

> Enige moderne wêreldbeeld is so vol dinge wat nie met die sintuie waargeneem kan word nie; dinge wat ons lewe bepaal, soos diegene wat in 'n wêreld van geeste en demone leef. Dink maar aan anoreksie of hipertensie of die totale aanslag. Voorouers of demone is in sommige kulturele sisteme net so werklik soos die ander gesagsfigure in ander kulturele sisteme."

Craffert kom tot die gevolgtrekking dat daar binne 'n postmoderne wêreldbeeld nie net een manier is om die werklikheid te verstaan nie. Die rede hiervoor is dat die werklikheid nie vir alle mense dieselfde is nie (Muller, 2002:74)[34]. Postmodernisme erken 'n verskeidenheid van perspektiewe en het nie net een maatstaf waaraan voorstellings getoets word nie (Durand, 2005:40). Hierdie kan, volgens my, aanleiding gee tot 'n afgewaterde waarheid. Die vraag kan gevra word: Het daar enige geloofwaardigheid in die werklikheid oorgebly indien dit gemeet word aan onsekerhede? Myns insiens nie. Die grootste gevaar vir waarheid is nie duidelike valsheid nie, maar eerder die halwe waarheid.

Postmodernisme behels verder dat daar net soveel betekenisse bestaan as wat daar vertolkers is. Van der Walt (2007:564) waarsku dat die term "–isme" 'n groot gevaar inhou. Dit verabsoluteer een aspek van die werklikheid en probeer al die ander aspekte van die werklikheid na die historiese herlei en daaruit verklaar. Strauss (2005:225) merk op dat daar in hierdie "– isme" 'n groot ironie skuil:

> "If everything is history, nothing remains that could have a history. This is the cul de sac of historicism (and of every ism) that which is exalted as one and all loses all meaning, since if everything is history, there is nothing which can have a history. Ultimately every one-sided ism produces a tragic irony: it always achieves the opposite of what is aimed for"

Indien 'n mens alle aspekte van die werklikheid na die historiese herlei, bly daar niks oor wat geskiedenis kan hê nie. Hierdie opvatting dat die historiese die essensiële van alles is, is dus selfvernietigend.

Ons kyk kortliks na die **drie pilare van postmodernisme** (Van der Walt, 2009:4):

**Dekonstruksionisme:** Alles is relatief en gaan oor vertolking (Greer, 2003:6). Vir die postmoderne wêreldbeeld is waardes soos vaste oortuigings en konsekwentheid fundamentalisties en derhalwe verkeerd. Dit beteken ook dat een mens meer as een persoonlikheid kan hê, godsdienstig, seksueel, professioneel, polities, ens. Vir postmodernisme maak dit glad nie saak as dieselfde persoon meer as een rol speel nie.

[34] Hierdie is ook die siening van die Nuwe Hervorming (Muller, 2002:74).

Dit is dus niks vreemd of verkeerd om Vrydagaand sedeloos op te tree en Sondagoggend vroom in die kerk te sit nie. Een kompartement van die lewe hoef nie ŉ invloed op die ander te hê nie.

**Pluralisme:** Pluralisme gaan van die veronderstelling uit dat absolute waarheid nie kenbaar is nie en dat twyfel normaal is. In 'n postmodernistiese wêreldbeeld verskuif die klem vanaf die objektiewe na die subjektiewe en vanaf rede na die klem op ervaring (Coetzee, 2010:4).

Godsdienstige kwessies is dus ŉ persoonlike oortuiging eerder as ŉ universele waarheid. Daar bestaan nie iets soos kettery nie, die enigste kettery is om enigiets as kettery te beskou (Van der Walt, 2009:4). Volgens pluralisme kan geen godsdienstige beskouing aanspraak maak op die waarheid nie. Nog minder kan enige beskouing as verkeerd afgemaak word.

Persoonlike keuse is dus alles. Geïnstitusionaliseerde en vasgelegde ortodoksie is taboe en saamgeflanste en persoonlike spiritualiteit is aan die orde van die dag. Elke indiwidu is vry om sy eie geloof saam te stel net soos wat dit hom pas. Van der Walt (2009:5) skryf dat postmodernisme ŉ kultuur is op soek na belewing eerder as waarheid.

**Relativisme:** Daar bestaan geen objektiewe en algemeen-geldende norm nie (Fick, 2010:271). As gevolg hiervan moet elkeen in elke betrokke situasie self besluit wat reg en wat verkeerd is (Greer, 2003:62). Stellings soos: "Jy het jou opinie en ek het myne" is totaal aanvaarbaar binne 'n postmoderne wêreldbeeld.

Volgens Grenz (1996:15) sal ŉ tipiese postmodernistiese benadering soos volg klink:

> "What is right for us might not be right for you" en "What is wrong in our context might in your context be acceptable or even preferable".

My gevolgtrekking is dat postmoderniste eerder verkies om gerieflikheidshalwe vas te hou aan 'n grys area eerder as enige vorm van konkrete waarheid. Dit is dalk een van die redes hoekom die postmodernistiese wêreldbeeld so gewild is.

### 3.3 Die versoenbaarheid van postmodernisme met die Gereformeerde leerstellings

Volgens Van Zyl (2008:7) is dit onmoontlik om op ŉ praktiese vlak saam te leef met selfweersprekende filosofieë. Die onderliggende idees van postmodernisme is onsamehangend en kan moeilik realisties toegepas word.

ŉ Mens besef byna instinktief dat dit nie moontlik is om hierdie beginsels binne die raamwerk van ŉ bestaande en reeds gevormde Christelike geloof toe te pas nie.

Alles van postmodernisme is egter nie net sleg nie. Daar is ook positiewe eienskappe, soos bv. die beklemtoning van persoonlike verantwoordelikheid. Hierbenewens bevorder dit ook logiese redenasie en objektiwiteit. Waarheid word nie net vanselfsprekend aanvaar, soos in die premoderne tyd nie.

Postmodernisme help ook mense om vir hulself te dink en opnuut te besin oor hulle norme en waardes.

### 3.3.1 Die filosofiese onderbou van postmodernisme

Ons kyk kortliks na die onderbou van postmodernisme.

Die volgende eienskappe is kenmerkend van die postmoderne filosofie:

Volgens Van Zyl (2008:7) is verskeie van die eienskappe in lyn met die Christelike beskouing, alhoewel die verbuiging hiervan probleme skep. In elkeen van die gevalle gaan ons kyk na die postmodernistiese filosofie, sowel as die onderliggende selfweerlegging wat in teenstelling is daarmee.

**3.3.1.1 Relativisme (Van der Walt, 2007:550):** Dit is die idee dat waarheid nie bepaal word deur die realiteit buite die waarnemer nie, maar deur ŉ groep of indiwidu. Hiervolgens is daar geen universele waarheid nie. Greer (2003:63) verwys na die term "centerlessness" wat dui daarop dat postmodernisme geen meganismes in plek het om te bepaal of 'n situasie reg of verkeerd is nie.

Grenz (1996:40) skryf: "In a sense, postmoderns have no worldview. A denial of the reality of an unfined world as the object of our perception is at the heart of postmodernism". Grenz som dit goed op deur te sê dit is "in a sense" waar, want selfs die feit dat postmodernisme die moontlikheid van enige betroubare lewensvisie ontken, impliseer alreeds 'n visie.

**Onderliggende selfweerlegging:** Postmodernisme is van mening dat daar geen universeel-geldende waarheid bestaan nie (Van der Walt, 2007:552). Die vraag kan gevra word: Is hierdie slegs ŉ opinie of is dit ŉ universeel geldende waarheid? Is dit waar in alle omstandighede, vir alle tye?

Indien wel, dan is postmodernisme besig om aanspraak te maak op ŉ universele waarheid. Hulle standpunt is in teenstelling hiermee dat daar geen universele waarheid bestaan nie. In effek sê hulle "Dit is absoluut waar dat daar geen absolute waarhede bestaan nie". Bogenoemde stelling bring die selfweerleggende aard van hierdie filosofie duidelik na vore. Dit is maklik om te sê dat daar nie werklik iets soos reg en verkeerd bestaan nie, tensy die spreker self die slagoffer van onreg word.

**3.3.1.2 Konstruktivisme (Van der Walt, 2007:550):** Hierdie konsep impliseer dat indiwidue nie onafhanklik bestaan en geken kan word nie. Kultuur en indiwidualiteit word gebou deur die omgewing en die samelewing. Dit behels dat die mens nie ŉ onafhanklike indiwidu is nie, maar slegs ŉ samestelling van sy tyd of kultuur. Hierdie standpunt sluit aan by Spangenberg (2004b:2) se Skrifbeskouing oor die belangrikheid van taal en kultuur. Daar bestaan geen algemene menslikheid met algemene beginsels en eienskappe nie.

Elke indiwidu is geïsoleerd en sonder betekenis, aangesien hy ŉ skepsel is van sy eie kultuur. Geen mens kan voorts aanspraak maak op die waarheid nie, aangesien sy denke deur sy kultuur bepaal word.

**Onderliggende selfweerlegging:** As dit wel waar is dat alle kulture en indiwidualiteit gekonstrueer is, hoekom word hierdie denkers se idees dan as waarheid beskou? Volgens Van Zyl (2008:8) is dit logies dat hierdie idees slegs sosiale en kulturele konstruksies moet wees wat nie enige vorm van waarheid weerspieël nie. As konstruktivisme nie waar is nie, maar slegs ŉ sosiaal gekonstrueerde idee, ontstaan die vraag wat daarmee gemaak moet word.

**3.3.1.3 Die absolute suspisie van taal** (Greer, 2003:68)**:** Aansluitend by die vorige punt is taal ook net ŉ sosiale konstruksie wat geen akkuraatheid weergee nie. Ondanks die feit dat verskillende tale dinge verskillend beskryf, kan daar geen betekenis aan taal gekoppel word nie.

Indien taal nie waarheid kommunikeer nie, het elke persoon sy eie narratief met ŉ onderliggende narratief wat dan die werklike betekenis bevat (Grenz, 1996:45). Dit behels dat geen teks op die oog af as waarheid beskou kan word voordat daar nie eers na die meta-narratief gekyk word nie.

**Onderliggende selfweerlegging:** Postmodernisme maak van taal gebruik om ŉ akkurate beskrywing te gee van die onvermoë van taal om dinge akkuraat te beskryf. Wanneer hulle die taal gebruik, buig hulle dit dat dit nie ŉ sosiale en kulturele konstruksie het nie. Van Zyl (2008:8) vra die vraag "Hoe kan hulle idees oor die werklikheid wat in taal uitgedruk word, geglo word as hulle self sê dat niks wat in taal uitgedruk word geglo kan word nie?" Hierdie voorbeeld illustreer die selfweersprekende aard van postmoderne filosofieë.

**3.3.1.4 Mag as die belangrikste doel van optrede en taal:** Volgens hierdie siening gebruik die huidige uitgesoekte groep hul idees en taal om ŉ status quo te handhaaf.

Hierdie sienswyse is afkomstig van die idees van Marx wat beweer dat alle optrede en besluite gegrond word op die motief van mag. Postmodernisme glo dat groepe wat voorheen benadeel is, nou bevoordeel en aangemoedig moet word. Die rol van vrouens in die kerk, sowel as aanvaarding van homoseksualisme, word sterk gepropageer. Dit kom neer daarop dat debat en denke ondergeskik is aan retoriek en propaganda (Van Zyl, 2008:8).

**Onderliggende selfweerlegging:** As dit wel so is dat alle idees en taal oor mag gaan, gaan postmodernisme se standpunte ook oor mag. As die huidige uitgesoekte groep mense probeer om ŉ status quo te handhaaf, probeer die postmoderne denkers nie maar presies dieselfde nie? Indien die postmoderniste self besig is met ŉ magspel, dan moet hulle idees teengestaan word eerder as aanvaar word.

**3.3.1.5 Dekonstruksie:** Hierdie konsep vloei direk uit die voorafgaande suspisie van taal en magspeletjies. Grenz (1996:148) verwys ook na Derrida se teorie dat dekonstruksie primêr te make het met taal.

Dekonstruksie verwys na die tegniek wat postmoderniste gebruik om by die werklike storie uit te kom. Hulle neem enige verhaal en poog dan om die onderliggende magspel raak te sien, om sodoende die werklike betekenis te ontmasker. Wanneer na God as manlike figuur in die Bybel verwys word, sal die meta-narratief waarskynlik dui op ŉ mans-gedomineerde wêreld waarin dit geskryf is (Van Zyl, 2008:9).

**Onderliggende selfweerlegging:** Indien ons dekonstruksie op die postmoderne skrywers se skryfwerk toepas, moet ons die werklike betekenis van die skrywe ontdek. Van Zyl (2008:9) benadruk die feit dat die postmoderniste self besig is met ŉ magspel, en dat hulle besig is om hulle eie saak te bevorder deur die toepassing van dekonstruksie op ander.

**3.3.1.6 Verdraagsaamheid (Van Zyl, 2008:9):** Verdraagsaamheid vorm die basis van die postmoderne sienswyses. Daar moet dus na alle indiwidue se sienings gekyk word en almal moet aanvaar word as net so waar soos alle ander sienings. Fick (2010:271) skryf: "Postmoderniste verwerp enige aanspraak op universele waarheid en tipeer dit as gewelddadige dwang deur magtige instellings op 'n indiwidu". Postmoderniste duld geen beoordeling van ŉ ander se sienings nie, aangesien niemand kan aanspraak maak op die volle waarheid nie. Die nadeel is egter dat hulle verdraagsaamheid nie beskou word as ŉ positiewe eienskap waardeur ander ruimte gegun word nie. Dit gaan hier eerder oor die feit dat geen waarheid objektief is nie, en geen waarde normatief is nie. Met ander woorde, verkeerde idees word nie meer verdra nie. Verdraagsaamheid soos die postmoderniste dit toepas, impliseer dat daar geen verkeerde idees meer is nie.

**Onderliggende selfweerlegging:** postmodernisme verkondig verdraagsaamheid en die aanvaarding van alle idees. Volgens Van Zyl (2008:9) bedoel hulle nie werklik alle idees nie, maar slegs die idees wat nie aanspraak maak op absolute waarheid nie. Ten spyte van die feit dat hulle verdraagsaamheid hoog aanslaan, word hulle self baie onverdraagsaam as Christene sê dat Jesus die enigste weg na die Vader is.

**3.3.1.7 Pluralisme en multikulturaliteit (Grenz, 1996:14):** Pluralisme in hierdie konteks verwys na die onversoenbaarheid tussen verskillende groepe. Elke mens is dus deel van ŉ groep en kan nie van groep verwissel of deel van ŉ groter groep word nie. Dit impliseer dat elke mens vasgevang is binne sy groep en dat niemand werklik reg of verkeerd kan wees nie aangesien groepe verskil. Volgens Fick (2010:271) lê postmodernisme baie klem op verhoudings binne 'n bepaalde gemeenskapsmilieu.

Elke groep het sy eie unieke perspektiewe en almal moet so aanvaar word. Indien dit wel so is dat alle kulture en waardes relatief is, kan ŉ mens nie een werklik ernstig opneem nie [35].

**Onderliggende selfweerlegging:** postmoderniste sien hulself as een groot groep waarvan almal deel is, maar terselfdertyd beweer hulle dat geen so 'n groter groep bestaan nie.

**3.3.1.8 Eklektisisme (Van Zyl, 2008:9):** Dit verwys na ŉ meng-en-pas-benadering. Postmoderniste neem dele van enige denkrigting of godsdiens om hulle eie filosofie daarmee te vorm. Ek verwys na die volgende aanhaling van Grenz (1996:15) as een so 'n voorbeeld: "For example, a postmodern Christian may affirm both the classic doctrines of the church and such traditionally non-Christian ideas as reincarnation". Dit behels dat hulle soms teenstrydige denkrigtings of godsdienste versoen en die teenstrydighede as onbelangrik of belaglik afmaak.

**Onderliggende selfweerlegging:** postmoderniste tree volgens Van Zyl (2008:9) baie paternalisties op deur hulle aandrang op eklektisisme. Hulle steur hulle nie aan kenners van ŉ spesifieke veld of godsdiens se opinie oor onversoenbare filosofieë nie. Sonder die nodige kennis besluit postmoderniste dat hierdie kenners verkeerd is en ignoreer dan hulle besware. Voorts is dit duidelik waarom die postmoderne paradigma toenemende kritiek teen Gereformeerde leerstellings lewer.

**3.2.2 Tabel ter illustrasie van positiewe en negatiewe eienskappe wat teenwoordig is in die postmodernistiese onderbou (Van Zyl, 2008:10):**

| **Positiewe aspekte** | **Negatiewe aspekte** |
|---|---|
| 1. Sonder ŉ persoonlike ontmoeting en kennis van God is alle rede onseker.<br><br>2. Mens is dikwels meer subjektief as wat hulle erken. | 1. Postmodernisme weerspreek hulself deur logiese denke te gebruik om die waarde van logiese denke mee aan te val.<br><br>2. Postmodernisme oordryf die beperkinge van mag en taal (Grenz,1996:14) . |

[35] Hierdie siening is in ooreenstemming met dié van Craffert (Muller, 2002:74).

| | |
|---|---|
| 3. ’n Mens se eie kultuur verblind hom dikwels vir die goeie eienskappe van ander kulture.<br><br>4. Mense is sosiale wesens en die sosiale omgewing beïnvloed hulle denke en waardes direk.<br><br>5. Blinde geloof in die huidige stand van sake is nie goed nie.<br><br>6. Postmodernisme laat tradisionele gelowiges opnuut besin oor hulle norme en waardes.<br><br>7. Dit bevorder logiese redenasie en objektiwiteit.<br><br>8. Waarheid word nie net vanselfsprekend aanvaar soos in die premoderne tyd nie. | 3. Probleme wat verband hou met wetenskaplike objektiwiteit word oordryf.<br><br>4. Probleme wat verband hou met interpretasie en tale word oordryf.<br><br>5. Hulle ontken die bestaan van self en dít op sigself is foutief.<br><br>6. Om te beweer dat ander uitsluitend en onderdrukkend is en dan self so op te tree, is teenstrydig.<br><br>7. Hulle vervang waarheid met mag wat onderdrukking vir ander voorspel (Fick, 2010:271). |

Baie van die negatiewe aspekte is ook teenwoordig in Spangenberg se Skrifbeskouing. Nommers 2, 3, 4 en 7 kan as die vernaamste voorbeelde uitgesonder word.

Bogenoemde tabel dui daarop dat daar wel ooreenkomste is tussen die Skrifbeskouing van Spangenberg en die postmodernistiese Skrifbeskouing. Die ooreenkomste is spesifiek ten opsigte van die volgende: Wetenskaplike bewyse is belangriker as God se Woord en die beklemtoning van die belangrikheid van taal, kultuur en gesag is eerder gesetel in die indiwidu as in God se Woord.

Van Zyl (2008:11) verwys na die volgende aanhaling van G.E. Veith:

> "Postmodernism encourages selfishness without individuality; subjectivity without identity; license without freedom. For all of its talk about culture, postmodernism lacks culture...
>
> Postmodernism stresses tolerance, pluralism, and multiculturalism, but in its dismissal of all beliefs, it trivializes all cultures that tolerate none. The contradictions of Postmodernism are the contradictions of attempting to live without God, who alone can redeem our humanness."

G. E. Veith se aanhaling som die postmodernistiese wêreldbeeld baie mooi op. Postmodernisme het baie te sê oor alles, maar tog dra dit in wese geen krag of outoriteit nie. Ter aansluiting hierby skryf Van der Walt (2007:562): "Postmodernisme mag nie kritiekloos as die nuutste mode deur Christene omhels word nie - sy relativisme stel alles op losse skroewe".

### 3.3.3 Moontlike kritiek teen die postmodernistiese siening[36]

Van der Walt (2007:564) verwys na die grondprobleem van postmodernisme as "anomie". Hy beskryf anomie soos volg: "Anomie is a loss of nomos - the loss of any sense of meaningful order to the world... All order is arbitrary, imposed on the world by human beings, usually for self serving reasons".

Hierdie postmodernistiese wêreldbeeld gaan noodwendig ook verskeie problematiese implikasies tot gevolg hê. Dit word as volg deur Greer (2003:89) saamgevat:

- Die dood van die waarheid.
- Die verdwyning van morele waardes en deugsaamheid.
- Die oortuiging van sonde word oorskadu deur eie geregtigheid.
- Privatisering van die geloof.
- Dit plaas die indiwidu se eie idees op die voorgrond bo dié van God.
- Die disintegrasie van menslike regte.
- Persoonlike gevoelens staan op die voorgrond bo God se Woord.
- 'n Neiging na die ekstreme.

Indien postmodernisme bewys kan word as ʼn wêreldbeskouing met objektiewe waarheid, dan is postmodernisme se hoofpostulering, naamlik die verwerping van objektiewe waarheid, verkeerd.

Om aanspraak te maak op die waarheid, maar terselfdertyd te verklaar dat daar geen waarheid bestaan nie, is selfweerleggend en arbitrêr. Indien die stelling waar is, dan is dit nie waar nie, aangesien daar geen waarheid bestaan nie. Postmoderniste kan dus nie aanspraak maak op die waarheid nie, aangesien hulle die bestaan van objektiewe waarheid ontken.

[36] Hierde punt is relevant t.o.v. hierdie studie, aangesien baie van Spangenberg se sienings ooreenstem met die van die postmodernisme.

Postmodernisme devalueer enige aanspraak op teorievorming. Volgens Du Toit (2007:4) vergeet hulle dat anti-teorie ook ŉ teoretiese stand is.

Ten spyte van die feit dat hulle irrasionaliteit beklemtoon en rasionaliteit en rede in twyfel trek, gebruik hulle hierdie einste instrumente in hulle eie analises. ŉ Voorbeeld hiervan is die feit dat dekonstruksie vir postmoderniste hoogs logies, berekend en analities is (Grenz, 1996:148).

Postmoderniste evalueer nie interpretasies as goed of sleg nie, maar suggereer eerder dat daar gefokus moet word op die uitgesluite, agtergeblewene of gemarginaliseerde. Hulle fokus op intertekstualiteit, maar baie behandel hierdie interpretasie in isolasie. Du Toit (2007:5) verwys na veral weergawes van Derrida as een so ŉ geval.

Die meeste postmoderniste verwerp moderne kriteria vir teorievorming. Wanneer postmoderniste enige konklusies maak soos byvoorbeeld "undesirability of questions modern social science seeks to answer", kan hulle nie argumenteer dat hulle gegrond is op gesonde oordeel nie. Hoewel hulle waarsku teen modernisme se inkonsekwentheid, weier hulle om aan konsekwentheidsnorme gemeet te word.

Postmoderniste sê dat alles wat hulle sê ŉ plaaslike narratief is. Baie min postmoderniste verklaar die waarheidsaansprake wat hulle maak nietig, en dit het kontradiksies tot gevolg.

Die vraag kan gevra word, het postmodernisme dan enige waarde? Volgens Du Toit (2007:6) kan postmodernisme tog gesien word as die volwassewording van natuurlike rede. Dit help die mens om te besef dat natuurlike rede beperk is. Op teologiese vlak help dit die mens ook om nie kategories oor God te praat nie.

Alhoewel iets soos die Drie-eenheid ŉ deel vorm van Christelike geloof, moet Christene besef dat ons God nie werklik ten volle kan verstaan of omskryf nie. Du Toit (2007:6) benadruk ook die feit dat postmodernisme die mens help om meer beskeie te wees oor sy eie sienings en verstaanswyses. Van Aarde (2004) verwys daarna dat postmodernisme 'n bydrae lewer tot die herbesinning van die Skrif-prinsiep. Die Skrif moet nie net voortdurend in die lig van ons lewensvisie gelees word nie, maar ons lewensvisie moet voortdurend in die lig van die Skrif gereformeer word (Van der Walt, 2007:576).

Die nadele van postmodernisme oorskadu egter die voordele daarvan tot so 'n mate dat dit bykans onherkenbaar is. Die positiewe eienskappe kan alleenlik konstruktief aangewend word indien die interpreteerder deeglik bewus is van al die nadelige implikasies.

### 3.3.4 Bestaan daar werklik iets soos waarheid?

Binne die postmodernistiese verstaansraamwerk is die begrip "waarheid" gestroop van enige aanspraak op objektiwiteit (Grenz, 1996:14). Die term "objektiewe waarheid" of "houdbare waarheid" bestaan nie in hierdie model nie.

Subjektiewe faktore soos taal, kultuur, persoonlikheid en tradisie bepaal in alle gevalle wat as waar beskou moet word. Postmoderniste gaan selfs verder deur te sê dat as gevolg hiervan, daar nie iets soos absolute waarheid bestaan nie (Fick, 2010:271).

Du Toit (2007:6) wys egter daarop dat hierdie ŉ denkfout is. Die feit dat mense verskillende sieninge het oor ŉ saak, maak nie dat daar nie iets soos absolute waarheid bestaan nie. Daar sou hoogstens gesê kon word dat niemand volkome objektief is nie.

Du Toit (2007:6) wys daarop dat ŉ mens moet onderskei tussen twee tipes waarheid, naamlik:

- Feitlike waarheid: Dit verwys na konkrete gebeure wat plaasgevind het in die geskiedenis.
- Konseptuele waarheid: Dit behels die logika van abstrakte begrippe, soos byvoorbeeld Bybelse verhale.

Wanneer ons kyk na feitlike waarheid, is daar altyd ŉ spesifieke verloop van gebeurtenisse en omstandighede. Dit is wel moontlik dat verskillende mense die aanloop vanuit verskillende perspektiewe sien, maar enige gebeurtenis het steeds ŉ spesifieke verloop. Mense interpreteer dikwels gebeure om hulle eie ideologie te pas.

Dit staan bekend as tendensieuse geskiedskrywing. So ŉ vertelling bevat nooit al die feite nie, maar slegs wat die indiwidu se ideologie pas (Du Toit, 2007:6). Dit kan selfs na die ekstreme gaan waar mense feite of waarhede verdraai. Mense wat hulle eie ideologie wil staaf, gebruik dikwels randverskynsels of ekstreme gebeurtenisse om die storie te oordryf.

Feite kan verdraai word of ŉ karikatuur van feite (teen jou eie ideologie) kan gemaak word om feite te versterk. Postmoderniste is in baie gevalle geneig om ŉ veralgemening van opponerende standpunte te vorm wat basies neerkom op ŉ karikatuur. Bogenoemde vorm ook een van Spangenberg (2004i:1) se argumente wanneer hy die feilbaarheid van die Skrif beklemtoon.

Du Toit (2007:7) wys daarop dat konseptuele waarheid in Bybelse konteks nie gebonde is aan spesifieke gebeure nie, maar aan ŉ vaste stel feite. Dit is die rede hoekom postmoderniste neig na totale relativisme. Daar is weinig konsensus wanneer dit kom by abstrakte waarhede. Die Bybel gee ongelukkig nie gedistilleerde terme oor sake soos "geregtigheid" en "uitverkiesing" nie.

Dit beteken nie dat daar nie iets soos konseptuele waarheid bestaan nie. God kan mense met verskillende agtergronde gebruik om die waarheid tot mense te bring in tale en beelde wat vir hulle sin maak.

Dit verander nie die koherensie van die waarheid nie. Ter illustrasie: die Skrif verklaar dat Jesus die weg en die waarheid en die lewe is (Joh. 14:6). Die term "weg" kan verskillende betekenisse vir onderskeie kulture en groepe hê. Sommige kan "weg" in hulle geestesoog sien as ŉ teerpad, sommige as ŉ pad in die wildernis, ander weer as ŉ stofpad.

Die feit bly egter staan dat Jesus die enigste weg is na die Vader. Interpretasie mag nooit die koherensie van God se Woord beïnvloed nie.

ŉ Verdere wanbegrip volgens Du Toit (2007:9) is die idee dat mense dink die waarheid vorm altyd deel van die hoofstroom. Die norm of waarheid is nie altyd binne ŉ hoofstroom van die samelewing te vind nie. Du Toit (2007:9) noem ŉ paar Bybelse voorbeelde: Was Jesus deel van die hoofstroom? Was Noag, Josef of Moses deel van die hoofstroom? Was die Ou-Testamentiese profete deel van die hoofstroom? Was Paulus deel van die hoofstroom? Was enige van die persone enigsins gewild by die hoofstroom? Die antwoord op al die vrae is nee, nie een van die Bybelse helde was deel van die hoofstroom nie. Inteendeel, in baie gevalle is hulle vervolg en doodgemaak as gevolg van die saak waaraan ons vandag glo.

Vandag is niks anders as die eeue voor ons nie. Indien iemand aan die waarheid wil vashou, moet hy bereid wees om vervolging en vernedering te deurstaan (Matt. 5:10 en Tim 3:12).

Modernisme het gekom en gegaan, netso sal postmodernisme verbygaan, maar die Woord van God sal vir ewig vasstaan. God bly altyd getrou aan wat Hy gesê en beloof het. Postmoderniste mag dalk in sekere opsigte die gedaante van godsaligheid hê, maar die feit bly staan: daar is geen inherente krag in postmodernisme nie (Du Toit, 2007:9).

Die feit dat Spangenberg se Skrifbeskouing en relevante standpunte goed ontvang word deur die media en algemene publiek, beteken nie noodwendig dat dit kan aanspraak maak op die waarheid nie. Spangenberg (2009b:2) skaar homself ook by die hoofstroom van wetenskaplikes wat van mening is dat net dít wat bewys kan word, absoluut waar is.

### 3.3.5 Postmodernisme is onversoenbaar met tradisionele leerstellings

Die vraag is egter: is dit moontlik om ŉ Christen te wees en terselfdertyd die postmoderne filosofie uit te leef? Volgens Van Zyl (2008:12) is die antwoord op hierdie vraag onomwonde "nee"[37].

Dit is egter onvermydelik dat mense wat in ŉ postmoderne samelewing leef, deur hierdie tydgees beïnvloed gaan word. Volgens my kan daar hoogstens gesê word dat die positiewe eienskappe van postmodernisme wel konstruktief aangewend kan word.

Die postmoderne tydgees maak in die meeste gevalle aanspraak op idees wat teenstrydig is met die Christelike geloof. Postmoderne idees is onversoenbaar met Christelike leerstellings; die aanvaarding van die een beteken noodwendig die verwerping van die ander (Van Zyl, 2008:12).

Daar is baie mense wat hierdie probleem probeer oorbrug deurdat hulle hul lewens in kompartemente verdeel. Hulle beskou postmodernisme as hulle lewensbeskouing, en terselfdertyd hulle Christenskap as iets wat slegs in die geestelike dimensie uitgeleef word.

Volgens Van Zyl (2008:12) het sulke mense ŉ dualistiese beskouing, terwyl Christenskap ŉ verenigde lewensbeskouing behels van iemand wat in sy totale menswees aan God behoort. God vereis van die mens totale toewyding van siel, gees en liggaam. Die vraag kan gevra word of die postmodernistiese toepassing van Christenskap nog werklik aan God se standaarde van Christenskap voldoen?

Postmodernisme plaas myns insiens ŉ beperking op Christenskap, tot so ŉ mate dat dit nie meer ŉ impak kan maak op ander en op jou eie lewe nie. Die volgende tabel illustreer die feit dat Christenskap en postmodernisme twee lewensbeskouings is wat direk in stryd is met mekaar (Van Zyl, 2008:12):

Onderstaande tabel dui ook aan watter van die punte relevant is tot Spangenberg se Skrifbeskouing.

| **Saak** | **Postmodernisme** | **Gereformeerde standpunt** |
|---|---|---|
| Sonde | Daar bestaan nie sonde nie. | Sonde is ŉ realiteit wat die mens van God skei (NGB, Artikel 15). |
| Waarheid | Daar bestaan geen objektiewe waarheid nie (Grenz, 1996:14). | Waarheid bestaan en word deur God geopenbaar in Jesus Christus (Reymond, 1998:74). |

[37] Die stelling van Van Zyl (2008:12) is baie radikaal. Daar kan wel mense wees wat myns insiens aspekte van postmodernisme aanvaar en uitleef, van wie jy nie kategories kan sê hulle is nie meer Christene nie.

| | | |
|---|---|---|
| Relativisme | Alles is relatief en onderhewig aan taal en kultuur (Spangenberg, 1998:108). | God en die Bybel is ons as Christene se standaard (NGB, Artikel 3). |
| Mens | Die mens is ŉ onbelangrike dier. | Geskape na die beeld van God, maar het geval (NGB, Artikel 14). |
| Indiwidualiteit | Bestaan nie werklik nie. | Deur God geskape en ewigdurend. |
| Moraliteit | Tyd- en indiwidu-gebonde. | Deur God bepaal en in die Bybel voorgeskryf. |
| Bybel | Is bloot mense se woorde en is oop vir dekonstruksie (Spangenberg, 1998:108). | Die Bybel is God se Woord wat deur mense op skrif gestel is. God openbaar homself deur sy Woord (Boice, 1986:48). |
| Redding | Onnodig (Spangenberg, 2005a:2) | Deur Jesus se kruisdood word die mens met God versoen (NGB, Artikel 21). |
| Jesus | Hy was ŉ profeet. Christenskap werk vir sommige, maar nie vir almal nie. | Jesus is die Seun van God wat redding bring vir almal wat in Hom glo. Sonder Hom kan niemand gered word nie. |
| Opstanding | Mite met betekenis (Spangenberg, 2004h:1). | Dit is ŉ feitlike gebeurtenis (Apostoliese Geloofsbelydenis). |
| Multikulturaliteit | Onmoontlik | Sigbaar in die universele kerk. |

### 3.3.6 Gevolgtrekking

In Joh. 14:6 verklaar Jesus Homself as die "Weg en die waarheid en die lewe". Daar kan dus gesê word Jesus is die waarheid. Deur te verklaar dat daar nie iets soos absolute waarheid bestaan nie, is so goed soos om te sê dat daar geen Jesus bestaan nie. Volgens postmodernisme maak taalverskille dit onmoontlik om ŉ stelling te maak wat waar is (Grenz, 2003:63).

Dit sou dieselfde wees as om te sê dat mense wat met verskillende vervoermiddels reis, nie by dieselfde bestemming kan uitkom nie. Van Zyl (2008:14) verwys na die volgende aanhaling van Groothuis:

> "Facts are stubborn things; and whatever may be our wishes, our inclinations, or the dictators of our passions, they cannot alter the state of facts and evidence. Truth is neither pigmented nor gendered. There is no "black truth" or "white truth" or "red truth" or "grey truth" or "woman's truth" or "male truth". Truth is a property of only those statements, propositions and beliefs that match objective reality; it matters not who utters them, where they are uttered or why they are uttered."

Hierdie aanhaling rugsteun die argument dat absolute waarheid wel kenbaar is, en dat dit nie op grond van taal, kultuur of persoonlike belewing gediskrediteer kan word nie.

Volgens Van Zyl (2008:15) staan die postmoderne parafrase van Jesus se woorde in skrille kontras met die uitsprake soos wat dit in die Nuwe Testament gevind word. Hy glo ook dat postmoderniste besig is om die hart van die evangelie uit te ruk[38].

Die kerk is juis geroep om ŉ onafgewaterde weergawe van die evangelie aan mense te bring. Die inhoud van die Christelike boodskap is onveranderbaar, maar die aanbiedingswyses is aanpasbaar by die eienskappe en behoeftes van mense wat leef in ŉ postmoderne era.

Dit blyk duidelik dat postmodernisme onversoenbaar is met tradisionele leerstellings. Die vraag kan egter gevra word: In watter era was die mens die meeste objektief, in die premoderne[39] tyd of in die postmoderne tyd? Verwag God nie juis dat ons geloof kinderlik moet wees nie?

[38] In die vorige hoofstuk is dit duidelik dat Spangenberg besig is om presies dieselfde te doen. Sy aanval op Gerformeerde leerstellings maak die evangelie kragteloos.

[39] Spangenberg (2009c:38) is juis van mening dat die leerstellings wat hulle oorsprong gevind het in die premoderne tyd nie meer relevant is vir vandag nie.

Is geloof nie juis ŉ vertroue op die dinge wat ons nie kan sien nie? Heb.11:1 stel dit duidelik dat geloof nie iets is wat die mens kan uitredeneer, dekonstrueer of relativeer nie. Deur dit te doen, sal ons die waarde van geloof totaal en al stroop van alle outoriteit.

### 3.4 Tradisionele leerstellings steeds geldig in ’n postmoderne era

#### 3.4.1 Die waarheid en onveranderlikheid van God se Woord

Die dood van die waarheid is volgens Van Zyl (2008:13) een van die belangrikste implikasies van postmodernisme op die mens.

Postmodernisme is van mening dat iets slegs geldig is vir die indiwidu. Dit sou impliseer dat die evangelie van Jesus waar is vir die Christen, maar nie vir die Moslem nie. Postmodernisme skep die situasie waar alle gelowe, insluitende die Christengeloof, onbelangrik is.

Die vraag is nie meer "Watter godsdiens is reg?" nie, maar eerder "Wat maak dit saak?" (Van Zyl, 2008:13). Indien ons van hierdie veronderstelling uitgaan, wat is die doel van sendingwerk?

Indien alles reg is vir almal dan moet dit wat die afgesonderde indiwidue glo, ook mos reg wees vir hulle. In teenstelling hiermee kan Bybelse waarheid soos volg opgesom word (Van Zyl, 2008:13):

- Waarheid word deur God geopenbaar, dit word nie uitgevind of gedekonstrueer nie.
- Daar bestaan wel iets soos objektiewe waarheid. God is die bron van objektiewe waarheid oor Homself en oor sy skepping. Elke indiwidu moet God se waarheid vir homself toeëien.
- Christelike waarheid is absoluut en kan nooit verander nie. God se waarheid bly sonder uitsondering waar.
- Waarheid is universeel en geld oral vir alles en almal.
- God se waarheid is ewigdurend en nie gebonde aan kultuur nie.
- Waarheid is eksklusief, spesifiek en gebaseer op antitese. Waarheid het dus geen grys area nie. Reg is reg en verkeerd is verkeerd.
- Christelike waarhede is sistematies en vorm 'n eenheid. Met ander woorde: alle waarhede van die Christelike geloof skakel in bymekaar.
- Christelike waarheid is ŉ doel en nie ŉ middel tot ŉ doel nie.

### 3.4.2 Tekste wat daarop dui dat tradisionele leerstellings steeds behoort te geld in ŉ postmoderne era

Volgens Durand (2005:3) het die postmoderniste ŉ allergiese afkeer van universele aansprake en absolute ideale, waardes en doelstellinge.

Wat voorop staan is kontingensie, veranderlikheid, partikularisme, diskontinuïteit en diversiteit. D'Assonville (19981:19) verwys daarna dat die Apostoliese Geloofsbelydenis reeds Ambrosius, Rufinus en Origenes se werke verdiskonteer het (4de eeu). Ons kan aanvaar dat baie van die Gereformeerde leerstellings hulle grondslag gevind het in die premoderne en moderne era (Coetzee, 2010:5).

Die postmoderniste se afkeer in die premoderne werkwyses beteken dan noodwendig ŉ afkeer aan die dogmas wat tydens daardie era ontstaan het. Een van die belangrikste redes waarom die postmodernisme tradisionele Gereformeerde leerstellings verwerp, is omdat hulle nie enige gesagvolle bron of norm buite hulleself aanvaar nie.

Die Skrif waarsku ons duidelik dat daar ŉ tyd sal kom wanneer mense nie meer die gesonde leer sal aanvaar nie. Postmodernisme buig en diskrediteer die Skrif in so ŉ mate dat dit feitlik kragteloos is. Die volgende aanhaling uit 2 Tim 4:3 gee ŉ akkurate beskrywing van die postmodernistiese stand:

- "want daar sal ŉ tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ŉ menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels".

Van Zyl (2008:3) benadruk die feit dat die postmodernistiese siening (soos ook vroeër aangedui) selfweerleggend is. Uit bogenoemde studie is dit duidelik dat die postmoderniste se antwoord beide "ja" en "nee" is. Daar is geen onderskeid meer tussen reg en verkeerd nie, wat "ja" is vir die een, kan "nee" wees vir die ander en albei partye kan steeds reg wees. Volgens Paulus het ons ŉ duidelike "ja" in Christus. Die vorming van tradisionele dogmas oor die eeue heen is duidelik uiteengesit (D'Assonville, 1981:1-83). Daar is geen grys areas of relativering van beginsels nie. Vir alles is daar ŉ duidelike reg of verkeerd, met ŉ logiese verduideliking van hoe die gevolgtrekking gevorm is.

- "So waar as God getrou is—ons woord tot julle was nie ja en nee nie! Want die Seun van God, Jesus Christus, wat deur ons onder julle verkondig is, deur my en Silvánus en Timotheus, was nie ja en nee nie, maar was ja in Hom." 2 Kor 1:18

Postmoderniste is van mening dat alle waarheid verbonde is aan die indiwidu se kultuur en sosiale tradisie (Du Toit, 2007:1). Die gevolg hiervan is dat die waarheid kan wissel van geslag tot geslag. Dit wat aanvaarbaar was in die premoderne tydperk kan onaanvaarbaar wees vandag.

Die vraag is egter: As Jesus dieselfde is gister en vandag tot in alle ewigheid hoe kan dit waarvoor Hy staan dan verander van geslag tot geslag? In die boek *Dogmatiek* (1978) geskryf deur J.A. Heyns is daar ŉ duidelike uiteensetting van tradisionele leerstellings. Hierdie leerstellings is in ooreenstemming met die feit dat Jesus gister, vandag en tot in alle ewigheid dieselfde is[40].

- "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid." Heb. 13:8

God maak verskeie aansprake met betrekking tot die waarheid. Joh. 14:6 is een so ŉ aanspraak waar Jesus verklaar "Ek is die weg die waarheid en die lewe". Joh. 17:6 praat van "die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie". Joh. 15:16 verklaar dat die "Gees van die waarheid uitgaan vanaf die Vader". Absolute waarheid bestaan by God en as die mens dit ontken, het ons God ook gerelativeer (Du Toit, 2007:7).

Dit is presies wat postmodernisme doen. Hulle ontneem die betekenis van God se Woord en gebruik dit alleenlik as ŉ kapstok vir hulle eie ideologieë. Spangenberg (1998:108) ontneem net soos postmoderniste ook die betekenis van God se Woord deur te beweer dat dit slegs mensewerk is. Openbaring 22:19 gee ŉ duidelike waarskuwing oor God se Woord en ons hantering daarvan.

- "En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is."

Die feit dat postmoderniste alle mense se gelowe wil akkommodeer en insluit, moet volgens Du Toit (2007:10) nie verwar word met God se liefde vir die wêreld nie. God se liefde is nie inklusief in die sin dat alle mense outomaties gered gaan word nie.

Dit behels alleenlik dat die opsie van redding beskikbaar is vir die ganse mensdom. Du Toit (2007:10) benadruk die feit dat liefde vir die wêreld nie ŉ kompromie moet aangaan t.o.v. die werk van God se Gees nie. Liefde is nie daar om vir mense te sê wat hulle wil hoor nie; inteendeel, God se Woord (1 Kor. 13:5) leer ons dat liefde hand aan hand stap met die waarheid.

[40] Daar is wel gevalle waar Gereformeerde sienings verander het, onder andere die apartheidsbeleid, die siening ten opsigte van homoseksualiteit, ens. Hierdie veranderings bevraagteken egter steeds nie die geldigheid van Gereformeerde leerstellings nie. Daar is 'n baie duidelike verskil tussen etiese kwessies en norme wat kan verander. Die kernleerstukke soos die Drie-eenheid, verlossing deur Christus, gesag van die Skrif, ens. staan egter onveranderd.

Met betrekking tot tradisionele leerstellings is daar steeds ŉ duidelike reg en verkeerd. Die liefde van God word soos ŉ lyn regdeur al die leerstellings getrek sonder enige kompromie (Heyns, 1978:3-420).

- "Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid." 1 Kor. 13:5

Du Toit (2007:11) verwys na die postmoderne samelewing as een waar almal kan doen net wat hulle wil sonder dat daar werklik 'n reg of verkeerd bestaan. Die gevolg hiervan is dat daar geen reëls of gewete meer oor is nie.

Indien ŉ mens die bestaan van sonde ontken, dan maak dit Jesus se kruisdood waardeloos. Reformatoriese leerstellings erken die werklikheid van die sondeval, sowel as die gevolge daarvan op die mensdom (Heyns, 1979:164-200).

- "Daarom dan, terwyl ons so ŉ groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het." Heb. 12:1, 2

Op grond van bogenoemde is dit duidelik dat Gereformeerde leerstellings steeds geld in ŉ postmodernistiese samelewing.

Volgens Coetzee (2010:12) word die gesag van die belydenis direk gekoppel aan die gesag van die Skrif. ŉ Postmodernistiese samelewing kan wel die manier wat die Skrif aangebied word affekteer, maar geensins die koherente waarheid daarvan nie[41].

### 3.4.3 Tradisionele leerstellings in die lig van postmodernisme

Om bogenoemde suksesvol te ondersoek is dit belangrik om ook kortliks na die postmoderne sowel as reformatoriese Skrifinterpretasie te kyk. Vanuit ŉ postmoderne perspektief word daar geglo dat daar geen absolute waarheid bestaan nie.

[41] Dít is juis een van Spangenberg (1998:108) se argumente. Hy aanvaar nie die gesag van God se Woord nie.

Hierdie beginsel word ook deurgaans toegepas op die postmodernistiese interpretasie van die Skrif. Met betrekking tot hermeneutiek handhaaf postmoderniste die beginsels van deduksie soos geformuleer deur Derrida[42] (Coetzee, 2010:2).

Volgens hierdie beginsel het ŉ teks geen betekenis nie, maar skep dit betekenis. Dit gee weer aanleiding tot relativisme (Coetzee, 2010:2). Daar is ook niks buite die teks nie. Volgens Derrida kan die geskrewe teks nie die bedoeling van die outeur terugbring nie, aangesien dit vir altyd verlore is. ŉ Teks se betekenis is afkomstig vanweë die verskillende kontraste binne die teks. Taal is nie meer bloot ŉ voertuig van idees nie, maar skep ook self idees. Coetzee benadruk die feit dat die toepassing van die dekonstruksiebeleid daartoe aanleiding gee dat taal die plek van God inneem. Die rede hiervoor is die feit dat die Skrif gesien word as ŉ produk van skeppende taal (Coetzee, 2010:10). Baie van bogenoemde is ook aanwesig in die Skrifbeskouing van Spangenberg (2004h:1).

Wat betref die betekenis van die teks, gaan die postmodernisme van die veronderstelling uit dat geen teks vaste betekenis het nie. Interpretasie lei daartoe dat ŉ teks voortdurend nuwe betekenis kry. Volgens Coetzee (2010:11) is dit duidelik dat postmoderniste die waarheid (die Bybel as die geïnspireerde openbaring van God) wat deur die reformatoriese tradisie as vertrekpunt geneem word, verwerp.

In teenstelling met die postmodernistiese standpunt handhaaf reformatoriese hermeneutiek die standpunt dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is (Coetzee, 2010:2). Hierbenewens aanvaar hulle ook dat die Bybel ewige waarhede kommunikeer (Boice, 1986:67). Die belydenisskrifte behels die formulering van hierdie ewige waarhede soos verkondig deur God se Woord.

Volgens Coetzee (2010:2) behoort belydenisskrifte tot die wese van die kerk en daarom is dit bindend vir elke lidmaat, sowel as ampsdraers en professore in die teologie. Hy stel dit duidelik dat geen kompromie in hierdie verband met postmodernisme moontlik is nie.

### 3.4.4 Volgens Du Toit & Spangenberg (2002:1141-1143) het belydenisskrifte die volgende plek en funksie in die lig van postmodernisme

Du Toit & Spangenberg (2002:1141-1143) erken die rol wat belydenisskrifte speel binne die Protestantse tradisie. Volgens hulle sluit hierdie belydenisskrifte aan by die uitsprake en stellings van die Bybel. Dit is egter niks anders as teologiese standpunte van mense wat in bepaalde eeue geleef het en met bepaalde probleme geworstel het nie (vgl. Du Toit & Spangenberg, 2002:1141).

---

[42] Derrida se denke is weer beïnvloed deur filosowe soos Heidegger en Nietzsche. In die konteks van hermeneutiek het Heidegger met drie konsepte gewerk naamlik; dit wat ons voor hande het (Vorhabe), dit wat ons waarneem (Vorsicht) en dit wat ons verstaan (Vorgriff) (Coetzee, 2010:10).

Hulle beweer verder dat die gesag van die belydenisskrifte opgesluit lê in die feit dat diegene wat dit geskryf het, in ŉ besondere verhouding met God gestaan het. Voorts is hierdie geskrifte deur ŉ bepaalde geloofsgemeenskap aanvaar as verteenwoordigend van hoe daardie groep oor God dink en praat.

Vanuit ŉ postmoderne perspektief speel die belydenisskrifte in die Gereformeerde teologiese diskoers ŉ belangrike normatiewe rol, maar bloot as diskoers en nie as altyd-geldende dogma nie (Du Toit & Spangenberg, 2002:1141).

Anders gestel; die belydenisskrifte is belangrike gespreksgenote in die teologiese diskoers, maar alleen as gespreksgenote wie se stem deur alle deelnemers krities ondersoek[43] mag word (Du Toit & Spangenberg verwys na Pieterse, 1993:81; Louw, 1993:205).

Du Toit & Spangenberg (2002:1141) verwys na artikel 4 van die Nederlandse Geloofsbelydenis as een voorbeeld. Hierdie artikel handel spesifiek oor die Bybelboeke wat vir Protestante belangrik is, maar hulle vermeld ook verskillende skrywers, soos die opstellers dit in die sestiende eeu aanvaar het. Volgens hulle weerspieël dit bloot dat die Bybel wetenskaplike kennis van daardie tyd bevat. Hierdie sienings word egter nie meer vandag deur hedendaagse Bybelwetenskaplikes aanvaar[44] nie (vgl. Du Toit & Spangenberg, 2002:1141). Hulle beklemtoon die feit dat daar ŉ wesenlike verband is tussen die veranderde metafore van ŉ kultuur en die veranderde metafore van so ŉ kultuur se teologie. Volgens Du Toit & Spangenberg (2002:1141) kom teologiese belydenisskrifte nooit tot stilstand nie en is dit nooit onbuigsaam nie. Met ander woorde, belydenisskrifte is voortdurend aan die beweeg en verander. Mense se verstaan van God verander soos wat hulle kultuur verander en hulle ander metafore skep. Du Toit & Spangenberg (2002:1142) verwys na die volgende aanhaling van Botha(1998:96):

> "A change in culture, and thus interpretive paradigms, will inevitably lead to different theological discourses. To my mind, this phenomenon is powerfully expressed in the theological discourses of the Dutch Reformed Church of the pre- and post–apartheid eras in South Africa. This implies that theology cannot be a closed and timeless system of knowledge."

[43] Coetzee (2010:14) noem wel dat die kerk altyd bereid sal wees om die belydenis aan die Skrif te toets en besware wat op grond van God se Woord ingebring word, te weeg.

[44] Du Toit & Spangenberg (2002:1141) verwys hier spesifiek na die feit dat hedendaagse wetenskaplikes nie meer erken dat Moses die skrywer van die Pentateug was nie. Ook aanvaar hulle nie dat Paulus dertien briewe geskryf het nie.

Du Toit & Spangenberg (2002:1142) kom tot die konklusie dat die teologiese tradisie van die kerk (soos weerspieël in die belydenisskrifte) feilbare mensewerk is.

As gevolg van taal bevat teologie ook ʼn skeppende komponent wat nooit afgehandel is nie, maar steeds voorlopig is. Du Toit & Spangenberg (2002:1143) benadruk die volgende stelling:

> "Die belydenisskrifte speel ʼn belangrike rol in die Gereformeerde teologiese diskoers, maar dan nie as ʼn altyd-geldende dogma, wat beperkend en onderdrukkend is nie. Dit behoort nie te funksioneer as koue, harde, samehangende geloofsfeite in lidmate se lewens nie."

In teenstelling met Du Toit & Spangenberg (2002:1143) se sienings handhaaf die Gereformeerde teologie steeds die standpunt dat die belydenisskrifte gegrond is op die onfeilbare en onveranderlike Woord van God (Coetzee, 2010:2). Teenoor die postmodernistiese hermeneutiek gaan die Gereformeerde hermeneutiek juis van die veronderstelling uit dat die Heilige Gees die outeur is van God se Woord[45].

Volgens Coetzee (2010:14) sal die kerk altyd bereid wees om die belydenis aan die Skrif te toets en besware wat op grond van God se Woord teen die belydenis ingebring word, te weeg. Dit beteken egter geensins dat die belydenis op "losse skroewe" gestel word nie.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die postmoderne Skrifinterpretasie onversoenbaar is met die reformatoriese Skrifinterpretasie. Die gesag van ʼn bepaalde dogma of belydenis word direk gekoppel aan die gesag van God se Woord (Coetzee, 2010:12). Indien die gesag van God se Woord in twyfel getrek word, is daar geen verdere platform vir versoening of redenasie nie [46].

### 3.4.5 Gevolgtrekking ten opsigte van die geldigheid van tradisionele leerstellings in ʼn postmoderne era.

Dit is duidelik dat die postmoderniste nie die absolute waarheid van God se Woord erken nie. Voorts erken hulle ook nie die geldigheid van belydenisskrifte wat gebaseer is op God se Woord nie.

Ten opsigte van die geldigheid van tradisionele leerstellings in ʼn postmoderne era is dit duidelik dat belydenisskrifte nog net so relevant en geldig is soos die dag wat dit geformuleer is. Joh. 17:17 verklaar duidelik "U Woord is die waarheid".

[45] Meer inligting hieroor kan gevind word in die werk van Janse Van Rensburg (2000:6).

[46] Spangenberg (1998:108) bevraagteken soos die postmoderniste die gesag van God se Woord.

Volgens postmoderniste is die gesag van die belydenisskrifte daarin gesetel dat persone wat in 'n verhouding met God gestaan het, dit geformuleer het (Du Toit & Spangenberg, 2002:1141).

Vanuit ŉ Gereformeerde oogpunt is die gesag gesetel in die Woord van God as ewige waarheid (Boice, 1986: 67). Die enigste rede waarom postmoderniste die gesag verskuif na die formuleerder se verhouding met God, is omdat hulle nie die absolute waarheid van God se Woord aanvaar nie.

Ongeag die feit dat sekere Skrifinterpretasies[47] wel verander het, staan die Gereformeerde leerstellings onveranderd. Indien die gesag van God se Woord in twyfel getrek word, is daar geen verdere platform vir versoening of redenasie nie. Postmodernisme ontken die gesag van God se Woord (Du Toit & Spangenberg, 2002:1141) en dit diskwalifiseer hulself myns insiens om enige uitlatings met betrekking tot belydenisskrifte te maak.

[47] Verwys onder andere na die apartheidsbeleid en na vroue as ampsdraers.

# Hoofstuk 4

## Evaluasie van Spangenberg se Skrifbeskouing vanuit die Gereformeerde dogmatiek

### 4.1 Evaluasie van Spangenberg se Skrifbeskouing

#### 4.1.1 Inleiding

In hoofstuk 4 gaan daar spesifiek gefokus word op die definiëring en evaluering van Spangenberg se Skrifbeskouing. Die vernaamste punte, soos bespreek in vorige hoofstukke, sal georden word ten einde ŉ akkurate beeld te skets van Spangenberg se onderliggende Skrifbeskoulike beginsels.

Die vernaamste verskille tussen die Skrifbeskouing van Spangenberg en die Gereformeerde Skrifbeskouing sal uitgelig word, tesame met ŉ evaluasie van Spangenberg se Skrifbeskouing. Die sentrale navorsingsvraag sal gevolglik beantwoord word, naamlik: "Hoe vergelyk die Skrifbeskouing van Spangenberg met die tradisionele Reformatoriese standpunt?"

'n Gevolgtrekking sal geformuleer word wat bewys dat Spangenberg die Gereformeerde leer oor Skrifbeskouing en wesenlike belydenisse verwerp. Verdere gevolgtrekking sal daarop dui dat Spangenberg se Skrifbeskouing grondliggend is vir sy teologiese standpunte oor ander sentrale leerstellings. Die sentrale teoretiese argument sal sodoende bevestig word, naamlik "Die Skrifbeskouing van Spangenberg ten opsigte van wesenlike aspekte is onversoenbaar met die tradisionele Reformatoriese standpunt".

#### 4.1.2 Hooftrekke van Spangenberg se Skrifbeskouing

Spangenberg (1998:1-137) gebruik dikwels die volgende terme om sy Skrifbeskouing te huldig: "mensetaal, kultuur, historiese kritiek, moderne literatuurwetenskap, historiese waarheid, verhaalwaarheid, geloofsgetuienisse, tydgenote, Kopernikaanse en Cartesiaanse omwentelings, basisdokument van die Christendom, samelewing, leefwêreld, Christelike tradisies, Godsbeskouing, vingermerke, doodgewone mense, doodgewone literatuur, paradigmaskuif, verandering, realisties, my wêreld, relevant vir vandag", ens.

Die vraag kan gevra word waarom hierdie terme belangrik is? Wanneer daar na bogenoemde terme gekyk word, kan daar alreeds bloot na aanleiding van die terme ŉ duidelike beeld geskets word van Spangenberg se Skrifbeskouing. Die volgende hooftrekke van Spangenberg se Skrifbeskouing kan uitgesonder word:

Die Bybel is ŉ gewoon menslike geskrif - Spangenberg (1998) praat ook dikwels van God se Woord as "God se woord in mensetaal". Indien dit wel is soos Spangenberg (1998:28) beweer, dan sal dit nie meer God se Woord wees nie, maar eerder mense se woorde. Anders as die Gereformeerde standpunt glo Spangenberg (1998:113-115) nie in die Goddelike inspirasie van die Woord nie. Hy erken wel dat die Heilige Gees die Woord openbaar wanneer die leser dit lees.

Waarheid is nie absoluut en altyd-geldend nie - Spangenberg (1998:52-73 & 2002:103-108) is van mening dat alle godsdienste singewende sisteme is. Met ander woorde Jesus kan die weg, die waarheid en die lewe vir my wees, maar nie noodwendig vir ŉ ander persoon nie. Die Bybelboeke dra net soos enige ander verhale of gebeurtenisse die vingermerke van die tyd waarin dit geskryf is (vgl. Spangenberg, 1998:117). Spangenberg (1998:108) benadruk ook die feit dat die skrywers van die Woord jare gelede geleef het. Hulle Godsbeskouing het verskil van ons s'n.

Dit wat daardie tyd vir hulle reg en waar was, is nie noodwendig reg en waar in 'n postmoderne era nie. Spangenberg (2004b:2) wys ook op die verskil tussen historiese waarheid en verhaalwaarheid. In baie gevalle het die skrywers van die Bybelboeke ook die verhale so aangepas dat dit inskakel by hulle persoonlike Godsbeskouing. Spangenberg (1998:57) verwys na die Boek van Jona as een so 'n geval.

Wetenskaplike bewyse is belangriker as God se Woord. In baie gevalle bevraagteken Spangenberg (1998:57) Bybelse gebeure, aangesien dit nie moontlik is in vandag se wêreld nie. Een so 'n voorbeeld is die wederkoms. Spangenberg (2004j, 3) verklaar dat die manier wat hy die kosmos verstaan, nie ruimte laat vir ŉ fisiese wederkoms nie. Spangenberg (1996:4) glo verder dat hy deel uitmaak van die groep teoloë wat erns maak met die historiese kritiek en met die literatuurwetenskaplike ondersoek van die Bybel.

Alle openbarings is onderworpe aan die indiwidu se taal en kultuur - Spangenberg (1998:112) benadruk die feit dat die skrywers van die Bybel se Godsbeskouing nie altyd ooreengestem het nie. Hierbenewens verklaar Spangenberg (1998:113) ook dat ons slegs kan getuig van hoe ons binne ons bepaalde tradisie of kultuur oor God dink. Een so ŉ voorbeeld is volgens Spangenberg (2004c:5) die Drie-eenheid. Volgens hom was dit bloot die manier waarvolgens die Latynse kerkvaders binne hulle tradisie oor God gedink het.

Uit bogenoemde studie blyk dit duidelik dat Spangenberg 'n vraagteken plaas agter die geldigheid van Gereformeerde belydenisse. Dit sluit onder andere Jesus se maagdelike geboorte in, asook sy kruisdood, hellevaart, hemelvaart, die dogma van erfsonde, en nog baie meer.

### 4.1.3 Definiëring van Spangenberg se Skrifbeskouing

Na afloop van bogenoemde navorsing kan Spangenberg se Skrifbeskouing soos volg omskryf word:

Die Bybel is feilbaar en geskryf deur doodgewone mense wat met God in verhouding gestaan het. Die Bybelboeke bestaan uit ŉ versameling geloofsgetuienisse wat bepaalde skrywers se godsdiensbeskouing huldig.

Die manier waarop hierdie vroeë skrywers en lesers oor God gedink het, verskil radikaal van die hedendaagse Godsbeskouing. Voorts kan die Bybel slegs sinvol verstaan word indien die leser inligting inwin oor die agtergrond van die verskillende Bybelboeke.

Aangesien die skrywers se taal, kultuur en tradisies die totstandkoming van die Bybelboeke beïnvloed het, kan daar nie gesê word dat die Bybel deur God se Gees geïnspireer is nie. Voorts kan daar ook nie na die Skrif verwys word as die Woord van God nie, maar eerder as God se Woord in mensetaal. Die Gees van God werk immers nie met lewelose tekste nie, maar met mense. Dit beteken egter nie dat die Bybel sinneloos is nie, maar slegs dat dit versigtig gehanteer moet word. Die Bybel vorm steeds die basisdokument van die Christelike geloof.

Die Bybel moet uitgelê word aan die hand van die moderne literatuurwetenskap. Daar is wel baie verhale, tog kommunikeer almal nie geskiedkundige waarheid nie, maar verhaalwaarheid, met ander woorde, dít wat die skrywer as waar bestempel vanuit sy eie Godsbeskouing. Die kerk moet sy belydenisse in ooreenstemming met bogenoemde Skrifbeskouing aanpas om steeds relevant te bly vir vandag. Voorts moet daar ruimte gelaat word vir ander se sienings, en ŉ mens se eie geloofsoortuigings kan onder geen omstandighede aangewend word om andere te demoniseer nie. Daar is bowendien geen waarborg dat die Skrifbeskouing wat vandag gehuldig word steeds in die toekoms relevant sal wees nie, aangesien alle literatuur die vingermerke dra van die tyd waarin dit geskryf is.

### 4.1.4 Doubell[48] (2004:44) se opmerkings oor Spangenberg se Skrifbeskouing

Doubell (2004:44) bespreek die Skrifbeskouing wat Spangenberg in ŉ hoofstuk geskryf het in *Die Nuwe Hervorming* onder redaksie van Piet Muller (2002). Hy verwys ook terug na Spangenberg (1998) se boek *Perspektiewe op die Bybel – God se Woord in mensetaal*.

[48] Dr. F.B. Doubell, Departement Dogmatologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat.

Spangenberg begin sy hoofstuk, *Die Bybel en die Nuwe Hervorming*, met 'n historiese konstruksie van die ontwikkeling van die kerk en die wetenskap, naamlik deur premoderne, moderne en postmoderne fases. Doubell (2004:44) benadruk die feit dat alle historici[49] nie so seker is dat die geskiedenis van die wetenskap so vereenvoudig voorgestel kan word nie.

Volgens Doubell (2004:44) vorm die term "mensewoord" die sleutelterm van Spangenberg se Skrifbeskouing.

Die skrywers van die Bybelboeke, sowel as die lesers, het met God in verhouding gestaan. Die Bybelboeke self is na Spangenberg se mening nie geïnspireerd nie, want God werk met mense en nie met lewelose tekste nie (Doubell, 2004:44). Hy erken wel dat die Gees werk wanneer ons die Bybelboeke lees. Die Goddelike inspirasie van die Woord word bevraagteken, maar nie die werk van die Gees wanneer ons die Woord lees nie.

Die skrywer kan ook deur middel van sy eie denke die tekste verruim, soos in die geval van die boek Jona of Rut. Die tydperk waaruit tekste dateer, moet te alle tye in gedagte gehou word wanneer die Woord gelees word. Doubell (2004:44) verwys na Spangenberg se argument dat die Christendom en Judaïsme aanvanklik twee vertakkings binne dieselfde godsdiens was. Rondom die jaar 80-100 n.C. het daar ʼn breuk tussen die twee gekom. Die Johannes-evangelie is tydens hierdie breuk geskryf en daarom vind ons polemiese tekste soos Joh. 14:6 en Joh. 8:44. Volgens Spangenberg (1998:52-73) kan Christene wel bely dat Jesus vir hulle die weg die waarheid en die lewe is, maar hulle mag dit nie gebruik om ander godsdienste te demoniseer nie. Met ander woorde, dit is moontlik en ook aanvaarbaar vir Spangenberg dat daar verskillende gelowe bestaan wat almal ewe korrek is.

Spangenberg (1998:111-118) verklaar verder dat die Bybel soos enige ander boek met die hulp van moderne literatuurwetenskap gelees moet word. Volgens hom is die Bybel niks meer of niks minder as gewone mensewoorde nie. Doubell (2004:44) maak die volgende opmerkings oor Spangenberg se Skrifbeskouing:

- Spangenberg beklemtoon die belangrikheid van historiese konteks, die bedoeling van die skrywer en die eerste lesers van die Bybeltekste.

- Spangenberg wys daarop dat moderne uitlegmetodes gebruik moet word by die lees van Bybelboeke.

[49] Doubell verwys hier spesifiek na Britz (2002:358-360).

- Spangenberg glo dat die Bybel geen invloed op ons lewens sal hê solank dit 'n toe boek is nie. Die Gees werk eers wanneer die teks gelees word. Die Woord op sigself is nie geïnspireerd nie.

- Spangenberg weier om te aanvaar dat daar 'n verskil is tussen die Bybel en enige ander boek. Hoogstens sal hy erken dat die Bybel die basisdokument vorm van die Christelike geloof.

- Spangenberg ontken God se betrokkenheid by die ontstaan, groei en bewaring van die Bybel. Syns insiens werk God nie met lewelose tekste nie, maar met mense.

- Spangenberg wil ook nie aanvaar dat die uniekheid van die Skrif staan en val by die Heer van die Skrifte nie. Jesus is wel belangrik vir ons, maar andere kan sonder Hom klaarkom.

Dit is duidelik dat Doubell se gevolgtrekkings van Spangenberg se Skrifbeskouing ooreenstem met die gevolgtrekkings van hierdie studie.

#### 4.1.5 Coetzee (1996:3-4) se uitsprake oor Spangenberg se Skrifbeskouing

Volgens Coetzee (1996:5) is dit opmerklik dat die Skrifbeskouing van Spangenberg geensins verskil van dié van Deist, Van Huysteen, Vorster en andere nie[50]. Die Bybel is menslike interpretasies, geskrifte, ervarings en sienings van God.

Coetzee (1996:3) verwys na uitsprake deur Spangenberg op 3 September 1996 tydens 'n referaat voor die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika. Hy noem ook dat hierdie uitsprake oor die Skrifbeskouing van Spangenberg wye publisiteit geniet in die kerklike tydskrifte, sowel as die dagbladpers.

Spangenberg huldig die opvatting dat daar tans twee Skrifbeskouings in Gereformeerde kringe bestaan. Eerstens 'n konserwatiewe een, en tweedens een wat erns maak met die historiese kritiek en literatuurwetenskaplike ondersoek na die Bybel. Coetzee (1996:4) verwys na Spangenberg (1996:4) se Skrifbeskouing, soos gelewer tydens bogenoemde referaat.

> "Die Bybel is 'n versameling ou Nabye-Oosterse godsdienstige geskrifte wat deur beperkte, feilbare mense geskryf is. Verskeie van hierdie geskrifte het oor 'n lang periode ontstaan en is dikwels hersien en uitgebrei. Die geskrifte bevat die geloofsinsigte en geloofsgetuienisse van daardie mense en hulle tydgenote."

[50] Vir meer inligting oor Deist se Skrifbeskouing kan die werk van Doubell (2004:31-48) ook bestudeer word.

Volgens Spangenberg is die Bybelboeke menslike geskrifte wat bestaan uit religieuse literatuur, en hierdie literatuur het nie anders tot stand gekom as enige ander godsdienstige literatuur nie (Coetzee:1996:4). Die Bybel bestaan met ander woorde volgens Spangenberg uit 'n versameling godsdienstige interpretasies.

Volgens Coetzee (1996:4) is Spangenberg ook van mening dat byna alle vooraanstaande internasionale Bybelwetenskaplikes hulle navorsing onder hierdie paradigma beoefen. Spangenberg bepleit ook die kerk se aanvaarding van ander godsdienste as "egte singewende sisteme".

Coetzee (1996:6) wys daarop dat Spangenberg se standpunt, "dat die kerk alleen betekenisvol in die een en twintigste eeu sy rol kan vervul, indien hy bereid is om die Skrifgesag en waarheid te relativeer" ook deur verskeie ander teoloë gehuldig word.[51]

Vanuit Coetzee (1996) se voordrag is dit duidelik dat Spangenberg die gesag van die Woord, sowel as die belydenisse, betwyfel. Spangenberg (1998:52-73) bepleit die aanvaarding van alle godsdienste as "singewende sisteme". Hy ag die historiese konteks van taal en kultuur deurgaans hoër as die gesag van God se Woord.

### 4.1.6 Vernaamste verskille tussen die Skrifbeskouing van Spangenberg en die Gereformeerde Skrifbeskouing

Op hierdie stadium is dit duidelik dat Spangenberg se Skrifbeskouing wesenlik verskil van die Gereformeerde standpunt. Daar bestaan steeds die nodigheid om hierdie verskille aan te dui ten einde ʼn wetenskaplike gefundeerde evaluasie van Spangenberg se Skrifbeskouing te formuleer.

Onderstaande tabelle sal ook die sentrale navorsingsvraag beantwoord, naamlik "hoe verskil die Skrifbeskouing van Spangenberg van die Gereformeerde Skrifbeskouing". Die vernaamste verskille sal deur middel van onderstaande tabel geïllustreer word:

| **Skrifbeskouing van Spangenberg** | **Gereformeerde Skrifbeskouing** |
|---|---|
| Altyd-geldende en absolute waarheid kan nie geken word nie. Voorts is die Bybel ook nie absoluut waar nie. Enige literatuur dra die vingermerke van die tyd waarin dit geskryf is (Spangenberg, 1998:117). | Die Bybel is wel waar en altyd-geldend. Alle menslike en historiese aspekte van God se Woord is ten volle verreken (Breed *et al.*, 2008:38). |

[51] Vir meer inligting hieroor kan Coetzee (1996) se rede *Skrifgesag en Woordbediening* gelees word. Beskikbaar by die biblioteek van Teologiese Skool, Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Potchefstroom.

| | |
|---|---|
| Interpretasies is onderworpe aan die taal en kultuur van die eerste lesers (2004h:1). Die wêreld waarin ons vandag leef, verskil hemelsbreed van die tyd toe die Bybelboeke geskryf is. Dit wat in die Bybel staan kan voorts nie net so toegepas word op ’n moderne wêreldsisteem nie. | Alhoewel die Bybelboeke geskryf is deur verskillende skrywers met verskillende historiese agtergronde, beperk dit die Bybel geensins tot daardie taal of kultuur nie. Die Bybel het tydgerig ontstaan maar is nie tydgebonde nie (Breed *et al*., 2008:42). |
| Wetenskaplike bewyse word hoër geag as die Bybel. Spangenberg (2004h:5) verklaar onder andere dat ’n fisiese opstanding nie wetenskaplik moontlik is nie. | Die Skrif is ver verhewe bo menslike verstand. Daarom kan die mens nie altyd alles verstaan nie, alleen die Heilige Gees kan God se Woord aan die gelowige openbaar (Heyns, 1978:34). |
| Die gelowige kan nie meer die Bybel soos in die verlede inspan om elke moontlike probleem waarmee ons in die twintigste eeu worstel op te los nie (Spangenberg, 1998:107). | Die Skrif se genoegsaamheid sluit ook alle menslike werksaamhede in (Heyns, 1978:34). Die Skrif gee nie antwoorde op alle vrae wat te alle tye gevra word nie, tog is dit genoegsaam ten opsigte van die boodskap wat dit deurgee (Reymond, 1998:87). Die Skrif verklaar oor alles iets fundamenteel (Heyns, 1978:30). |
| Daar kan nie aanvaar word dat alle profesieë waarvan die Ou Testament getuig van God afkomstig is nie. Die feit dat die profeet die term; "so sê die Here, Here" gebruik, beteken nie dit is direk God se woord nie (Spangenberg, 1998:114). | Die Skrif net soos ons dit het, is genoegsaam en betroubaar sonder enige aanvulling of enige weglating (Heyns, 1978:32). Ook mag daar geen objektiewe of subjektiewe aanvulling by die Skrif plaasvind nie. |
| Die Bybel soos ons dit vandag ken, is nie ten volle betroubaar nie. Baie keer is dit die skrywer se eie idees en vertolking van 'n bepaalde saak (Spangenberg, 1998:114). | Die Skrif is ten volle betroubaar, vir alle mense te alle tye, in die hemel en op die aarde (Heyns, 1978:32). Die betroubaarheid van die Woord is opgesluit in die feit dat God gespreek het (Boice, 1986: 47). Die hele Skrif is betroubaar, tog nie in alle opsigte op dieselfde wyse betroubaar nie (Heyns, 1978:32). |

| | |
|---|---|
| Die Skrifbeskouing van Spangenberg bring mee dat die Bybel gerelativeer word (Muller, 2002:109). | Die Bybel het gesag, aangesien dit die spreke van God is (Heyns, 1978:29). God se Woord kan nie gerelativeer word om aan te pas by menslike standaarde en interpretasies nie. |
| Die Heilige Gees inspireer wel diegene wat die Skrif lees, alhoewel Hy nie die skrywers geïnspireer het nie (1998:115). God werk nie met lewelose tekste nie, maar met mense. | Die hele Skrif is deur God geïnspireer (Reymond, 1998:73). Die Heilige Gees verlig ook die Skrif in die harte en verstand van die lesers (Heyns, 1978:33). |
| Die Bybel moet met behulp van moderne literatuurwetenskap gelees word (Spangenberg, 1998:52-73). | Die gelowige maak staat op die openbaring deur God se Gees[52]. Aangesien die Gees die inspirasie agter die Woord was, sal slegs die Gees die verborgenhede van God se Woord kan openbaar (Heyns, 1978:34). Die resultate van die literatuurwetenskap mag slegs so gebruik word dat die gesag en eie aard van die Skrif as God se Woord nie daardeur in gedrang gebring word nie. |
| Daar bestaan volgens Spangenberg geen verskil tussen die Bybel en enige ander boek nie. Die Bybel kan hoogstens beskou word as die basisdokument van die Christelike geloof (Doubell, 2004:44). | Die Bybel is gesagvol (Reymond, 1998:73). Ook is daar 'n onderskeid tussen God se Woord en enige ander literatuur (Boice, 1986:57). |
| Spangenberg ontken die feit dat die uniekheid en genoegsaamheid van die Skrif staan en val by ons Heer Jesus Christus (Doubell, 2004:44). | Jesus verklaar die heil op so ’n eksklusiewe manier dat juis dít die genoegsaamheid van die Skrif is. Die heil, sowel as die weg tot die heil, is voldoende (Heyns, 1978:32). |

[52] Daar word wel, waar nodig, gebruik gemaak van bv die literatuurwetenskap sonder om ooit die vertrekpunt prys te gee dat die Bybel die gesagvolle Woord van God is.

| | |
|---|---|
| Die Bybel bestaan volgens Spangenberg uit ’n versameling godsdienstige literatuur (Coetzee, 1996:4). Die Bybel is in die twintigste eeu aan die hand van moderne literatuurwetenskap niks anders as woorde oor God nie (Spangenberg, 1998:28). | Die veronderstelling dat die Bybel God se geskrewe Woord is, hou in dat God beide die subjek en die objek van die Bybel is. Breed *et al.* (2008:37) benadruk ook die feit dat God die outeur is van die Bybel. |
| Spangenberg bepleit die aanvaarding van ander godsdienste as "egte singewende sisteme" (Spangenberg, 1998:52-73 & 2002:103-108). | Jesus is die weg, die waarheid en die lewe, Hy is ons sin in die lewe en sonder Hom kan niks sin maak nie. Heyns (1978:32) verklaar dat die genoegsaamheid van die Woord juis berus by Jesus. |
| Spangenberg (2004b:2) beklemtoon die verskil tussen historiese waarheid en verhaalwaarheid. | Die Bybel met al sy boeke, verhale, gedigte en gelykenisse is God se geskrewe Woord (Boice, 1986:57). |
| Spangenberg (1998:134) waarsku diegene wat die Bybel met erns lees, dat hulle met 'n gevaarlike onderneming besig is. | Dit is nie gevaarlik om God se Woord te lees nie. Die Heilige Gees as outeur openbaar die verborgenhede aan die gelowige (Heyns, 1978:34). |
| Spangenberg (2004e:1) verwys nie na die Bybel as "God se Woord" nie. | Die Bybel is God se Woord (Boice, 1986:47). |

Aangesien Spangenberg se Skrifbeskouing grondliggend is vir sy teologiese argument, is dit vanselfsprekend dat sy standpunte en interpretasies van God se Woord oor ander sentrale leerstellings ook verskil. Die konsekwensies van Spangenberg se Skrifbeskouing word deur middel van onderstaande tabel uitgebeeld:

| **Spangenberg se belydenisse** | **Gereformeerde standpunt** |
|---|---|
| Volgens Spangenberg (2004a:2) is die historiese Jesus nooit in Betlehem gebore nie, allermins nie in 1 n.C. nie. | Jesus is gebore in 'n stal in die jaar 1 n.C (Luk. 11). |
| Spangenberg (2004b:3) bevraagteken Jesus se maagdelike geboorte. Dit berus volgens hom op ŉ hele klomp aannames. | Jesus is in die liggaam van die geseënde maagd Maria deur die krag van die Heilige Gees en sonder die toedoen van 'n man verwek (Matt. 1:18, 20; Nederlandse geloofsbelydenis, Artikel 18). |
| Volgens Spangenberg (2009b:1) is daar suggesties in die evangelies dat Jesus moontlik ŉ buite-egtelike kind kon wees. | Jesus is verwek sonder die toedoen van 'n man (Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 18). |
| Verhale oor Jesus se opstanding is nie opstandingsverhale nie, maar eerder herverskyningsverhale (Spangenberg, 2004h:1). | Jesus het gesterwe, na drie dae opgestaan, asook neergedaal na die hel (Apostoliese Geloofsbelydenis). |
| Jesus se hellevaart het volgens Spangenberg (2004h:1) vir baie teoloë ŉ vraagstuk geword. | Jesus het neergedaal na die hel op die wyse of in die sin soos ons dit bely in (Heidelbergse Kategismus vr/antw 44). |
| Spangenberg (2005a:3) glo dat Jesus se kruisdood nooit deur God beplan was nie en dat dit slegs maar gebeure was wat oor Jesus se pad gekom het. | Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil deur Homself aan die kruishout te offer en sy kosbare bloed tot afwassing van ons sondes uit te stort soos die profete dit voorspel het<br><br>(Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 21). |
| Spangenberg (2004i:2) glo nie aan ŉ fisiese wederkoms nie. | Die Here Jesus sal met groot heerlikheid en majesteit uit die hemel kom, liggaamlik en sigbaar (Hand. 1:11; Matt 24:30; Mark. 13:26; Openb. 1:7; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 37). |

| | |
|---|---|
| Spangenberg (2004i:2) bevraagteken Jesus se hemelvaart. | Jesus het opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van God ( Luk. 24:50; Hand. 1; Apostoliese Geloofsbelydenis). |
| Volgens Spangenberg (2004j:3) is die leer oor die erfsonde en die dood as straf op die sonde, uitgediende leerstukke wat in 'n argief hoort. | Glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het (Rom. 5; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 15). |
| Spangenberg (2007b:1) glo nie in die sondeval nie. | Die ganse menslike ras word sondig (in sonde ontvang en gebore) as gevolg van die sondeval (Gen. 3; Rom. 5; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 14). |
| Die idee van die Drie-eenheid is volgens Spangenberg slegs 'n produk van die Griekse en Latynse kerkvaders (2004c:5). Dit is bloot hoe hulle in hulle tyd Jesus probeer verwoord het. | Glo in 'n Drie-enige God al gaan dit menslike verstand te bowe (Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 9). |
| Volgens Spangenberg(2004e:2) is dit nie goeie kommunikasie om te verwys na die Bybel as die "Woord van God" nie. | Die Woord van God is nie deur die wil van mense voortgebring nie, maar deur inspirasie van die Heilige Gees (2 Tim. 3:16 ) (Boice, 1986:47). |
| Die evolusieproses soos beskryf deur Darwin in sy boeke is volgens Spangenberg (2009a:5) as betroubaar bewys. | God het die hemel en die aarde, alle skepsels en die mens geskape; Hy het die mens volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm (Gen. 1,2; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 14). |
| Die boek Jona is 'n fiksieboek (Spangenberg, 1998:57). | Die hele Bybel is betroubaar en genoegsaam (Reymond, 1998:49). |

| | |
|---|---|
| Die historiese Jesus verskil wesenlik van die Jesus wat ons vandag ken en bely (Spangenberg, 2009: 5). | Jesus is en bly die Seun van God wat vir die sondes van die ganse mensdom gesterf het (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2:Artikel 3). Ons aanvaar alles wat God in sy Woord aangaande Jesus Christus openbaar, as waar. |
| Die boek Genesis bestaan uit twee skeppingsverhale en nie net een nie (Spangenberg, 2009:49). | Die sprekende Woord van God het die skepping tot stand gebring. Nêrens word daar gepraat van twee skeppingsverhale nie (2 Pet. 3:5) (Heyns, 1978:97-119). |
| Profesieë van die boek Jesaja verwys nie na Christus nie (Spangenberg, 2009c:73-97). | God het reeds in die Ou Testament belowe om sy Seun te stuur sodat redding bewerkstellig kon word. Artikel 17 van die Nederlandse Geloofsbelydenis maak ook melding van Jesaja se profesieë (Jes. 53). |
| Spangenberg bevraagteken Daniël as profeet en die noukeurigheid van sy profesieë (Spangenberg, 1998:78). | Daniël word saam met ander profete soos Jesaja, Jeremia en Esegiël vermeld in die Nederlandse Geloofsbelydenis (Artikel 4). |

Benewens bogenoemde verskille is daar ook nog ander verskille wat nie in hierdie studie bespreek word nie[53]. Nadat daar by wyse van bevindinge en analise ŉ duidelike tabel saamgestel is van die wesenlike verskille tussen die Skrifbeskouing van Spangenberg en die Gereformeerde Skrifbeskouing, kan ons oorgaan na ŉ evaluasie van Spangenberg se Skrifbeskouing.

### 4.1.7 Evaluasie van Spangenberg se Skrifbeskouing vanuit Gereformeerde dogmatiek

Die Gereformeerde Skrifbeskouing huldig die standpunt dat die Bybel God se geskrewe Woord is, ewig en altyd-geldend, deur die Heilige Gees geïnspireer, tydgerig, maar nie tydgebonde nie (Breed *et al*., 2008:42). Hierbenewens ook dat die Woord gesagvol, betroubaar, genoegsaam en duidelik is (Heyns, 1978: 30).

[53] Spangenberg (2009) se nuutste boek *Jesus van Nasaret* kan gelees word vir verdere inligting.

Anders as Spangenberg handhaaf die Gereformeerde dogmatiek die standpunt dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is (Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 3). Dit impliseer ook dat die Bybel ewige waarhede kommunikeer (Coetzee, 2010:2).

Dit is duidelik dat Spangenberg juis hierdie basiese vertrekpunte van die Gereformeerde dogmatiek van die hand wys. In teenstelling met die Gereformeerde dogmatiek handhaaf Spangenberg (1998:1-132) die standpunt dat die Bybel menslik, feilbaar, nie absoluut, tydgebonde sowel as kultuursensitief is.

Die doel van hierdie studie is deels om die geldigheid van Spangenberg se Skrifbeskouing in 'n postmoderne era te ondersoek.

Die wêreld rondom ons beleef, soos Spangenberg (1998:5) dit noem, 'n paradigmaverandering. Die vraag kan egter gevra word waar staan die Kerk en die Bybel te midde van hierdie veranderinge? Spangenberg skaar hom aan die kant van hierdie veranderinge en gepaardgaande aanpassings. In die proses relativeer hy God se Woord om sodoende aan te pas by 'n postmoderne wêreldsisteem.

Dit is duidelik dat Spangenberg nie ag slaan op die volgende uitsprake van God se Woord nie:

- 2 Pet 1:21: "want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek."

Spangenberg (1998:114) verwys telkens na die woorde van profete as *mensewoorde*. Hy verklaar alhoewel profesieë in die Bybel staan, dat dit nie noodwendig die Woord van God is nie. Reymond (1998:39), in teenstelling met Spangenberg, skryf die volgende oor 2 Pet 1:21 "This means at the very least that what they spoke did not originate in them but was given to them by God".

- 2 Tim 3:16: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."

2 Tim 3:16 verwys volgens Spangenberg (1998:114) nie na die hele Bybel nie, maar net 'n deel daarvan. Hy erken wel dat sekere gedeeltes van die Ou Testament van God afkomstig was.

Reymond (1998:34) is van mening dat Paulus in 2 Tim 3:16 nie net na die Ou Testament verwys het nie, maar ook na die Nuwe Testament.

- Heb 4:12: "Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is ŉ beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart."

Spangenberg (2004e:2) verklaar dat predikante nie na nie die Bybel as God se Woord moet verwys nie. Uit Heb 4:12 blyk egter dat die Bybel dit self doen.

- 1 Pet 1:23: "want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly. Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos ŉ blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is."

God se Woord sal altyd relevant, kragtig, genoegsaam en betroubaar wees, ongeag die omstandighede (Heyns, 1978:32). Spangenberg (1998:114) bevraagteken egter die absolute waarheid van God se Woord, tesame met die geldigheid daarvan in ŉ postmoderne samelewing.

- Joh 14:6: "Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."

Die gesag van God se Woord is opgesluit in die heil wat Christus bewerkstellig het (Heyns, 1978:32). Jesus se verlossingswerk staan dus onlosmaaklik van God se Woord. Benewens dit verklaar God ook self dat Jesus die vleeswording van die Woord is (Joh. 1:1). Spangenberg (2005a:1) daarenteen ontken beide die verlossende werk van Christus, sowel as die gesag van die Woord.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat Spangenberg veel meer as net die Gereformeerde belydenisse bevraagteken. Hy bevraagteken ook die gesag van God se Woord. In Openbaring 22:18 waarsku Johannes ons egter teen die volgende:

- Openb 22:18: "Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is."

Per slot van sake bly dit elke ware interpreteerder se verantwoordelikheid hoe hy God se Woord vertolk.

Die geskiedenis het ons geleer dat die wêreld altyd die keuse bied, verander of verouder (Hoffman, 2005:1). Een ding staan vas, en dit is dat geen wêreldse sisteem ooit die gesag van God se Woord kan verander nie (Heyns, 1978:29).

Heyns (1978:36) het reeds sowat dertig jaar gelede gewaarsku dat God se Woord nie aan die hand van buite-Bybelse gebeure verklaar kan word nie. Die evaluasie van Spangenberg se Skrifbeskouing word hiermee deur die navorser afgesluit met die volgende waarskuwing van Heyns (1978:36):

> "Hier word die moderne mens met sy besonderhede deur wetenskap en tegniek-bepaalde selfkennis die sleutel waarmee die Skrifboodskap ontsluit word. Die Skrif word nie deur die Skrif self verklaar nie, maar vanuit 'n buite-Bybelse grootheid, naamlik die gees van die tyd. Die gevaar van volslae subjektiwisme en verinnerliking van die ganse heilsgebeure lê voor die hand."

**4.1.8 Gevolgtrekking**

By wyse van bevindinge kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word oor Spangenberg se Skrifbeskouing:

- Die Skrifbeskouing van Spangenberg kan nie as wetenskaplik, objektief en gebalanseerd aanvaar word nie. Die rede hiervoor is dat Spangenberg alleenlik diegene aanhaal wat sy standpunt ondersteun.
- Spangenberg interpreteer die Woord van God aan die hand van buite-Bybelse gebeure.
- Spangenberg ontken die gesag van God se Woord.
- Hy ontken ook die Gereformeerde belydenisse wat gegrond is op God se Woord as ewige waarheid.
- Spangenberg se Skrifbeskouing is onversoenbaar met die Gereformeerde Skrifbeskouing. Inderwaarheid het die studie bewys dat die gaping van versoenbaarheid daagliks vergroot.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat Spangenberg se Skrifbeskouing onversoenbaar is met die Gereformeerde standpunt. Spangenberg se Skrifbeskouing is ook in kontras met die bepalings van God se Woord self.

Coetzee (1996:8) stel dit baie duidelik "Die kerk wat ŉ Skrifbeskouing soos die van Spangenberg en die ander teoloë na wie verwys is, akkommodeer, het uiteindelik geen boodskap meer vir hierdie wêreld nie".[54]

Coetzee (1996:9) benadruk ook dat die geroepe bedienaar van die Woord die een en twintigste eeu met al sy uitdagings slegs tegemoet kan gaan indien hy staan op die onwankelbaarheid van God se Woord. Jesus se groot opdrag, naamlik: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt. 28:19), lê voor die voete van elke bedienaar van God se Woord. Daarom ook die nodigheid tot belydenisgebondenheid aan ŉ suiwer belydenis, geplant op die ewige, onwankelbare rots, Jesus Christus.

[54] Coetzee (1996:5) verwys hier na onder andere Deist, Van Huysteen en Vorster.

# Hoofstuk 5

## Samevatting en gevolgtrekkings

### 5.1 Samevatting

#### 5.1.1 Samevatting en opsomming

Hoofstuk 1 behels 'n oorsig oor die veld van navorsing wat onder andere insluit probleemstelling, sentrale navorsingsvraag, doelstellings, doelwitte tesame met die sentrale teoretiese argument en metodologie. In die daaropvolgende hoofstuk is Spangenberg se agtergrond kortliks bespreek, tesame met die faktore wat 'n invloed gehad het op sy Skrifbeskouing. Die konklusie word gevorm dat verskeie buite-Bybelse gebeure wel Spangenberg se Skrifbeskouing beïnvloed het. Die twee wêreld-oorloë en die beleid van apartheid dien as voorbeelde hiervan.

Die grondliggende beginsels van Spangenberg se Skrifbeskouing, tesame met twee tipiese illustrasies van Spangenberg se Skrifbeskouing is bespreek. Die konklusie is gevorm dat Spangenberg se Skrifbeskouing grondliggend is vir sy teologiese standpunte oor ander sentrale leerstukke. Die feit dat Spangenberg Gereformeerde leerstellings bevraagteken, hang ten nouste saam met Spangenberg (2004a:1; 2004b:1; 2004c:1; 2004e:1; 2004h:3; 2004j:2; 2005a:2; 2007b:2; 2009c:54) se Skrifbeskouing. Die konsekwensies van Spangenberg se Skrifbeskouing ten opsigte van die tradisionele Gereformeerde belydenisse is bepaal. Hoofstuk 2 is afgesluit met 'n opsomming van die vernaamste bevindinge oor Spangenberg se Skrifbeskouing.

In hoofstuk 3 word 'n resente opsomming van die Gereformeerde Skrifbeskouing gegee. Die vernaamste kenmerke en eienskappe van God se Woord word ook kortliks aan die orde gestel. Die geldigheid van Gereformeerde leerstellings in 'n postmoderne era word ondersoek. Daar is onder andere na die premoderne, moderne en postmoderne eras gekyk. Die gevolgtrekking is gemaak dat tradisionele leerstellings steeds relevant is in 'n postmoderne era.

Hoofstuk 4 het die evaluering van Spangenberg se standpunte vanuit 'n Gereformeerde oogpunt behels. Die opmerkings van onderskeidelik Doubell (2004:2) en Coetzee (1996:3-4) ten opsigte van Spangenberg se Skrifbeskouing is ook bespreek ten einde 'n objektiewe en wetenskaplike gevolgtrekking te vorm. Die vernaamste verskille tussen die Skrifbeskouing van Spangenberg en die Gereformeerde Skrifbeskouing is deur middel van tabelle geïllustreer. Die konsekwensies van Spangenberg se Skrifbeskouing op tradisionele leerstellings word in tabelvorm opgesom.

ʼn Konklusie word gevorm dat Spangenberg se Skrifbeskouing onversoenbaar is met die Gereformeerde standpunte. Daar word ook gemeld dat dit die gesag van God se Woord bevraagteken.

## 5.2 Gevolgtrekking

### 5.2.1 Gevolgtrekking

Op grond van bogenoemde samevatting word die volgende gevolgtrekkings gevorm: (a) Die Skrifbeskouing van Spangenberg is in kontras met God se Woord, (b) Spangenberg se leerstellings is onversoenbaar met die Gereformeerde standpunt en (c) Spangenberg se Skrifbeskouing stroop die evangelieboodskap van enige inherente krag of waarde. Hierdie sienings word ook gerugsteun deur Van Wyk (2010:1-2). Daar is ook bevind dat (d) Gereformeerde leerstellings gegrond is op God se onfeilbare Woord en dat dit steeds geldig is in 'n postmoderne samelewing (Coetzee, 2006:9-10). Dit rugsteun ook die sentrale teologiese argumente, naamlik: "Die Skrifbeskouing van Spangenberg oor wesenlike aspekte is onversoenbaar met die tradisionele Reformatoriese standpunt". Ter opsomming gaan daar kortliks na elkeen van die bogenoemde bevindinge gekyk word:

**a) Die Skrifbeskouing van Spangenberg is in kontras met God se Woord**

Heyns (1978:29-34) verwys na die vernaamste eienskappe van die Bybel as gesagvol, betroubaar, genoegsaam en duidelik. Dit is duidelik dat Spangenberg nie die nodige waarde heg aan hierdie basiese eienskappe van die Bybel nie.

Waarom kan daar gesê word dat Spangenberg se Skrifbeskouing in kontras is met God se Woord? Die antwoord is eenvoudig. Spangenberg bevraagteken die basiese eienskappe van God se Woord soos saamgevat deur Heyns (1978), Boice (1986) en Breed *et al*. (2008:42).

Benewens bogenoemde bevraagteken Spangenberg (1998:28) ook die Goddelike inspirasie van die Bybel. Van Wyk (2010:10) som Spangenberg se benadering tot die Bybel as volg op:

> "Soos Spangenberg die Bybel benader is dit niks meer as 'n gewone godsdienstige boek nie, wawyd oop vir elke moontlike vorm van kritiek."

Die vernaamste faktore wat gesag verleen aan die Bybel word nie deur Spangenberg (1998) erken nie. Goddelike inspirasie, profesie en openbarings is maar ʼn paar van die voorbeelde. Soos Van Wyk (2010:10) verklaar, gaan dit ten diepste oor Skrifverklaring en Skrifbeskouing. Is die Bybel die gesaghebbende en betroubare woord van God of is dit bloot geskrifte van mense wat met God in verhouding gestaan het?

Voorts is dit duidelik dat indien Spangenberg nie die eienskappe van die Bybel erken nie, sal dit bloot menslike geskrifte bly sonder enige noemenswaardige gesag. Die Gereformeerde teologie huldig die standpunt dat, ongeag wat teoloë soos Spangenberg van die gesag van die Skrif maak, die gesag van die Skrif in die Skrif self geleë is en met die Skrif gegee is (Boice, 1986: 47).

**b) Spangenberg se Skrifbeskouing is onversoenbaar met die Gereformeerde standpunt**

ŉ Literatuurstudie het getoon dat die Skrifbeskouing van Spangenberg onversoenbaar is met die Gereformeerde standpunt. Spangenberg (1998) bevraagteken die vertrekpunt van Gereformeerde leerstellings, naamlik die Bybel as God se onfeilbare Woord (Coetzee, 2010:2).

Coetzee (2006:9) beklemtoon die feit dat die Gereformeerde teologie saamhang met bepaalde sekerhede[55]. Dit is niks vreemds dat Spangenberg juis hierdie sekerhede bevraagteken nie. Die bevraagtekening van hierdie basiese vertrekpunte van Gereformeerde belydenisse gee daartoe aanleiding dat Spangenberg se Skrifbeskouing onversoenbaar is met die Gereformeerde standpunt.

Op grond van bogenoemde studie kan die vraag gevra word: Het dit enige nut dat Gereformeerde teoloë hulle beywer om versoening te bewerkstellig tussen Spangenberg se standpunte en Gereformeerde belydenisse? Dit is ook duidelik dat die vraag veel verder strek as: "Is die Skrifbeskouing van Spangenberg versoenbaar met Gereformeerde belydenisse?"

**c) Spangenberg stroop die evangelieboodskap van enige waarde en krag**

Soos vroeëre hoofstukke aandui, is baie van Spangenberg se aantygings nie alleen gerig teen Gereformeerde leerstellings nie, maar direk teen die Evangelieboodskap van Jesus Christus[56].

Volgens Spangenberg (2005a:2) was Jesus niks meer as ŉ gewone Joodse profeet en wysheidleermeester nie. Dit beteken dat Jesus gestroop word van sy uniekheid en Goddelikheid. Van Wyk (2010:9) stel die vraag "Wat moet 'n mens met so ŉ (verskraalde) Jesus doen"?

Hy gaan selfs verder deur te sê dat indien hy moet kies tussen Spangenberg se beeld van Jesus en Ghandi, hy heel waarskynlik vir Ghandi sal kies (Van Wyk, 2010:10). Dit is net weer eens ŉ bewys dat Spangenberg se beeld van Christus gestroop is van enige waarde of krag.

[55] Hierdie sekerhede soos saamgevat deur Coetzee (2006) sal volledig bespreek word onder die hofie "Gereformeerde leerstellings gegrond op God se Woord, steeds geldig in 'n postmoderne era".

[56] Dit sluit onder andere in die maagdelike geboorte van Christus, die bewering dat Christus 'n buite-egtelike kind was, Jesus se opstanding, Jesus se kruisdood, sowel as die wederkoms van Christus.

**d) Is Gereformeerde leerstellings, wat gegrond is op die Bybel, steeds geldig in 'n postmoderne era?**

Dit is ook duidelik dat Gereformeerde leerstellings steeds geldig is in ȇn postmoderne wêreldbeeld. Die Gereformeerde teologie berus volgens Coetzee (2010:9) op ȇn hele klomp bepaalde sekerhede. Coetzee (2010:9) som hierdie sekerhede as volg op:

- Die sekerheid dat daar net een God is, naamlik die Drie-enige God waarvan ons in die Bybel en die skepping leer.
- Die sekerheid dat die Bybel die Woord van God is wat deur mense op Skrif gestel is onder inspirasie van die Heilige Gees (Boice, 1986: 47).
- Die sekerheid dat Jesus die enigste en ware verlosser is.
- Die sekerheid dat die mens vanweë sy betrokkenheid by die sondeval, totaal verdorwe is en slegs deur die geloof in Jesus verlos kan word.
- Die sekerheid dat die Heilige Gees as Trooster, Pand en Waarborg aan ons gegee is om ons in die volle waarheid te lei (Joh 16:13).
- Die sekerheid dat die belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke die waarheid onder woorde bring omdat dit ooreenstem met God se Woord.

Coetzee (2010:10) som die geldigheid van Gereformeerde leerstellings binne konteks van ȇn postmoderne wêreldbeeld baie goed op met die volgende stelling:

> "In die lig van hierdie sekerhede sê ons daarom dat ware geloof nooit deur onsekerheid gekenmerk kan word nie. Inteendeel, die ware geloof en sekerheid is sinonieme."

Hy verklaar ook dat Gereformeerde teologie nie op soek is na die waarheid nie. Dit het die waarheid (Coetzee, 2010:10). Bogenoemde, tesame met literatuur in die vorige hoofstukke, bewys die geldigheid van Gereformeerde leerstellings binne die konteks van ȇn postmoderne wêreldbeeld.

### 5.2.2 Finale konklusies ten opsigte van Spangenberg se Skrifbeskoulike vertrekpunte

Na afloop van hierdie studie is dit duidelik dat Spangenberg se Skrifbeskouing en die Gereformeerde Skrifbeskouing wesenlik van mekaar verskil. Hierdie konklusie word bereik na deeglike analise en evaluering van al Spangenberg se beskikbare publikasies tot op hede.

Navorsing het aangedui dat dit makliker sou gewees het om die verskille tussen die Gereformeerde Skrifbeskouing en die van Spangenberg uit te sonder as wat ooreenkomste uitgesonder kan word. Soos reeds genoem, is die gaping tussen die Gereformeerde Skrifbeskouing en dié van Spangenberg daagliks besig om te verbreed (Spangenberg, 2010:1).

Dit is duidelik dat weinig, indien enige, van die Gereformeerde dogmas nie beïnvloed word deur Spangenberg se Skrifbeskouing nie. Jesus se kruisdood, die sondeval, Jesus se maagdelike geboorte, Jesus se hellevaart en opstanding, die wederkoms en die betroubaarheid van God se Woord is maar ŉ paar hiervan.

Die opmerklike is egter dat die Skrifbeskouing van Spangenberg grondliggend is vir sy standpunte oor ander dogmas, tot so ŉ mate dat die uitkoms in die meeste gevalle lynreg in kontras staan met die Gereformeerde standpunt. Dit is voorts ook duidelik dat Spangenberg nie veel waarde heg aan belydenisgebondenheid nie; nie eers aan sy eie standpunte nie, die rede hiervoor is syns insiens omdat elke teoloog se Skrifbeskouing die vingermerke van sy tyd en omstandighede dra (Spangenberg, 2003:2). Aanvanklik het dit voorgekom asof Spangenberg ŉ aanval loods op die Gereformeerde teologie. In hierdie stadium is dit duidelik dat die omvang van Spangenberg se Skrifbeskouing veel verder strek. Die Skrifbeskouing van Spangenberg plaas nie net ŉ vraagteken bo Gereformeerde belydenisse nie, maar teen die Christendom in die geheel. Spangenberg (2010:1) is inderdaad soos hy dit noem, "besig om ŉ nuwe spiritualiteit te vorm".

Gereformeerde leerstellings se gesag word nie gekoppel aan omstandighede of tyd nie. Inteendeel, dit word direk gekoppel aan die gesag van die Skrif (Coetzee, 2010:12). Gereformeerde leerstellings hang saam met sekere bepaalde waarhede. Coetzee (2006:10) som dit baie goed op met die volgende stelling "Gereformeerde teologie is nie op soek na die waarheid nie, dit het die waarheid". Kortliks kom dit daarop neer dat Gereformeerde leerstellings steeds geldig is in ŉ postmoderne samelewing.

Wat betref die sentrale navorsingsvraag naamlik: "Hoe vergelyk die Skrifbeskouing van Spangenberg met die tradisionele Gereformeerde Skrifbeskouing?" is dit duidelik dat dit fundamenteel van mekaar verskil. Inderdaad kan die slotsom bereik word: Die Skrifbeskouing van Spangenberg ten opsigte van wesenlike aspekte is onversoenbaar met die Gereformeerde Skrifbeskouing.

Nie net is dit onversoenbaar met die Gereformeerde Skrifbeskouing nie, maar ook met die Bybel as die onfeilbare Woord van God.

## 5.3 Moontlike verdere velde van navorsing

### 5.3.1 Die Hart van die evangelie "Jesus Christus"

In Spangenberg (2009) se nuutste boek *Jesus van Nasaret* tref hy ŉ duidelike onderskeid tussen die "historiese Jesus" die "vertelde Jesus" en die "dogmatiese Jesus". In die boek vertel Spangenberg (2009) hoe hy sy kinderskoene ontgroei het en in die proses afskeid geneem het van sy kinderbybel-, Sondagskool- en katkisasieperspektief op Jesus. Van Wyk (2010:9) gee te kenne dat "wetenskaplike studie" die towerwoord is van Spangenberg se nuwe boek *Jesus van Nasaret*. Wetenskaplike studie het volgens Spangenberg (2010) getoon dat groot dele van die Bybel teenstrydig en vergesog is. Hy beweer dat die Ou-Testamentiese profesie nie verwys na Jesus as die Messias nie. Spangenberg (2010) is van mening dat die Nuwe-Testamentiese skrywers hierdie gedagte foutiewelik in die Ou-Testamentiese tekste gelees het.

Die gevolg van bogenoemde is dat Spangenberg al hoe verder van die hart van die evangelie af wegbeweeg. Aanvanklik het Spangenberg bloot aspekte soos die gesag van die Bybel, inspirasie van die Heilige Gees en die relevansie van Gereformeerde belydenisse in ŉ postmoderne era bevraagteken.

Vandag plaas hy onder andere ŉ vraagteken agter die enkele belangrikste element van die Christendom, naamlik "Jesus Christus van Nasaret". Soos Van Wyk (2010:10) verklaar, stroop Spangenberg Jesus van alle uniekheid in so ŉ mate dat daar feitlik niks meer van Jesus oorbly nie.

Jesus word in ŉ sekere sin gelyk gestel met alle ander profete wat ook ŉ marteldood gesterf het. Spangenberg (2010) se beeld van Jesus weet nie van oorwinning oor sonde en dood nie, ook bied dit geen hoop of toekomsperspektief nie (Van Wyk, 2010:10).

Die vraag kan gevra word: Is hierdie Jesus wat Spangenberg voorstel genoeg vir 'n verloregaande wêreld? Is dit moontlik om ŉ sondaar te oortuig dat hierdie verskraalde beeld van Jesus ook sy lewe ingrypend kan verander? Het Spangenberg nie in die proses van wetenskaplike bevindinge die hart van die evangelie uitgeruk nie? Die antwoord op laasgenoemde vraag is inderdaad ja. Daarom die nodigheid om Spangenberg se perspektief van Jesus krities te ondersoek en te evalueer vanuit die oogpunt van Gereformeerde dogmatiek.

### 5.3.2 Evaluering van die Nuwe Hervorming Netwerk se standpunte

Spangenberg, ŉ aktiewe lid van die Nuwe Hervorming Netwerk, vereenselwig homself met hulle uitlatings. Spangenberg, tesame met ander teoloë onder andere Pieter Craffert, Pieter Botha en Hansie Wolmarans het bygedra tot die stigting van die Nuwe Hervorming Netwerk (Muller, 2002:7).

Die gevolg hiervan is dat baie van Spangenberg se sienings ingeweef is in die Nuwe Hervorming Netwerk se standpunte. Daarom kan die Nuwe Hervorming Netwerk in ŉ sekere mate ŉ meer volledige beeld skets van Spangenberg se Skrifbeskouing[57].

In Spangenberg se nuutste publikasie op die Nuwe Hervormers se webwerf gaan hy selfs sover om te verklaar dat ŉ Nuwe Hervorming onafwendbaar gaan lei tot ŉ nuwe spiritualiteit (Spangenberg, 2010:1).

Bo en behalwe die evaluering van Spangenberg se standpunte, bestaan daar ook die nodigheid om die standpunte van die Nuwe Hervorming Netwerk in die geheel te beoordeel en te evalueer vanuit Gereformeerde dogmatiek. Tesame hiermee moet daar gekyk word na wat hierdie nuwe spiritualiteit waarna Spangenberg (2010:1) verwys, behels.

#### 5.3.3 Wat is die effek van die Nuwe Hervorming Netwerk se standpunte op bestaande konfessioneel-Gereformeerde lidmate?

Die Nuwe Hervorming Netwerk gee te kenne dat hulle ŉ nuwe tuiste bied vir diegene wat ontuis geraak het in die Christelike kerke (www.nuwe-hervorming.org.za).

Soos hierdie studie aantoon, is die meeste van Spangenberg en die Nuwe Hervorming Netwerk se sienings totaal teenstrydig met Gereformeerde belydenisse.

Die studie het getoon dat Spangenberg al hoe verder wegbeweeg vanaf die Gereformeerde siening. Myns insiens is die gaping tussen Spangenberg en Gereformeerde teologie by die dag besig om groter te word. Bogenoemde stelling van Spangenberg (2010:1) dat die Nuwe Hervorming ŉ alternatiewe spiritualiteit bied, dien as sprekende voorbeeld hiervan. Ten spyte hiervan is Spangenberg en die Nuwe Hervorming Netwerk daagliks in gesprek met ander gelowiges.

Die vraag is dus: Wat is die invloed van die Nuwe Hervorming (asook Spangenberg) op tradisioneel Gereformeerde lidmate? Is die Nuwe Hervorming (en Spangenberg) met hulle sogenaamde alternatiewe geestelike tuiste nie besig om grootskaalse verwarring te saai onder tradisioneel Gereformeerde Christene nie? Indien wel, watter effek het hierdie verwarring op die gewone man op straat se verhouding met God?

---

[57] Alle standpunte van die Nuwe Hervorming kan egter nie bloot aan Spangenberg toegedig word nie.

## Bibliografie

BARTH, K. 1990. Reformierte Lehre, ihr Wesen und ihre Aufgabe, in Vorträge und kleinere Arbeiten, 1922-1925, edited by H Finze, 202-247. Zurich: *Theologischer Verlag Zürich*.

BAVINCK, H. 1977. Our reasonable faith. Translated from the Dutch edition by Henry Zylstra. Michigan: Baker Book House. 568 p.

BOICE, J.M. 1986. Foundations of the Christian Faith. Downers Grove: InterVarsity Press. 740 p.

BOTHA, A. 1998. Pastoral therapy and extra-marital affairs: A narrative approach. PhD Thesis, University of South Africa.

BREED, D.G., VAN RENSBURG, F.J. & JORDAAN, G.J.C. 2008. Manlik en vroulik in die kerk. Geslagtelikheid en die besonderse dienste. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies. 210 p.

BRITZ, R. M. 2002. Twee standpunte oor die Skrif... en 'n dilemma vir die NG Kerk. *NGTT*, 43(3&4):354-367.

CALVIN, J. 1975. Institution of the Christian religion: embracing almost the whole sum of piety & whatever is necessary to know the doctrine of salvation. Atlanta: John Knox Press. 490 p.

COETZEE, C.F.C. 1996. Skrifgesag en Woordbediening. (Rede gelewer tydens Promosieplegtigheid van die Teologiese Skool Potchefstroom, 20 November 1996.)

COETZEE, C.F.C. 2006. Gereformeerde teologie in 'n post-moderne leefwêreld. *Die Kerkblad*, 109(3190):9-10, Augustus.

COETZEE, C.F.C. 2010. Belydenisgebondenheid in 'n post-moderne era. *In die Skriflig*, *44*(1)1-19. Datum van gebruik 22 Februarie 2010.

D'ASSONVILLE, V.E. 1981. Bakens vir die dogmageskiedenis. Potchefstroom: Marnix. 93 p.

DEN HEYER, C.J. 2003. Van Jezus naar christendom: de ontwikkeling van teks en dogma. Zoetemeer: Meiema[58].

DOUBELL, F.B. 2004. Die Bybel steeds in diskussie 'n dekade later. *Acta Theologica Supplementum*, 6:31-48.

DURAND, J. 2005. Doodloopstrate van die geloof: 'n Perspektief op die Nuwe Hervorming. Stellenbosch: Rapid Access. 110 p.

DU TOIT, P. 2007. Post-modernisme in perspektief. http://www.truthexposed.co.za/index.php?option=comcontent&task=view&id=8&It. Datum van gebruik: 15 Januarie 2010.

DU TOIT, P.W. & SPANGENBERG, I.J.J. 2002. Kerk en teologie in die post-moderne tyd. *Theological Studies*, 58(3):1134-1153.

[58] Spangenberg se bibliografiese besonderhede is nie in alle gevalle volledig nie. Aantal bladsye ontbreek in sommige gevalle.

EDGAR, W.C. 2003. Reading the latter prophets. Londen: Clark International. 287 p.

FICK, P.H. 2010. John Calvin and post-modern spirituality. *In die Skriflig*, 44(3): 271-285.

FREEMAN, C. 2003. The closing of the western mind: The rise and fall of reason. Londen: Pimlico.

GAINES, J.H. 2003. Forgiveness in a wounded world: Jonah's dilemma. Atlanta: Society of Biblical Literature. 179 p.

GENDEREN, J. van & VELEMA, W.H. 1992. Beknopte Gereformeerde dogmatiek. Kampen: Kok. 829 p.

GREER, R.C. 2003. Mapping post-modernism: a survey of Christian options. Downers Grove: InterVarsity. 284 p.

GRENZ, S.J. 1996. A primer on post-modernism. Grand Rapids: Eerdmans. 203 p.

HEYNS, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria: N.G. Boekhandel. 426 p.

HOFFMAN, L. 2005. Pre-modernism, Modernism & Post-modernism: An overview. http://www.post-modernpsychology.com/Philosophical_Systems/Overview.htm. Datum van gebruik: 15 Julie 2010.

HUMAN, D.J. 2003. Teologie Kroniek: Skrifverstaan en die Nuwe Hervorming. (Referaat:Pretoria, Universiteit van Pretoria).

JACKSON, N. 2004. Teoloog "klaar met NG Kerk, dogmas" *Die Beeld*: 5, 20 Maart. http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2004/03/20/B5?05/06.html. Datum van gebruik 26 Februarie 2009.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2000. The paradigm shift: an introduction to post-modern thoughts and its implications for theology. Pretoria: Van Schaik.

JOUBERT, G. 1997. Die groot gedagte. Kaapstad: Tafelberg. 331 p.

KÖNIG, A & MAIMELA, S. 1998. Initiation into Theology. Pretoria: Van Schaik. 493 p.

LABUSCHAGNE, C.J. 1994. Zin en onzin over God: Een kritische beschouwing van gangbare godsvoorstellingen. Zoetemeer: Boekencentrum.

LOUW, D.J. 1993. Pastoraat as ontmoeting: Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Pretoria: RGN.

MACQUARRIE, J. 1990. Jesus in modern thought. Londen: SCM.

MULLER, P. 2002. Die Nuwe Hervorming. Pretoria: Protea Boekhuis. 248 p.

ANDREW MURRAY CONGREGATION. 1986. This we believe thus we confess. Johannesburg: The congregation. 59 p.

OLTHUIS, J.H. 1999. Dancing together in the wild spaces of love: post-modernism, psychology and the Spirit of God. *Journal of psychology and Christianity*, 16(2):140-152.

PERSON, R.F. 1996. In conversation with Jona: conversation analysis, literary criticism, and the Book of Jona. Sheffield: Sheffield Academic Press. 204 p.

PIETERSE, H.J.C. 1993. Praktiese Teologie as praktiese wetenskap binne die teologiese fakulteit. *Praktiese Teologie in Suid Afrika*, 6(2):249-254.

POTGIETER, J.H. 1991. ʼn Narratologiese ondersoek van die boek Jona. Pretoria: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

REYMOND, R.L. 1998. A new systematic theology of the Christian faith. Tennessee: Thomas Nelson Inc. 1210 p.

SCHULZE, L.F. 1988. Geloof deur die eeue. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery 259 p.

SPANGENBERG, I.J.J. 1996. Die Ned. Geref. Kerk, die boek Jona en religieuse pluralisme. (Referaat: Pretoria, Unisa.)

SPANGENBERG, I.J.J. 1998. Perspektiewe op die Bybel. Pretoria: Van Schaik. 137 p.

SPANGENBERG, I.J.J. 2003. Teologie op die markplein. Pretoria: Powell Bybelsentrum. 109 p.

SPANGENBERG, I.J.J. 2004a. Die geboorteverhaal van die historiese Jesus. http://www.nuwe-hervorming.org.za/wiki/historiese-jesus-kersfees. Datum van gebruik: 22 Mei 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2004b. Die Maagdelike geboorte. http://www.nuwe-hervorming.org.za/wiki/maagdelike-geboorte. Datum van gebruik: 14 Junie 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2004c. Die drie eenheid in ŉ ander baadjie. http://www.nuwe-hervorming.org.za/wiki/drie-eenheid-ander-baadjie. Datum van gebruik: 12 Julie 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2004d. Izak J.J Spangenberg. http://www.nuwe-hervorming.org.za/wiki/izak-jj-spangenberg. Datum van gebruik: 18 November 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2004e. Is die Bybel letterlik "God se Woord"? http:// www.nuwe-hervorming.org.za/wiki/bybel-letterlik-god-se-woord. Datum van gebruik: 15 Julie 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2004f. Kerklike venyn het my laat loop. *Kerkbode:* 11 Junie. http://www.kerkbode.co.za/kerkbode/berig.asp?id=249. Datum van gebruik: 3 Maart 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2004g. Teoloog "klaar met NG Kerk dogmas" *Die Beeld*: 5, 20 Maart. http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2004/03/20/B5/05/06.html Datum van gebruik: 1 Maart 2009.

SPANGENBERG. I.J.J. 2004h. Jesus se hellevaart en opstanding. http//www.nuwe-hervorming.org.za/wiki/jesus-se-hellevaart-opstanding. Datum van gebruik: 16 November 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2004i. Die Hemelvaart en Wederkoms. http://www.nuwe-hervorming.org.za/wiki/hemelvaart-wederkoms. Datum van gebruik: 18 Desember 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2004j. Die dogma van die erfsonde. http://www.nuwe-hervorming.org.za/wiki/dogma-erfsonde. Datum van gebruik: 2 Januarie 2010.

SPANGENBERG, I.J.J. 2005a. Die dogma oor die kruisdood van Jesus. *Die Beeld*: 5, 20 Maart. http://152.111.1.88/argief/beeld/2004/03/20/B5/05/06.html. Datum van gebruik: 23 Februarie 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2005b. Kosmologie, Geologie en Teologie. http://www.nuwehervorming.org.za/wiki/kosmologie-geologie-teologie. Datum van gebruik: 20 Julie 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2005c. Maak die drie-eenheid vandag nog sin? http://www.nuwe-hervorming.org.za/wiki/maak-drie-eenheid-vandag-nog-sin. Datum van gebruik: 8 Julie 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2007a. Can a major religion change? Reading Genesis 1-3 in the twenty-first century . *Verbum et Ecclesia,* 259-279. Beskikbaar: Sabinet. Datum van gebruik: 2 Maart 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2007b. Die tradisionele Christelike mensbeskouing. http://www.nuwe-hervorming.org.za/wiki/tradisionele-christelike-mensbeskouing. Datum van gebruik 2 Maart 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2007c. Post-moderne Bybelwetenskappe en die Christelike godsdiens-kanttekeninge by die boek Geloof sonder sekerhede: Besinning vir eietydse gelowiges. *Nederduits Gereformeerde Teologiese tydskrif:* 188-201, 2 Maart. Beskikbaar: Sabinet. Datum van gebruik 2 Maart 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2007d. Prof I.J.J. Spangenberg. http://www.unisa.ac.za/Default.asp?Cmd=ViewContent&ContentID=18689. Datum van gebruik: 5 Maart 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2008. Kerkleiers moet ophou om Bybel te laat buikspreek. *Beeld:* 3, 10 Nov. http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2008/11/10/Bj/3/bhoof3.html. Datum van gebruik: 16 Maart 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2009a. Charles Darwin en die Christelike geloof. http://www.nuwe-hervorming.org.za/wiki/charles-darwin-christelike-geloof-1809-2009. Datum van gebruik: 29 Julie 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2009b. Was Jesus 'n buite-egtelike kind? http://www.nuwe-hervorming.org.za/node/446/1520. Datum van gebruik: 15 Julie 2009.

SPANGENBERG, I.J.J. 2009c. Jesus van Nasaret. Kaapstad: Griffel Media. 381 p.

SPANGENBERG, I.J.J. 2010. Nuwe Hervorming, nuwe humanisme, nuwe spiritualiteit. http://www.nuwe-hervorming.org.za/?q=wikki/nuwe-hervorming-nuwe-humanisme-nuwe-spiritualiteit. Datum van gebruik: 2 Julie 2010.

SPANGENBERG, I.J.J. 2011. Niks leef voort na die dood. *Bylaag by die Beeld*: 2, 2 Februarie. Datum van gebruik 15 Mei 2011.

STRAUSS, D.F.M. 2005. Relativity and relativism: historical and systematic considerations. *Acta academica*. P. 33-42.

SUGGIT, J. 1997. The gospel and the gospels. Cape Town: Celebration of faith.

SULLIVAN, C. 2002. Rescuing Jesus from the Christians. Harrisburg: Trinity Press.

THERON, P.F. 1978. Die Ekklesia as kosmies-eskatologiese teken. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

TRIBLE, P. 1994. Rhetorical criticism: context method and the book of Jona. Minneapolis: Fortress Press. 264 p.

VAN AARDE, A. 2004. Skrifbeskouing in die lig van post-moderniteit. Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap Universiteit van Pretoria: HTS 60 1&2

VAN DER MERWE, P. 2005. Nuwe Hervorming Netwerk - 'n nuwe verhaal: Inleiding en agtergrond. http://www.nuwe-hervorming.org.za/wiki/nuwe-hervorming-netwerk-nuwe-verhaal. Datum van gebruik: 20 Maart 2009.

VAN DER WALT, B.J. 2007. Die historiese agtergrond van die post-moderne visie op normatiwiteit en op Christelike lewensvisie. *Koers*, 72(4):549-581.

VAN DER WALT, N. 2009. TA0012 *Post-modernisme*. http://www.reformed.org.za/artikels/289-ta0012-post-modernisme .html. Datum van gebruik: 25 Januarie 2010.

VAN NIEKERK, A.A. 2005a. Die tyd van sekerheid is verby. *Rapport*, p. 19. 11 Des.

VAN WYK, A. 2010. Nuwe Hervorming – ja of nee? *Die Kerkblad*, 112(3231):8-10, Januarie.

VAN ZYL, A. 2008. Die dood van waarheid (Post-modernisme*)*. http://www.antwoord.org.za/node/11. Datum van gebruik: 28 Januarie 2010.

VILJOEN, F.P. 2005. Die "Nuwe Hervorming" en die leer oor die opstanding uit die dood. *Die Kerkblad*, 107(3173):18-19, Maart.

WARD, G., ed. 2001. The Blackwell companion to post-modern theology. Malden: Blackwell.

WEBER, G. 1998. I believe. I doubt. Notes on Christian experience. London: SCM.

WILES, M. 1999. Reason to believe. London: SCM.